<b>Baccalaureus Gesondheidswetenskappe in Biokinetika / Bachelor of Health Sciences in Biokinetics (4jr/ yrs)</b>  *Biokinetika / Biokinetics  <b>SAQA ID: 97936</b>  <b>NUWE KWALIFIKASIE – INNAME VANAF 2018</b>	Aansoeke sluit 30 Junie. Laat aansoeke kan op meriete oorweeg word. / Applications close 30 June. Late applications may be considered on merit.  Wiskunde ten minste op vlak 3 (40-49%) EN Fisiese Wetenskap OF Lewenswetenskap op ten minste vlak 4 (50-59%). / Mathematics at least level 3 (40-49%) AND Physical Science OR Life Sciences at least level 4 (50-59%).  Studente moet voor aanvang van studies in Biokinetika sy/haar mediese geskiktheid vir die fisiese komponent van die kursus bepaal. / Students should, prior to starting the course in Biokinetics, has his/her medical fitness for the course determined.	26	Ja/Yes	Voltyds	8

**Nota rakende programme met Voeding as tweede hoofvak:** As gevolg van die Raad vir Gesondheidsprofessies in Suid-Afrika (Health Professions Council of South Africa) se nuwe reëls aangaande Voedingkunde registrasie, is sekere kurrikula met voeding as 'n hoofvak vanaf 2013 uitgefaseer en sal studente slegs die kurrikula kan volg wat studente in staat sal stel om na suksesvolle voltooiing by die Raad te kan registreer

### **G.1.2.5 Registrasie**

Registrasie is die voorgeskrewe voltooide proses wat 'n student deurloop het om as student van die Universiteit te regstreer, wysig of te kanselleer (Algemene Reëls 2.3.1 en 2.3.6).

### **G.1.2.6 In- en uitfasering van programme / kurrikulum**

Die direkteur van elke betrokke skool, in oorleg met die vakvoorsitters / programleiers, reik waar nodig oorgangsreëls uit ten einde die oorgang van bestaande programme na nuwe programme moontlik te maak.

Indien die kurrikulum waarvoor 'n student in 'n voorafgaande jaar geregistreer het in hierdie jaarboek gewysig is, sal die student se kurrikulum aangepas word om in ooreenstemming te wees met die weergawe in hierdie jaarboek. Indien enigsins moontlik sal aanpassings so gedoen word dat 'n student se studielas nie daardeur verswaar word nie.

### **G.1.2.7 Modules en krediete**

- a) Vakke word aangebied volgens modules waaraan bepaalde kredietwaardes toegeken is.
- b) Modules het 'n kode en 'n beskrywende naam, byvoorbeeld PSYC111.
- c) Modules dra elkeen 'n bepaalde "gewig" bekend as 'n krediet.
- d) Elke module moet afsonderlik geslaag word.

### **G.1.2.8 Verhouding tussen krediete en onderrigperiodes**

As algemene reël geld die volgende:

Vir die eerste drie semesters (twee semesters opvlak een en die eerste semester van vlak 2) is die maksimum aantal teorieperiodes vir elke 8 / 12 kredietmodules twee periodes per week. Vir 'n 16 kredietmodule is die maksimum aantal teorieperiodes vier per week.

Vir alle daaropvolgende semesters is die maksimum aantal teorieperiodes vir elke 8 / 12 kredietmodules een periode per week. Vir 16 en 24 kredietmodules is die maksimum aantal teorieperiodes respektiewelik 2 en 3 per week.

### **G.1.2.9 Inskrywing volgens rooster**

'n Student word nie toegelaat om vir 'n module in te skryf indien daar ooreenkomsdig die standaard lesing-, toets- en eksamenrooster 'n roosterbotsing ten opsigte van 'n ander module waarvoor die student ingeskryf is, voorkom nie. Indien botsings by 'n student se voorgenome keuse voorkom, is die betrokke kombinasie ontoelaatbaar.

### **G.1.2.10 Gelyktydige registrasie aan meer as een instelling**

'n Student mag nie gelyktydig aan die Universiteit en 'n ander hoëronderwysinstelling geregistreer wees sonder die skriftelike toestemming van die betrokke kampusregister, verleen op aanbeveling van die betrokke dekaan en met instemming van die ander instelling nie (Algemene Reël 1.3.2).

### **G.1.2.11 Gelyktydige registrasie vir meer as een kwalifikasie**

- a) 'n Student mag nie gelyktydig vir meer as een kwalifikasie binne die Universiteit geregistreer wees sonder voorafverkreeë skriftelike toestemming van die betrokke kampusregister, verleen op aanbeveling van die betrokke dekaan of dekane nie (Algemene Reël 1.3.3);
- b) 'n student se aansoek vir die gelyktydige registrasie van meer as een kwalifikasie sal op grond van merieteoorweg word indien hoogstens twee modules uitstaande is alvorens die eerste kwalifikasie verwerv kan word en ander programvereistes asook vereistes van

Statutêre Rade, in aanmerking geneem is:

- c) studente wat vir die Nagraadse Onderwyssertifikaat (NGOS) gelyktydig saam met die eerste voorgraadse kwalifikasie in Fakulteit Gesondheidswetenskappe wil regstreer, word aan die volgende fakulteitsreëls onderwerp:
  - i) indien hoogstens twee modules van die eerste kwalifikasie uitstaande is alvorens kwalifikasie verwerf kan word en die betrokke kwalifikasie/program sluit reeds die voorvereiste skoolgerigte modules met die oog op toelating tot NGOS in, of indien die student gedurende sy studies die nodige voorvereiste modules met die oog op toelating tot NGOS bykomend geregistreer en geslaag het, kan die student volgens fakulteitsriglyne aansoek om gelyktydige registrasie vir meer as een kwalifikasie doen;
  - ii) indien hoogstens twee modules van die eerste kwalifikasie uitstaande is alvorens kwalifikasie verwerf kan word en die betrokke kwalifikasie/program sluit nie die voorvereiste skoolgerigte modules met die oog op toelating tot NGOS in nie, of die student het gedurende sy studies nie die nodige voorvereiste modules met die oog op toelating tot NGOS bykomend geregistreer en geslaag nie, kan die student nie aansoek om gelyktydige registrasie vir meer as een kwalifikasie doen nie. Die student kan dan slegs die twee uitstaande modules vir die eerste kwalifikasie regstreer en aansoek doen om die bykomende voorvereiste skoolgerigte modules met die oog op toelating tot NGOS;
- d) geen modules mag roosterbotsings hê nie;
- e) die praktika van NGOS of die tweede kwalifikasie mag nie voorrang bo die klasbywoning en praktika van modules van die eerste kwalifikasie geniet nie; en
- f) 'n student moet 'n amptelike versoek rig en beide fakulteite, waar van toepassing, se goedkeuring vir gelyktydige registrasie van twee kwalifikasies moet verkry word.

#### **G.1.2.12 Registrasie vir bykomende modules**

'n Student kan in enige studiejaar, benewens die vereiste modules van die betrokke kurrikulum, bykomende modules neem ooreenkomsdig die bepalings in subparagraphe onder Algemene Reël 2.3.4.

#### **G.1.2.13 Module-erkennung en –vrystelling**

- a) Algemene Reël 2.3.2 is van toepassing.
- b) In die geval van Algemene Reël 2.3.2.4 geld die fakulteitsreël, naamlik 'n beperkte tyd van 5 jaar word gestel. Versoeke om module-erkennings/-vrystellings langer as die genoemde tydperk sal op grond van meriete oorweeg word.
- c) Studente kan nie erkenning ontvang vir FLGX114 op grond van FLGX113 of FLPX113 wat reeds geslaag is, of andersom nie.
- d) Studente kan nie erkenning ontvang vir FLGX124 op grond van FLGX123 of FLPX123 wat reeds geslaag is, of andersom nie.
- e) Studente kan nie erkenning ontvang vir FLPX113 op grond van FLGX113 of FLGX114 wat reeds geslaag is, of andersom nie.
- f) Studente kan nie erkenning ontvang vir FLPX123 op grond van FLGX123 of FLGX124 wat reeds geslaag is, of andersom nie.

#### **G.1.2.14 Verklaring van die voorvereistes in die lys van modules**

- a) Die voorvereistes van modules word in die modulelys in G.15 van hierdie jaarboek aangedui. Die voorvereistes van skakelmodules in ander fakulteite wat deel uitmaak van die onderskeie programme word ook in die lys aangedui.

- b) Die module-uitkomste word in G.16 van hierdie jaarboek aangedui.
- c) Jaarmodules word in die eerste semester geregistreer.
- d) 'n Student mag vir 'n module registreer slegs nadat hy/sy voldoen het aan die voorvereistes soos wat in die lys van modules gestel word. In die kolom met die oopskrif "Voorvereistes" beteken (Algemene Reël 2.3.3):
  - i) **(35DP óf 40DP)** dat 'n **deelnamepunt** van minstens 35% / 40% in die aangeduide module vereis word ten einde vir die betrokke module waarvoor dit 'n vereiste is, te mag registreer;
  - ii) **(40)** dat 'n **modulepunt van minstens 40%** in die aangeduide module vereis word ten einde vir die betrokke module waarvoor dit 'n vereiste is, te mag registreer (Algemene Reël 2.3.3.1);
  - iii) **geen syfer tussen hakies** dat '**n modulepunt van minstens 50%** in die aangeduide module vereis word ten einde vir die betrokke module waarvoor dit as vereiste gestel is, te mag registreer (Algemene Reël 2.3.3.2).
- e) Behalwe waar fakulteitsreëls by die betrokke programme anders bepaal, mag 'n student wat vir 'n graad geregistreer is wat tot professionele of statutêre registrasie lei, slegs vir finalejaarmodules registreer indien al die voorafgaande modules geslaag is (Algemene Reël 2.3.3.4).

#### **G.1.2.15 Samestelling van 'n deelnamepunt**

- a) Die deelnamepunt vir 'n module word saamgestel op grond van die punte wat behaal word vir toetse, opdragte, praktiese- en/of navorsingsopdragte.
- b) Die verhouding tussen teorie en praktiese werk vir die berekening van die deelnamepunt vir modules, is soos uiteengesit in die betrokke modules se studiegids.

#### **G.1.2.16 Eksamengeleenthede**

Die eksamengeleenthede en verbandhoudende reëls geskied in ooreenstemming met Algemene Reël 2.4.4.

#### **G.1.2.17 Toelating tot die eksamen**

- a) Toelating tot die eksamen in enige module geskied deur die verwerwing van 'n deelnamepunt en/of deelnamebewys (Algemene Reël 2.4.2).
- b) 'n Deelnamebewys, wat toelating tot die eksamen verleen, sal slegs aan 'n student uitgereik word indien hy/sy tot die bevrediging van die skooldirekteur, in oorleg met die betrokke vakvoorsitter / programleier:
  - i) 'n deelnamepunt van minstens 35% vir eerstevlakmodules en 40% vir tweede-, derde- en vierdevlak modules behaal het, tensy ander spesifieke vereistes vir 'n betrokke module vereis word en in die studiegids aangedui is;
  - ii) vir Dieetkunde en Voedingkunde 'n deelnamepunt van minstens 50% vir al die modules in die vierdejaar behaal het;
  - iii) waar van toepassing, die praktiese werk wat vir die module vereis word, voltooi het;
  - iv) vir praktiese modules in Verpleegkunde, Dieetkunde en Voedingkunde 'n deelnamepunt van minstens 50% behaal het; en
  - v) voldoen het aan die vereistes vir die betrokke module wat in die studiegids sowel as by die module-uitkomste in hierdie jaarboek by G.16 uiteengesit is.
- c) Die deelnamepunt en/of deelnamebewys van die student wat vir 'n module verwerf is vir die eerste eksamengeleenthed, word netso oorgedra na die tweede eksamengeleenthed (Algemene Reël 2.4.4.3).

#### **G.1.2.18 Verhouding tussen kredietpunte en eksamenvraestelle**

Die eksamenvraestel vir 'n 12 kredietpunt module duur gewoonlik twee ure en die eksamenvraestelle van modules wat 16, 24 of 32 kredietpunte tel, duur gewoonlik drie ure.

#### **G.1.2.19 Moderering van modules, vraestelle en antwoordstelle**

Algemene Reëls 1.1.1 en 2.4.1 is van toepassing asook fakulteitsreëls waar Statutêre Rade se vereistes gestel is.

#### **G.1.2.20 Berekening van modulepunt**

Die modulepunt (Algemene Reël, voetnota 5) word bereken volgens die verhouding tussen die deelnamepunt en die eksamenpunt soos uiteengesit in die studiegidse en module-uitkomste by G.16 in die jaarboek.

#### **G.1.2.21 Subminimum vir eksamen**

- a) Die subminimum vir alle modules waarin eksamen geskryf is, is 40% (Algemene Reël 2.4.3.3), behalwe waar anders vermeld word in die reëls van spesifieke programme en kurrikulums.
- b) Die eksamen subminimum vir alle praktiese modules in Verpleegkunde-, Dieetkunde en Voedingkunde modules is 50% (Algemene Reël 2.4.3.3).

#### **G.1.2.22 Slaagvereistes van 'n module en kurrikulum**

- a) Die bepalings van Algemene Reël 2.4.3 en al die subparagrawe is van toepassing.
- b) Die slaagvereiste vir 'n module waarin eksamens geskryf is, is 'n modulepunt van 50% (Algemene Reël 2.4.3.1).
- c) Oorweging vir die aanpassing van die modulepunt van 'n eerstesemester-module waarin eksamen geskryf is maar nie geslaag is nie, geskied volgens die bepalings van Algemene Reëls 2.4.3.2 en 2.4.3.4.
- d) 'n Kurrikulum word geslaag deur al die modules waaruit die kurrikulum saamgestel is afsonderlik te slaag (Algemene Reël 2.5.1).
- e) Ooreenkomsdig Algemene Reël 2.4.4.5 mag 'n student wat ná benutting van een of beide die eksamegeleenthede alle modules wat vir 'n kwalifikasie vereis word, behalwe een, geslaag het, by die betrokke dekaan aansoek doen om 'n finale assesseringsgeleenthed in die uitstaande module, met dien verstande dat die student in daardie akademiese jaar vir die betrokke module geregistreer was en 'n deelnamepunt behaal het wat hom/haar tot die eksamen toegelaat het.
- f) Ten einde 'n module te slaag, moet aan die betrokke eksamensubminimum voldoen word asook 'n modulepunt van ten minste 50% behaal word (Algemene Reël 2.4.3.1).
- g) Algemene Reël 2.5.2 reël die vereistes om 'n module / kurrikulum / kwalifikasie met onderskeiding te slaag. Die fakulteitsreël bepaal dat indien die gemiddelde punt na berekening op 74% staan, die punt op grond van meriete na 75% gekondoneer kan word.

#### **G.1.2.23 Toegang tot gemerkte eksamenwerk**

- a) 'n Student mag by die skooldirekteur amptelik aansoek doen om insae in die antwoordstel asook die memorandum te verkry (Algemene Reël 2.4.9).
- b) Versoeke word op die volgende voorwaardes toegestaan:
  - i) die student mag die antwoordstel in die teenwoordigheid van die betrokke dosent en die vakvoorsitter sien;
  - ii) die dosent kan die probleemareas vir die student uitlig;

- iii) optelfoute sal bygereken word en vrae wat moontlik per abuis nie nagesien is nie sal nagesien en bygereken word;
- iv) geen antwoordstelle word hermerk nie;
- v) die student mag steeds van die tweede eksamegeneleentheid gebruik maak al is toegang tot gemerkte eksamenwerk verleen; en
- vi) aansoek om insae in antwoordstelle te verkry moet binne 'n maksimum tydperk van 5 werksdae nadat punte beskikbaar gemaak is, gedoen word.

#### **G.1.2.24 Herhaling van modules**

- a) Indien 'n student die eksamen in 'n bepaalde module druip, word die module volledig herhaal, behoudens moontlike uitsonderings waarvoor die Algemene Reël 2.4.5 en die fakultetsreëls voorsiening maak.
- b) Indien 'n module gedruip is, moet die student weer vir die betrokke module registreer en 'n nuwe deelnamepunt opbou. Deelnamepunte / deelname-bewyse word nie van een jaar na 'n volgende jaar oorgedra nie.
- c) Praktiese vrystelling sal op grond van meriete oorweeg word (Algemene Reël 2.3.2.5).
- d) Fakulteit Gesondheidswetenskappe is nie ten gunste van klasvrystelling nie. Algemene Reël 2.3.2.6 sal slegs op grond van meriete oorweeg word.
- e) In die geval waar studente in 'n bepaalde jaarvlak van 'n kurrikulum een of meer modules uit een of meer vorige jaarvlakke van 'n kurrikulum moet herhaal, geld die volgende:
  - i) die totale kredietpunte van die modules wat 'n student, wat ook modules moet herhaal, in enige semester op enige jaarvlak mag neem, word beperk in ooreenstemming met die Algemene Reëls 2.3.4.3 en 2.3.4.4;
  - ii) die fakulteit kan nie onderneem dat modules wat herhaal moet word saam met die ander modules wat geneem moet word, op die rooster sal inpas nie;
  - iii) roosterbotsings wat ontstaan as gevolg van modules wat herhaal moet word, sal tot gevolg hê dat die student daardie modules in 'n latere jaar moet neem;
  - iv) indien 'n student modules van 'n bepaalde jaarvlak van die kurrikulum waarvoor hy/sy ingeskryf is, nie in die minimum voorgeskrewe studietylperk voltooi het nie en die modules van die betrokke jaarvlak van dié kurrikulum is intussen gewysig, mag die dekaan beslis dat die student die betrokke jaarvlak moet voltooi soos gepubliseer in die jongste uitgawe van die jaarboek. Dit kom daarop neer dat indien die student 'n module moet herhaal wat intussen in die kurrikulum deur 'n ander module vervang is, die dekaan mag beslis dat die student laasgenoemde module moet neem.

#### **G.1.2.25 Onbevredigende akademiese vordering**

'n Student kan formele waarskuwingsbrieve ontvang indien akademiese prestasie onbevredigend is (Algemene Reël 2.4.7).

#### **G.1.2.26 Beëindiging van studies**

Die studie van 'n student kan beëindig word op grond van Algemene Reël 2.4.8.

##### **G.1.2.26.1 Beëindiging van studies - volgehoue onbevredigende akademiese prestasie**

Die dekaan kan aanbeveel dat 'n student se studies beëindig word, waar 'n student reeds formele akademiese waarskuwings van die fakulteit ontvang het en volgehoue swak akademiese prestasie toon in die fakulteit se onderskeie programme waarvoor die student ingeskryf was (Reël 2.4.7.2). Beëindiging van studies kan plaasvind indien 'n student nie die

voorwaardes wat gestel word vir voortsetting van studies binne enige van die programme, nagekom het nie (Reël 2.4.8.1).

#### **G.1.2.27 Ander fakulteitsreëls**

Ander spesifieke fakulteitsreëls wat slegs op 'n betrokke program of kurrikulum van toepassing is, word by daardie program in die jaarboek aangedui.

##### **G.1.2.27.1 Werkgeïntegreerde leer**

Werkgeïntegreerde leer vereis addisionele koste wat self deur studente gedra moet word. Die kostes is nie by klasgelde ingereken nie.

##### **G.1.2.27.2 Immunisering**

Sommige programme vereis dat studente self voorsorg rakende immunisering moet tref. Die kostes is nie by klasgelde ingereken nie.

##### **G.1.2.27.3 Vervoer**

Met die oog op praktiese werk veral in die professionele rigtings, word daar sterk aanbeveel dat die student oor 'n bestuurderslisensie sal beskik. Die Universiteit kan veral nie waarborg dat daar 'n plasing vir byvoorbeeld die mini-internskap waarvan toepassing in die onderskeie programme gevind sal kan word vir studente wat nie aan hierdie verwagting voldoen nie.

##### **G.1.2.27.4 Registrasie by Statutêre Rade**

Inligting rakende vereiste registrasie by die onderskeie Statutêre Rade word by die betrokke programme in die jaarboek aangedui.

#### **G.1.3 ERKENNING VAN VORIGE LEER**

Die Noordwes-Universiteit aanvaar die beginsel onderliggend aan uitkomsgerigte, brongebaseerde en lewenslange leer, waarin oorwegings van artikulasie en mobiliteit 'n betekenisvolle rol speel, en onderskryf die siening dat erkenning van vorige leer, hetsy dit in formele onderrigprogramme by hierdie of 'n ander instelling, of informeel (deur ervaring) opgedoen is, 'n onontbeerlike element by die besluit oor toelating tot en kredietverlening met die oog op plasing binne 'n uitdruklik gekose onderrigleerprogram van die Universiteit uitmaak.

By die erkenning van vorige leer handel dit oor die bewysbare kennis en leer wat 'n aansoeker opgedoen het, hetsy deur formele onderrigprogramme te deurloop, of deur ervaring. Te alle tye sal die vraag wees watter vlak van vaardigheid bereik is, beoordeel in die konteks van die uittreevlakvaardighede wat vereis word vir die beoogde onderrigleerprogram of modules daarbinne, of status waarvoor die aansoeker aansoek doen, en nie bloot om die ervaring wat 'n aansoeker kan boekstaaf nie. Erkenning van vorige leer geskied dus in terme van die toegepaste bevoegdhede wat die aansoeker in die aansoek gedemonstreer het, met inagneming van die uittreeuitkomste wat met die gekose onderrigleerprogram bereik moet word.

Die Noordwes-Universiteit aanvaar dat die erkenning van vorige leer binne die normale, bestaande beleid oor die toelating van kredietverlening aan voornamele of bestaande studente – hetsy van hierdie of 'n ander instelling – op 'n geldige, betroubare en billike wyse kan en moet geskied.

Vir die hantering van 'n aansoek om erkenning van vorige leer is daar 'n nie-terugbetaalbare administratiewe fooi wat van tyd tot tyd deur die Universiteit bepaal word, betaalbaar.

Die proses vir erkenning van vorige leer is in Algemene Reël 1.1.1 gestel.

#### **G.1.4 EVALUERING VAN AKADEMIESE GELETTERDHEID**

- a) Alle voorgraadse studente wat vir die eerste keer aan die Universiteit regstreer, moet hulle op 'n tyd en plek wat deur die Universiteit bepaal word, aanmeld vir 'n verpligte vaardigheidstoets in akademiese geletterdheid ten einde hulle vermoë om in 'n akademiese omgewing te funksioneer, te evaluateer. Die doel van die toets is om studente te identifiseer wat vanweë onvoldoende akademiese vaardighede die risiko loop om hulle studieprogram nie suksesvol binne die toegelate tydperk te voltooi nie.
- b) Studente besluit self of hulle die verpligte vaardigheidstoets in Afrikaans of in Engels wil aflê. Met die uitsondering van studente wat deur die toets as grensgevalle uitgewys word, kry elke student slegs een geleenthed om die toets af te lê. Studente wat as grensgevalle beskou word, kry 'n tweede geleenthed. Dit is die student se verantwoordelikheid om hom-/haarself binne 14 dae na aflegging van die toets van die toetsuitslag te vergewis, en vir die korrekte module in die korrekte semester te regstreer.
- c) Studente wat deur die toets as risikogevalle geïdentifiseer word, moet vir die module AGLA111 [Afrikaans] of AGLE111 [Engels] regstreer, afhangend van die taal waarin hulle die verpligte vaardigheidstoets afgelê het. Hierdie modules word nie vir kredietdoeleindes van kurrikulums in berekening gebring nie, maar die krediete wat hiermee verdien word, word as addisionele krediete gerekken.
- d) Vir toelating tot die eksamen in AGLA111 / AGLE111 word 'n deelnamepunt van 35% vereis. Studente wat nie tot die eksamen in AGLA111 / AGLE111 toegelaat word nie of die eksamen daarin druijp en tesame daarmee twee of meer ander modules ook druijp, se studievoortsetting in die daaropvolgende semester word deur die Keurkomitee heroorweeg. AGLA111/AGLE111 moet laastens aan die einde van die tweede historiese jaar geslaag word om die terminering van studies te voorkom.
- e) Vir toelating tot die module AGLA121 / AGLE121, wat vir alle studente wat die eerste keer aan die Universiteit regstreer, verpligtend is, moet 'n student wat verplig is om eers AGLA111 / AGLE111 te volg, 'n modulepunt van minstens 40% in AGLA111 / AGLE111 verwerf. Die modules AGLA121 / AGLE121 het 'n gewig van 12 krediete wat deel vorm van die kurrikulum waarvoor die student regstreer en moet geneem word in die taal waarin die verpligte vaardigheidstoets en AGLA111 / AGLE111 geneem is.
- f) AGLA/E121 bestaan uit drie vraestelle, naamlik Akademiese Geletterdheid, Rekenaar- en Inligtingvaardighede en Leesvaardigheid. Daar is 'n subminimum in elk van die drie afdelings. Die student moet al drie afdelings binne die semester waarin hy/sy vir die module geregistreer het, slaag om die module te kan slaag.
- g) Studente wat die module AGLA111 / AGLE111 gedruip het, maar wel tot AGLA121 / AGLE121 toegelaat is en die eksamen daarin geslaag het, se uitslag van AGLA111 / AGLE111 kan deur die betrokke skooldirekteur tot 'n slaagpunt gekondoneer word.
- h) Studente wat reeds 'n module [s] / kursus[se] soortgelyk aan AGLA111, 121 / AGLE111, 121 aan 'n ander inrigting suksesvol afgelê het en bewys daarvan kan lewer, kan skriftelik by die Hoof van die Sentrum vir Akademiese en Professionele Taalpraktyk aansoek om erkenning daarvan doen.

#### **G.1.5 REËLS VIR DIE NAGRAADSE ONDERWYSSERTIFIKAAT (NGOS)**

Vir volledige reëls raadpleeg die Jaarboek van Fakulteit Opvoedingswetenskappe.

Die NGOS dien as 'n verdere professionele kwalifikasie vir kandidate wat 'n 360- of 480-krediet Baccalaureusgraad voltooi het en tot die onderwysprofessie wil toetree. Met hierdie sertifikaat mag 'n onderwyser vanaf Graad 7 tot 12 onderrig gee.

## Duur van studie

Die minimumduur van die studie is een (1) jaar en die maksimumduur is twee (2) jaar.

## TOELATINGSVEREISTES VIR DIE KWALIFIKASIE

- a) 'n Eerste universiteitsgraad met twee erkende skoolvakke of 'n erkende kwalifikasie wat in totaal uit 360 krediete bestaan en wat minstens **twee** erkende skoolvakke insluit soos aangedui.
- b) Studente moet ook in staat wees om twee (2) metodike te kan neem ten einde die kwalifikasie te verwerf. Die samestelling in die graadkursus moet die volgende wees: ('n Erkende skoolvak is 'n vak wat in die amptelike lys van skoolvakke van die Departement van Basiese Onderwys opgeneem is.)
  - i) Erkende skoolvak/leerarea op vlak 3 + erkende skoolvak/leerarea op vlak 1;
  - ii) In die geval van 'n keuse tussen metodiek van akademiese vakke reeds geslaag vir 'n vorige kwalifikasie moet die student die twee neem waarin hy/sy die hoogste gekwalifiseer is.

## Uitsonderings

- c) 'n Student wat **Lewenswetenskappe** as metodiek wil neem moet een van **Plantkunde, Dierkunde of Fisiologie** op graadvlak 3 hê en 'n ander op vlak 2.
- d) 'n Student wat **Fisiесewetenskap** as metodiek wil neem moet een van Chemie of Fisika op graadvlak 3 vir toelating tot die NGOS aanbied en die ander ten minste op graadvlak 1. As alternatief kan Chemie en Fisika beide op graadvlak 2 vir toelating aangebied word.
- e) 'n Student wat die metodiek van **Wiskunde** wil neem, moet Wiskunde op vlak 2 geslaag het, andersins kan Wiskunde op vlak 1 saam met een van die volgende op vlak 2 aangebied word: Statistiek, Wiskundige Statistiek, Toegepaste Wiskunde, Finansiële Wiskunde.
- f) 'n Student wat die Metodiek van **Lewensoriëntering** wil neem, moet **Sielkunde** en een van die volgende vakke op graadvlak geneem het: Sosiologie, Politieke Studies, Menslike Bewegingskunde, Arbeid -en Industriële studies, Filosofie en Voeding. Die student moet dan steeds ook 'n tweede skoolvak op graadvlak geneem het vir die tweede metodiek.
- g) 'n Student wat die Metodiek van enige **taal** wil neem, moet dit ten minste op graadvlak 3 geslaag het.
- h) Studente wat nog nie hulle eerste graad voltooi het nie, kan by uitsondering toegelaat word. Studente moet spesial daarvoor aansoek doen by die Direkteur. (Sien G.1.2.9 van hierdie jaarboek wat betref die fakultetsreëls vir Fakulteit Gesondheidswetenskappe).

## G.1.6 WAARSKUWING TEEN PLAGIAAT

Werkstukke is individuele take en nie groepaktiwiteite nie (tensy dit uitdruklik aangedui word as 'n groepaktiwiteit).

### G.1.6.1 Akademiese wangedrag

Akademiese wangedrag sluit plagiaat en akademiese oneerlikheid (afskryf tydens eksamens) in. Oneerlike akademiese optrede is 'n ernstige oortreding, ongeag of dit mondeling, deur optrede of op skrif plaasvind, tydens eksamens of in die konteks van ander vorms van evaluering soos opdragte, tesisse, verslae en publikasies. Die beleid van die Universiteit is dat geen vorm van akademiese oneerlikheid verdra sal word nie en indien enige sodanige optrede aangemeld of waargeneem word en die oortreder skuldig bevind word, sal hy of sy ingevalle die Universiteit se dissiplinêre beleide, reëls en prosedures gestraf word. Daar is

dus twee oorhoofse tipes akademiese wangedrag, nl:

### G.1.6.2 Plagiaat<sup>1</sup>

Plagiaat is die woord wat toegewys word aan 'n spesifieke soort akademiese oneerlikheid – die herhaling van iemand anders se woorde, of selfs die aanbied van iemand anders se gedagtegang asof dit jou eie is. Tradisioneel word plagiaat omskryf as die neem van woorde, beelde, idees, ens. van 'n skrywer en die aanbieding daarvan as jou eie. Dit kan op 'n verskeidenheid maniere manifesteer en word nie tot studente se geskrifte of gepubliseerde artikels of boeke beperk nie. Die knip en plak vanaf webblaiae word in hoër onderwys op sigself as plagiaat beskou indien die webblaiae nie behoorlik erken en aangehaal word nie. Wat ookal die bron van die materiaal of die beoogde uitkoms, plagiaat is kullery en onaanvaarbaar.

Wat nou as jy groot stukke werk kopieer EN aanhalingstekens gebruik met akkurate verwysings, asook jou eie mening daarvan koppel? Kan jy dit as "eie" werk beskou? Op dievlak van hoër onderwys word daar van jou verwag om jou eie stem en menings te ontwikkel en op ander mense se werk voort te bou, eerder as om daaragter te skuil. Dit sou dus as swak akademiese praktyk beskou word, maar nie as plagiaat nie.

Maak seker dat jy die definisie van plagiaat ten volle begryp en dat jy vertroud is met beleide en regulasies wat op plagiaat betrekking het. Hoewel plagiaat 'n ernstige akademiese oortreding is, is jy op die regte spoor as jy duidelik, versigtig en eerlik is. Moenie dat vrees vir plagiaat voorkom dat jy die ryk hulpronne wat beskikbaar is ten volle benut nie. Turnitin.com en Research Resources verskaf 'n kontrolelys om plagiaat te vermy.

Leer hoe om in die styl van jou dissipline te skryf. Jou skryfwerk moet JOU skryfwerk wees.

Leer om krities en onafhanklik te dink. Lesers stel in jou begrip van 'n idee belang. Skryf is 'n waardevolle oefening wat jou vermoë toets om 'n onderwerp te verduidelik. Dit is 'n belangrike deel van leer.

Gee altyd die nodige erkenning vir elke verwysings wat jy in jou skryfwerk gebruik. Enige eties verantwoordelike skrywer erken altyd die bydraes van ander en die bron van sy/haar idees.

Enige verbatim teks van 'n ander skrywer wat gebruik word, moet tussen aanhalingstekens geplaas en akkuraat aangehaal word.

Wanneer jy ander se werk parafraseer en/of opsom, gee die presiese betekenis van die ander skrywer se idees of feite in jou eie woorde en sinstruktuur weer.

Verantwoordelike skrywers het 'n etiese verantwoordelikheid teenoor lesers en die skrywers van wie hulle leen om ander se idees en woorde te respekteer en erkenning te gee aan diegene van wie hulle leen – en om waar moontlik hulle eie woorde te gebruik wanneer hulle parafraseer.

Die NIE 'n verskoning dat jy nie BEDOEL het om plagiaat te pleeg, of nie GEWEET het jy doen dit nie.

### G.1.6.3 Akademiese oneerlikheid (Afskryf tydens assesseringsgeleenthede soos toets- en eksamengeleenthede)

Die inname van notas (in geskrewe sowel as elektroniese formaat) na 'n toets- of eksamenlokaal (doelbewus of onbewustelik) is 'n oortreding geklassifiseer onder akademiese wangedrag. Jy mag geen notas of enige hulpmiddels (selfone en elektroniese media ingesluit)

<sup>1</sup> Die skrywer erken met dank die werk van die UK Centre for legal education, Pauline Ridley, University of Brighton, en die Universiteit van Pretoria se Plagiarism Prevention Policy oor die onderwerp van akademiese plagiaat.

in die toetslokaal inneem nie, behalwe dit wat uitdruklik en duidelik volgens die ekamenvoorskrifte toegelaat word (bv. 'n wiskundige sakrekenaar), en deur die eksamenafdeling skriftelik aan die toesighouer as opdrag gegee is. Maak dus seker voordat jy 'n toets of eksamen skryf, dat jy nie enige notas in jou besit het nie. Onkunde is nie 'n verskoning nie. Selfs al het jy nie die hulpmiddel(s) gebruik nie, word die besit daarvan tydens assessering in 'n ernstige lig gesien en sal daar teen jou opgetree word. Betree dus die toetslokaal met slegs die nodige en toelaatbare hulpmiddels, soos genoeg penne, potlood, uitveer, deursigtige (transparent) liniaal, sakrekenaar en plaas alles in 'n deursigtige (transparent) plastieksakkie.

**G.1.6.4 Straf vir oortredings, wat nie net beperk is tot die twee gevalle wat hierbo bespreek is nie, mag een of 'n kombinasie van die volgende insluit**

- uitsetting uit die Universiteit, met of sonder kennisgewing aan alle of spesifieke hoëronderwysinstellings en toepaslike beroeps- en professionele liggame;
- skorsing uit die Universiteit vir 'n tydperk, onderworpe aan die voorwaardes wat geregtig word op opvoedkundige gronde en aanvaarbaar is binne die institusionele kultuur van die Universiteit;
- permanente uitsetting/skorsing uit 'n koshuis, of weiering van toegang tot alle of sommige geboue, grond of dienste van die Universiteit of toelating slegs op spesifieke voorwaardes;
- opskorting van bywoning van klasse vir 'n bepaalde tydperk, in die geheel OF slegs met betrekking tot spesifieke kursuseenhede (modules);
- weiering van toelating tot enige eksamen of toetsgeleentheid, wat insluit die verbeuring van enige punte wat reeds verwerf is en die kansellering van enige module;
- oplegging van 'n boete, wat nie meer mag wees as die gelde betaalbaar deur die student vir die betrokke jaar nie;
- weiering van toelating tot die Universiteit vir 'n bepaalde tydperk, met of sonder kennisgewing aan alle of sommige hoëronderwysinstellings
- opheffing van spesifieke voorregte as 'n student, met of sonder voorwaardes wat geregtig is op opvoedkundige gronde en aanvaarbaar is binne die institusionele kultuur van die Universiteit;
- oplegging van enige ander straf, kombinasie van strawwe of opgeskorte straf, wat vanuit 'n opvoedkundige oogpunt en in ooreenstemming met die institusionele kultuur van die Universiteit, onder die omstandighede redelik en regverdig is, of
- 'n ernstige aanmaning en waarskuwing.

## **G.2 REËLS VIR DIE DIPLOMA IN SPORTKUNDE**

### **G.2.1 KWALIFIKASIE- EN PROGRAMKODE: 832 100 (VOLTYDS)**

Hierdie diploma word voltyds by die Potchefstroom-, Vaaldrifhoek- en Mafikengkampus aangebied met spesialisering in verskeie sportsoorte.

### **G.2.2 DUUR (MINIMUM EN MAKSUMUM DUUR)**

Die duur van die studie vir hierdie kwalifikasie is 'n **minimum van drie (3) jaar** en 'n **maksumum van vier (4) jaar**.

Verlenging van die studietylperk kan geskied kragtens die bepalings van Algemene Reël 2.4.6.

### **G.2.3 TOELATINGSVEREISTES VIR DIE KWALIFIKASIE**

Bykomend tot die Algemene toelatingsvereistes (Algemene Reëls 1.2.2, 1.2.3 en 2.2) en verdere toepaslike bepalings in Fakulteitsreëls G.1.2.1 en G.1.2.2, geld die volgende spesifieke toelatingsvereistes:

- a) die student moet in besit wees van 'n Nasionale Senior Sertifikaat uitgereik deur die Suid-Afrikaanse Sertifiseringsraad;
- b) 'n APS-telling van ten minste 16 is 'n vereiste vir die diploma;
- c) toelating tot die kursusprogram is aan voorafkeuring onderworpe wat deur die Skool vir Biokinetika, Rekreasie en Sportwetenskap in samehang met die toepaslike gespesialiseerde sportinstituut akademies gehanteer word.

\*Inligting is onderhewig aan verandering

### **G.2.4 FAKULTEITSPESIFIKE TOELATINGSVEREISTES**

'n Student wat vir die Diploma in Sportkunde wil registreer, moet vooraf sy/haar mediese gesiktheid daartoe laat vasstel.

### **G.2.5 PROGRAM: SPORTKUNDE**

Na voltooiing van die sportkundeprogram behoort studente kundigheid, vaardigheid, waarde en toegepaste bevoegdheid in verskeie aspekte van een spesifieke sport in 'n goedgedefinieerde en omlyne probleemoplossing en eksemplariese praktykgerigte scenario's of gevallenstudies te kan demonstreer en dit met die nodige teorieë en literatuurnavorsing te kan begrond.

#### **G.2.5.1 Kurrikulum: Sportkunde**

##### **G.2.5.1.1 Kurrikulumuitkomste**

Die doel van hierdie kurrikulum is om die student toe te rus met die nodige wetenskaplike kennis en spesifieke vaardighede, bevoegdhede, houdings en etiese ingesteldheid vir bepaalde beroepe binne die sportindustrie. Dit sal hulle in staat stel om persoonlik te groei, krities te kan dink, ekonomies selfstandig te kan praktiseer in hul areas van bevoegdheid en deur hul werk by te dra tot die ontwikkeling van die verskillende fasette van sport in 'n kultuur-diverse gemeenskap. Die kurrikulum is spesifiek ontwikkel om studente voor te berei en toe te rus vir verskillende loopbane in die rugby- en atletiekindustrie, dog het dit ook toepassingswaarde vir sommige loopbane in breër konteks van sport.

#### G.2.5.1.2 Fakulteitspesifieke reëls vir kurrikulum

- a) 'n Student moet eers die voorafgaande jaarvlak se module in MBXR geslaag het voordat hy/sy kan registreer vir die daaropvolgende jaarvlak se module.
- b) Die registrasie van addisionele graadmodules wat volgens die vereistes van Algemene Reël 3.2.4 toegelaat word, dien nie as enige waarborg dat sodanige student wel outomatisies vir toelating tot die graadkwalifikasie kwalifiseer nie. Studente moet formeel deur die toelatingskantoor vir toelating tot die graadstudie aansoek doen.

#### G.2.5.1.3 Samestelling van kurrikulum: Sportkunde

Kwalifikasie- en programkode: 832 100; Kurrikulumkode: G101P

JAARVLAK 1			JAARVLAK 2			JAARVLAK 3		
Eerste semester			Eerste semester			Eerste semester		
Modulekode	Kern	Kr	Modulekode	Kern	Kr	Modulekode	Kern	Kr
AGLA/E111#	A	-	MBWK216	X	8	MBWK218	X	8
MBWK112	X	12	MBXG114	X	8	MBXR217	X	8
MBXR112	H	12	MBXN211 OF MBXS211 OF MBXT211	X	8	MBXR218	H	16
MBXR114	X	12	MBXR214	X	8	MBXR219	X	8
			MBXR216	H	16			
Totaal 1 <sup>ste</sup> semester		36	Totaal 1 <sup>ste</sup> semester		48	Totaal 1 <sup>ste</sup> semester		40
JAARVLAK 1			JAARVLAK 2			JAARVLAK 3		
Tweede semester			Tweede semester			Tweede semester		
Modulekode	Kern	Kr	Modulekode	Kern	Kr	Modulekode	Kern	Kr
AGLA/E121	X	12	MBWK223	X	8	MBWK226	X	8
MBXA124 OF MBXC124 OF MBXR124 OF MBXS124	H	12	MBXA225 OF MBXC225 OF MBXR225 OF MBXS225	H	16	MBXA324 OF MBXC324 OF MBXR324 OF MBXS324	H	32
MBXK124	X	12	MBXG221 OF MBXH221	X	8			
PSYC121	X	12	WVGW221	X	12			
Totaal 2 <sup>de</sup> semester		48	Totaal 2 <sup>de</sup> semester		44	Totaal 2 <sup>de</sup> semester		40
Totaal Jaarvlak 1		84	Totaal Jaarvlak 2		92	Totaal Jaarvlak 3		80
Krediettotaal van die kurrikulum								256

## **G.3 REËLS VIR DIE GRAAD BACCALAUREUS GESONDHEIDSWETENSKAPPE**

Hierdie kwalifikasie kan verwerf word in een van die programme en kurrikulums wat in reël G.1.2.4 beskryf word en kan voltyds geneem word.

### **G.3.1 DUUR (MINIMUM EN MAKSIMUM DUUR)**

Die duur van die studie vir hierdie kwalifikasie is 'n **minimum van drie (3) jaar** en 'n **maksimum van vier (4) jaar**.

Verlenging van die studietylperk kan geskied kragtens die bepalings van Algemene Reël 2.4.6.

### **G.3.2 TOELATINGSVEREISTES VIR DIE KWALIFIKASIE**

Die Algemene toelatingsvereistes geskied volgens Algemene Reëls 1.2.2, 1.2.3 en 2.2 en verdere toepaslike bepalings in Fakulteitsreëls G.1.2.1 en G.1.2.2.

- a) Universiteitstoelating.
- b) **APS-telling:** Die resultate behaal in vier Aangewysde Vakke plus twee NSS-vakke word in berekening gebring. Die resultate behaal in Lewensoriëntering word nie in berekening gebring nie.  
Die vereiste APS-telling is **24**.
- c) **Taalvereiste:** 'n Slaagsyfer van 50-59% (vlak 4) in die taal van leer en onderrig op Huistaal- of Eerste Addissionele Taalvlak.
- d) Voornemende studente wat aan die minimum toelatingsvereistes voldoen, sal nie noodwendig tot 'n spesifieke program toegelaat word nie. Toelating is onderhewig aan beskikbare kapasiteit in die vakgroep. Die beste gemiddelde punt word bereken
- e) Vir toelating tot 'n program in die verskillende spesialiseringstings, moet studente aan die vakspesifieke vereistes soos in G.1.2.4 beskryf word, voldoen.

\*Inligting is onderhewig aan verandering

### **G.3.3 FAKULTEITSPESIFIKE VEREISTES**

- a) 'n Student moet oor 'n volle Matrikulasiervrstellingsertifikaat beskik en 'n gemiddelde slaagsyfer van minstens 60% vir die matriekeksamen behaal het.
- b) Studente wat Menslike Bewegingskunde as hoofvak neem, moet vooraf sy/haar mediese geskiktheid laat bepaal.
- c) Studente wat die Diploma in Sportkunde (DS) voltooi het en aansoek wil doen om met enige van die graadprogramme in Menslike Bewegingskunde voort te gaan, moet i) aan die voorgeskrewe toelatingsvereistes van die betrokke program voldoen en ii) 'n gemiddelde punt van 60% in elke studiejaar tot en met die 1e semester van die derdejaar van die Diplomaprogram behaal het.
- d) Studente wat aansoek om keuring vir Honneurs in Kinderkinetika wil doen, moet in hulle tweedejaar vir MBXS211 en MBXG221 regstreer.
- e) Vergelyk ook G.1 van hierdie jaarboek.

### **G.3.4 KWALIFIKASIE UITKOMSTE**

Na voltooiing van die kwalifikasie behoort die student:

- a) te beskik oor sistematiese en geïntegreerde kennis en begrip van, en 'n vermoë om die fundamentele terme, konsepte, feite, beginsels, reëls en teorieë van 'n verwante dissipline te evalueer en toe te pas;
- b) oor die vermoë te beskik om tipes kennis wat vir 'n studieveld geskik is, te kan te ontleed en evalueer/beoordeel;
- c) die toepassing van toepaslike dissiplinerewante metodes van wetenskaplike ondersoek te kan demonstreer, en 'n vermoë om onafhanklik inligtingsbronne te bevestig en te evalueer en die inligting te bestuur;
- d) kritiese besinning oor, en begrip en toepassing van gepaste metodes of praktyke te kan demonstreer om ingewikkeldes dissiplinerewante probleme op te los en sodoende verandering binne verwante praktyk bekend te stel;
- e) professionele en etiese gedrag binne 'n akademiese en dissiplinerewante omgewing, met sensitiwiteit teenoor die samelewings en kulturele oorwegings, te kan demonstreer;
- f) oor die vermoë te beskik om wetenskaplike begrip en eie menings/idees in geskrewe of mondeline argumente effekief te kan kommunikeer/oordra deur gepaste dissiplinerewante en akademiese diskouers;
- g) effektiewe inligting- en kommunikasietegnologie (IKT) vaardighede te kan demonstreer;
- h) effektiewe funksionering as lid en/of leier van 'n span of 'n groep van wetenskaplike projekte of ondersoeke te kan demonstreer, asook
- i) selfgerigte bestuur van leeraktiwiteite en verantwoordelikheid vir vordering met eie leerwerk.

### **G.3.5 PROGRAM: MENSLIKE BEWEGINGSKUNDE EN REKREASIEKUNDE**

#### **G.3.5.1 Kwalifikasie-, program- en kurrikulumkode**

Ou kode: 843100 G317P; Nuwe kode: 8DJ H04 G301P

#### **G.3.5.2 Programuitkomste**

Na voltooiing van hierdie program behoort die student:

- a) kennis en vaardighede van menslike beweging te integreer met beginsels van rekreasie en avontuurpraktyke wat vir sport, gesondheid en menslike ontwikkeling toepaslik is in die verwerwing van toegepaste bevoegdhede deur probleemoplossing, uitvoering van projekte, hantering van lewenswerklike gevalle studies en praktykgerigte scenario's;
- b) individuel of in groepe bewysgedreve interpretasie deur analise, sintese en evaluering aan navorsingsresultate te kan heg deur
  - dit teoreties te kan fundeer, en
  - dit met behulp van IT skriftelik en mondeling te kan kommunikeer aan leke en professionele gehore.
- c) te kan demonstreer dat in die bereiking van die uitkomste, die beredenerings en kommunikasie gebaseer is op 'n suwer wêrelde- en mensbeskouing en 'n gevinstigde waardesisteem.

#### **G.3.5.3 Fakulteitspesifieke reëls vir program**

- a) Studente moet aan die voorvereistes van modules soos gestel in die modulelys G.15 voldoen, alvorens met die opvolgende modules voortgegaan kan word.
- b) Suksesvolle voltooiing van die graad Baccalaureus Gesondheidswetenskappe verleen toegang tot die Honneursgraad in enige van die spesialiseringstrygings: Biokinetika,

Sportwetenskap, Kinderkinetika of Rekreasiekunde en is onderhewig aan 'n keuringsproses asook beskikbare kapasiteit in die vakgroep.

#### G.3.5.4 Samestelling van program: Menslike Bewegingskunde en Rekreasiekunde

Kwalifikasie- en programkode: 8DJ H04; Kurrikulumkode: G301P

JAARVLAK 1			JAARVLAK 2			JAARVLAK 3		
Eerste semester			Eerste semester			Eerste semester		
Modulekode	Kern	Kr	Modulekode	Kern	Kr	Modulekode	Kern	Kr
AGLA/E111#	A	-	MBWK216	H	8	MBWK315	H	16
FLGX114	X	12	MBWK217	H	8	MBWK316	H	16
MBWA112	H	12	MBWK219	H	8	RKKX314	H	16
MBWK112	H	12	Kies EEN (1): MBXA211 MBXN211 MBXS211 MBXT211	X	8	RKKX315	H	16
RKKX114	H	12	RKKX215	H	16	WVES311	X	12
RKKX115	H	12	RKKX216	H	16			
Totaal 1 <sup>ste</sup> semester		60	Totaal 1 <sup>ste</sup> semester		64	Totaal 1 <sup>ste</sup> semester		76
JAARVLAK 1			JAARVLAK 2			JAARVLAK 3		
Tweede semester			Tweede semester			Tweede semester		
Modulekode	Kern	Kr	Modulekode	Kern	Kr	Modulekode	Kern	Kr
AGLA/E121	X	12	MBWK223	H	8	MBWK324	H	16
FLGX124	X	12	MBWK225	H	8	MBWK325	H	16
MBWA122	H	12	MBWK226	H	8	RKKX324	H	16
RKKX124	H	12	Kies EEN (1): MBXG221 MBXH221 MBXK221 MBXR221	X	8	RKKX325	H	16
RKKX126	H	12	RKKX225	H	16			
			RKKX226	H	16			
			WVGW221	X	12			
Totaal 2 <sup>de</sup> semester		60	Totaal 2 <sup>de</sup> semester		74	Totaal 2 <sup>de</sup> semester		64
Totaal Jaarvlak 1		120	Totaal Jaarvlak 2		138	Totaal Jaarvlak 3		140
Krediettotaal van die kurrikulum								398

#### G.3.6 PROGRAM: REKREASIEKUNDE EN PSICOLOGIE

##### G.3.6.1 Kwalifikasie-, program- en kurrikulumkode

Ou kode: 100167 G304P; Nuwe kode: 8DJ H05 G301P

##### G.3.6.2 Programuitkomste

Na die voltooiing van die program behoort studente:

Kritiese en kreatiewe denke in die gebruik van wetenskap, navorsing en tegnologie met tersaakklike teoretiese kundigheid (modelle, teorieë, ens) te kombineer om vaardighede en waardes as entrepreneur of werknemers op die terrein van avontuurterapie in geïntegreerde projekte (gevallestudies / scenario's – probleme op te los) en gemeenskapsbetrokkenheid,

toegevoegde bevoegdhede te kan demonstreer.

### G.3.6.3 Fakulteitspesifieke reëls vir program

- a) Studente moet aan die voorvereistes van modules soos gestel in die modulelys G.15 voldoen, alvorens met die opvolgende modules voortgegaan kan word.
- b) Suksesvolle voltooiing van die graad Baccalaureus Gesondheidswetenskappe verleen toegang tot die Honneursgraad met spesialisering in Rekreasiekunde of Psigologie en is onderhewig aan 'n keuringsproses asook beskikbare kapasiteit in die vakgroep.

### G.3.6.4 Samestelling van program: Rekreasiekunde en Psigologie

Kwalifikasie- en programkode: 8DJ H05; Kurrikulumkode: G301P

JAARVLAK 1			JAARVLAK 2			JAARVLAK 3		
Eerste semester			Eerste semester			Eerste semester		
Modulekode	Kern	Kr	Modulekode	Kern	Kr	Modulekode	Kern	Kr
AGLA/E111#	A	-	PSYC211	H	16	PSYC311	H	16
BMAN111	X	12	PSYC212	H	16	PSYC312	H	16
MBWK112	X	12	RKKX215	H	16	RKKX314	H	16
PSYC111	H	12	RKKX216	H	16	RKKX315	H	16
RKKX114	H	12				WVES311	X	12
RKKX115	H	12						
Totaal 1 <sup>ste</sup> semester		60	Totaal 1 <sup>ste</sup> semester		64	Totaal 1 <sup>ste</sup> semester		76
JAARVLAK 1			JAARVLAK 2			JAARVLAK 3		
Tweede semester			Tweede semester			Tweede semester		
Modulekode	Kern	Kr	Modulekode	Kern	Kr	Modulekode	Kern	Kr
AGLA/E121	X	12	MBWK226	X	8	PSYC321	H	16
BMAN121	X	12	PSYC221	H	16	PSYC322	H	16
PSYC121	H	12	RKKX225	H	16	RKKX324	H	16
RKKX124	H	12	RKKX226	H	16	RKKX325	H	16
RKKX126	H	12	WVGW221	X	12			
Totaal 2 <sup>de</sup> semester		60	Totaal 2 <sup>de</sup> semester		68	Totaal 2 <sup>de</sup> semester		64
Totaal Jaarvlak 1		120	Totaal Jaarvlak 2		132	Totaal Jaarvlak 3		140
Krediettotaal van die kurrikulum								392

### G.3.7 PROGRAM: REKREASIEKUNDE EN TOERISMEBESTUUR

#### G.3.7.1 Kwalifikasie-, program- en kurrikulumkode

Ou kode: 100167 G305P; Nuwe kode: 8DJ H06 G301P

#### G.3.7.2 Programuitkomste

Na die voltooiing van die program behoort studente:

Kritiese en kreatiewe denke in die gebruik van wetenskap, navorsing en tegnologie met tersaaklike teoretiese kundigheid (modelle, teorieë, ens) te kombineer om vaardighede en waardes as entrepreneur of werknemers op die terrein van avontuurterapie in geïntegreerde projekte (gevallestudies / scenario's – probleme op te los) en gemeenskapsbetrokkenheid, toegevoegde bevoegdhede te kan demonstreer.

### G.3.7.3 Fakulteitspesifieke reëls vir program

- a) Studente moet aan die voorvereistes van modules soos gestel in die modulelys G.15 voldoen, alvorens met die opvolgende modules voortgegaan kan word.
- b) Suksesvolle voltooiing van die graad Baccalaureus Gesondheidswetenskappe verleen toegang tot die Honneursgraad met spesialisering in Rekreasiekunde of Toerismebestuur en is onderhewig aan 'n keuringsproses asook beskikbare kapasiteit in die vakgroep.

#### G.3.7.3.1 Samestelling van program: Rekreasiekunde en Toerismebestuur

Kwalifikasie- en programkode: 8DJ H06; Kurrikulumkode: G301P

JAARVLAK 1			JAARVLAK 2			JAARVLAK 3		
Eerste semester			Eerste semester			Eerste semester		
Modulekode	Kern	Kr	Modulekode	Kern	Kr	Modulekode	Kern	Kr
AGLA/E111#	A	-	PSYC211	X	16	RKKX314	H	16
PSYC111	X	12	RKKX215	H	16	RKKX315	H	16
RKKX114	H	12	RKKX216	H	16	TMBP311 OF TMBP312	H	16
RKKX115	H	12	TMBP211	H	16	WVES311	X	12
TMBP111	H	12						
<b>Totaal 1<sup>ste</sup> semester</b>		<b>48</b>	<b>Totaal 1<sup>ste</sup> semester</b>		<b>64</b>	<b>Totaal 1<sup>ste</sup> semester</b>		<b>60</b>
JAARVLAK 1			JAARVLAK 2			JAARVLAK 3		
Tweede semester			Tweede semester			Tweede semester		
Modulekode	Kern	Kr	Modulekode	Kern	Kr	Modulekode	Kern	Kr
AGLA/E121	X	12	MBWK226	X	8	MBWK324	H	16
BMAN121	X	12	RKKX225	H	16	RKKX324	H	16
PSYC121	X	12	RKKX226	H	16	RKKX325	H	16
RKKX124	H	12	TMBP221	H	16	TMBP321 OF TMBP322	H	16
RKKX126	H	12	WVGW221	X	12			
TMBP121	H	12						
<b>Totaal 2<sup>de</sup> semester</b>		<b>72</b>	<b>Totaal 2<sup>de</sup> semester</b>		<b>68</b>	<b>Totaal 2<sup>de</sup> semester</b>		<b>64</b>
<b>Totaal Jaarvlak 1</b>		<b>120</b>	<b>Totaal Jaarvlak 2</b>		<b>132</b>	<b>Totaal Jaarvlak 3</b>		<b>124</b>
<b>Krediettotaal van die kurrikulum</b>								<b>376</b>

## **G.4 REËLS VIR DIE GRAAD BACCALAUREUS ARTIUM**

Hierdie kwalifikasie kan verwerf word in een van die programme en kurrikulums wat in reël G.1.2.4 beskryf word en kan voltyds geneem word.

### **G.4.1 DUUR (MINIMUM EN MAKSIMUM DUUR)**

Die duur van die studie vir hierdie kwalifikasie is 'n **minimum van drie (3) jaar** en 'n **maaksimum van vier (4) jaar**.

Verlenging van die studietylperk kan geskied kragtens die bepalings van Algemene Reël 2.4.6.

### **G.4.2 TOELATINGSVEREISTES VIR DIE KWALIFIKASIE**

Die Algemene toelatingsvereistes geskied volgens Algemene Reëls 1.2.2, 1.2.3 en 2.2 en verdere toepaslike bepalings in Fakulteitsreëls G.1.2.1 en G.1.2.2.

- a) Universiteitstoelating.
- b) **APS-telling:** Die resultate behaal in vier Aangewysde Vakke plus twee NSS-vakke word in berekening gebring. Die resultate behaal in Lewensoriëntering word nie in berekening gebring nie.  
Die vereiste APS-telling word by die onderskeie programme hieronder aangedui.
- c) Taalvereiste: **'n Slaagsyfer van 50-59% (vlak 4) in die taal van leer en onderrig op Huistaal- of Eerste Addisionele Taalvlak.**
- d) Voornemende studente is onderhewig aan beskikbare kapasiteit in die vakgroep. Die beste gemiddelde punt word bereken.

\*Inligting is onderhewig aan verandering

### **G.4.3 FAKULTEITSPESIFIEKE TOELATINGSVEREISTES**

'n Student moet oor 'n volle Matrikulasievrystellingsertifikaat beskik en 'n gemiddelde slaagsyfer van minstens 60% vir die matriekesamen behaal het.

### **G.4.4 PROGRAM: GESONDHEIDSWETENSKAPPE**

#### **G.4.4.1 Kwalifikasie- en programkode: 100 167**

• 'n Deeglike begrip van die etiese implikasies van besluite en aksies, beide professioneel asook in die konteks van 'n organisasie, wat gewortel is in 'n bewustheid van die kompleksiteit van etiese dilemmas wat tydens die praktyk van Risikoramming na vore mag kom;				

- Die vermoë om ingewikkelde inligting op betroubare en koherente wyse aan te bied en te kommunikeer, deur gebruik te maak van gepaste akademiese en professionele of beroepskonvensies, -formate en -tegnologieë tersaaklik vir Risikoramming;
- Die vermoë om effekief as deel van 'n groep of span te funksioneer, om binne kontekste wat duidelik uiteengesit is, verantwoordelikheid te neem vir eie besluite en dade asook dié van ander en vir die gebruik van hulpbronne waar van toepassing.

<b>Metode van aflewing:</b>	Voltyds	
<b>Assesseringsmetodes:</b>	50:50	
<b>Modulekode:</b> <b>BHIG222</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-Vlak: 6</b> <b>Krediete: 8</b>
<b>Titel:</b>	Ergonomie vir Beroepshigiëne	

**Module-uitkomste:**

Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om die volgende te demonstreer:

- Gedetailleerde kennis en begrip op die gebied van ergonomie, die invloed van ergonomie op die liggaaam, asook oor hoe ergonomiese probleme in die werksomgewing tot ooreising en gevvolglike beserings kan lei;
- Die vermoë om ergonomiese beginsels en evalueringsmetodes effekief toe te pas ten einde die nakoming van ergonomiese vereistes, of moontlike probleme met ergonomie in 'n werksomgewing, te beraam;
- Die vermoë om beroepspesifieke metodes en tegnieke van inligtingversameling rakende ooreising-sindroom en ander gesondheidsprobleme wat met ergonomie verband hou, te gebruik, inligting te analiseer en te integreer en die navorsing dan op 'n gegewe area van ergonomie-verwante kwale toe te pas;
- Die vermoë om kennis oor die rol van ergonomie in Beroepshigiëne op noukeurige en koherente wyse verbaal en skriftelik te kommunikeer met inbegrip van kopiereg en plagiaatreëls.

<b>Metode van aflewing:</b>	Voltyds	
<b>Assesseringsmetodes:</b>	50:50	
<b>Modulekode:</b> <b>BHIG223</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-Vlak: 6</b> <b>Krediete: 16</b>
<b>Titel:</b>	Toksikologie I	

**Module-uitkomste:**

Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om die volgende te demonstreer:

- Gedetailleerde kennis en begrip van die grondbeginsels van toksikologie, hoe toksikologiese kennis met Beroepshigiëne verband hou asook die geskiedenis en ontwikkeling van kennis rakende toksikologie en Beroepshigiëne;
- Die vermoë om toksikologiese kennis vanuit 'n verskeidenheid bronre aan te leer, evalueer en integreer en dit dan op die praktyk van Beroepshigiëne toe te pas;
- Die vermoë om kennis oor ingewikkelde toksikologiese inligting op noukeurige en koherente wyse verbaal en skriftelik te kommunikeer met inbegrip van kopiereg en plagiaatreëls;
- Die vermoë om effekief in 'n groepsituasie te werk en 'n bydrae te lewer ten opsigte van die beplanning en uitvoer van groeptake.

<b>Metode van aflewing:</b>	Voltyds	
<b>Assesseringsmetodes:</b>	50:50	
<b>Modulekode:</b> <b>BHIG224</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-Vlak: 6</b> <b>Krediete: 8</b>
<b>Titel:</b>	Navorsingsmetodologie	

**Module-uitkomste:**

Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om die volgende te demonstreer:

- Gedetailleerde kennis en begrip van die grondbeginsels, metodes en prosesse van navorsing en hoe toepaslike kennis oor navorsingsmetodologie tersaaklik is vir Beroepshigiëne;
- Duidelike begrip van die etiese aspekte en praktyke wat spesifiek van toepassing is op Beroepshigiëne-navorsing;
- Die vermoë om statistiese analises te kies, evalueer en toe te pas wat spesifiek op Beroepshigiëne betrekking het ten einde probleme op te los wat in die praktyk waargeneem word;
- Die vermoë om inligting wat uit 'n verskeidenheid bronre versamel is, te analiseer, evalueer en integreer ten einde 'n basiese navorsingsvoorlegging saam te stel;

- Die vermoë om kennis oor navorsingsmetodologie op noukeurige en koherente wyse verbaal en skriftelik te kommunikeer met inbegrip van kopiereg en plagiaatreëls.

<b>Metode van aflewing:</b>	Voltyds		
<b>Assesseringsmetodes:</b>	50:50		
<b>Modulekode:</b> <b>BHIG311</b>	<b>Semester 1</b>		<b>NKR-Vlak: 7</b> <b>Krediete: 24</b>
<b>Titel:</b>	Toksikologie II		

**Module-uitkomste:**

Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om die volgende te demonstreer:

- Geïntegreerde kennis en insig in die toksikologie van verskeie toksiese stowwe en insig in hoe hierdie toksiese stowwe verband hou met Beroepshigiëne;
- Die identifisering, analisering en kritiese refleksie op en hantering van ingewikkelde toksikologiese probleme verbandhoudend met Beroepshigiëne en die verskaffing van oplossings gegrond op teoretiese argumente;
- Die sistematiese versameling, selfstandige validasie, evaluasie en bestuur van inligting oor 'n verskeidenheid van toksiese stowwe;
- Die vermoë om tersaaklike toksikologiese inligting op noukeurige en koherente wyse verbaal en skriftelik te kommunikeer met inbegrip van kopiereg en plagiaatreëls.
- Die bestuur van 'n groep tydens die oplossing van kontekstuele toksikologiese probleme deur gepaste hulpbronne toe te pas, die vordering van die groep te monitor en verantwoordelikheid te neem vir die uitkomste.

<b>Metode van aflewing:</b>	Voltyds		
<b>Assesseringsmetodes:</b>	50:50		
<b>Modulekode:</b> <b>BHIG312</b>	<b>Semester 1</b>		<b>NKR-Vlak: 7</b> <b>Krediete: 24</b>
<b>Titel:</b>	Beroepshigiëne-wetgewing		

**Module-uitkomste:**

Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om die volgende te demonstreer:

- Geïntegreerde kennis oor die tersaaklike wetgewing en voorskrifte rakende die praktyk van Beroepshigiëne in 'n Suid-Afrikaanse konteks, asook deeglike insig in die toepassing van spesifieke wette in verskillende situasies en die implikasies indien hierdie wette verontgaam word;
- Die ontwikkeling, implementering en evaluering van die effektiwiteit van 'n Beroepshigiëne moniteringsprogram, met streng navolging van tersaaklike wetgewing en voorskrifte;
- Kritiese analise en evaluering van Beroepshigiëne-moniteringsdata, gevolg deur vergelyking met tersaaklike Beroepshigiëne-wetgewing ten einde die nodige veranderinge aan die moniteringsprogram te formuleer;
- Die vermoë om praktykvereistes en veiligheidsaanbevelings rakende Beroepshigiëne op noukeurige en koherente wyse aan 'n verskeidenheid gehore oor te dra, waartydens grondige bewyse en oortuigende argumente gelewer word met behulp van die effektiewe gebruik van beskikbare hulpbronne.

<b>Metode van aflewing:</b>	Voltyds		
<b>Assesseringsmetodes:</b>	50:50		
<b>Modulekode:</b> <b>BHIG321</b>	<b>Semester 2</b>		<b>NKR-Vlak: 7</b> <b>Krediete: 24</b>
<b>Titel:</b>	Chemiese Stressors I		

**Module-uitkomste:**

Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om die volgende te demonstreer:

- Geïntegreerde kennis en insig rakende blootstelling aan 'n verskeidenheid aërosols en geværlike biologiese agense (GBA) en insig in die bepaling van blootstelling en beheerstrategieë van toepassing op hierdie blootstellings;
- Die vermoë om 'n verskeidenheid toepaslike blootstellingsbepalings- en beheerstrategieë te kies, evaluateer en toe te pas om Beroepshigiëne-probleme op te los;
- Identifisering, analisering en kritiese refleksie oor die bepaling van ingewikkelde blootstellingsprobleme in die werksomgewing ten einde die regte beheerstrategieë aan te beveel;
- Die vermoë om blootstellingsbepalings- en beheerstrategieë op noukeurige en koherente wyse verbaal en skriftelik te kommunikeer met inbegrip van kopiereg en plagiaatreëls.

<b>Metode van aflewering:</b>	Voltyds	
<b>Assesseringsmetodes:</b>	50:50	
<b>Modulekode:</b> <b>BHIG322</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-Vlak: 7</b> <b>Krediete: 24</b>
<b>Titel:</b>	Fisiese Stressors I	

**Module-uitkomste:**

Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om die volgende te demonstreer:

- Geïntegreerde kennis en insig in die basiese wetenskaplike beginsels rakende elektromagnetiese straling en gepaardgaande elektriese en magnetiese veld, die invloed daarvan op die liggaam, wetenskaplike grondbeginsels rakende die meet van blootstelling en die fisiologiese basis van beroepsblootstellingslimiete sowel as die beheer van blootstelling;
- Deeglike insig in die wetenskaplike basis van die eenhede waarin blootstelling gemeet word;
- Versameling en gebruik van kennis uit die literatuur op kritiese wyses en kreatiewe en praktiese toepassing daarvan ten einde werkers te beskerm teen die gevare en negatiewe gesondheidseffek van elektromagnetiese staling en swak verligting;
- Kritiese analiseer van ingewikkeldere blootstellingsprobleme in die werksomgewing ten einde toepaslike beskermingsmaatreëls aan te beveel;
- Die vermoë om bevindinge op noukeurige en koherente wyse verbaal en skriftelik te kommunikeer met inbegrip van kopiereg en plagnaatreëls.

<b>Metode van aflewering:</b>	Voltyds	
<b>Assesseringsmetodes:</b>	50:50	
<b>Modulekode:</b> <b>BHIG411</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-Vlak: 8</b> <b>Krediete: 16</b>
<b>Titel:</b>	Ventilasie	

**Module-uitkomste:**

Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om die volgende te demonstreer:

- Kennis van en insig in die teoretiese grondbeginsels, teorieë, navorsingsmetodologieë en metodes tersaaklik vir die studie van ventilasie asook die vermoë om hierdie kennis in enige konteks rakende ventilasie en Beroepshigiëne toe te pas;
- Die insamel van inligting vanuit verskillende gerespekteerde bronse, die assessorering van die integriteit van die inligting sowel as die proses van inligtingversameling en die gebruik van hierdie inligting om jou eie verstaan van ventilasie te bevorder;
- Die kies van gepaste procedures, metodes en tegnieke om hedendaagse probleme en uitdagings op die gebied van ventilasie te analyseer en kreatief daarop te reageer, om sodoeend by te dra tot die bevordering van data-hersiening en bestuurspraktyke ten einde ventilasie as veld in Beroepshigiëne as praktyk te bevorder;
- Die vermoë om 'n verskeidenheid gespesialiseerde vaardighede te gebruik om komplekse of abstrakte probleme te identifiseer, analyseer en aan te spreek deur te put uit bestaande kennis en metodes toepaslik tot Ventilasie as navorsingsarea;
- Die effektiewe voortbring en oordra van akademiese, professionele en/of beroepsgerigte idees in tekste wat kreatiewe insig, omvattende interpretasie en oplossings vir uitdagings rakende ventilasie en Beroepshigiëne aanbied;
- Eienaarskap van eie werk, keuses gemaak en hulpbronne gebruik sowel as verantwoordelikheid vir die besluite en dade van jou eweknieë waar van toepassing.

<b>Metode van aflewering:</b>	Voltyds	
<b>Assesseringsmetodes:</b>	50:50	
<b>Modulekode:</b> <b>BHIG412</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-Vlak: 8</b> <b>Krediete: 24</b>
<b>Titel:</b>	Chemiese Stressors II	

**Module-uitkomste:**

Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om die volgende te demonstreer:

- Geïntegreerde kennis van en insig in gas- en dampblootstelling en kritiese insig en toepassing van die bepaling van blootstelling en beheerstrategieë van toepassing op hierdie blootstellings;
- Die vermoë om verskeie publikasies aangaande blootstellingsbepalings in Beroepshigiëne en die manier waarop dit saamgestel is, krities te evaluer en te hersien;
- Die vermoë om verskillende toepaslike blootstellingbepalings en beheerstrategieë te kies, te

evalueer en toe te pas sodat ingewikkelde Beroepshigiëne blootstellsituasies oordink en aangespreek kan word;				
• Die vermoë om op noukeurige en koherente wyse verbaal en skriftelik te kommunikeer oor Beroepshigiëne blootstellingbepaling- en beheerstrategieë met inbegrip van kopiereg en plagiaatreëls.				
<b>Metode van aflewing:</b>		Voltyds		
<b>Assesseringsmetodes:</b>		50:50		
<b>Modulekode:</b> BHIG413	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-Vlak:</b> 8 <b>Krediete:</b> 24		
<b>Titel:</b>	Fisiese Stressors II			
<b>Module-uitkomste:</b>				
Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om die volgende te demonstreer:				
<ul style="list-style-type: none"> <li>Uitgebreide en geïntegreerde kennis oor en insig in die basiese wetenskaplike beginsels aangaande geraas, vibrasie en temperatuur, die invloede wat dit op die liggaaam het, die wetenskaplike grondbeginnels van meting en eenhede, beroepsblootstellingsvlakte sowel as die verskillende vlakke van beskerming wat werkers benodig;</li> <li>Die ontwikkeling, implementering en evaluering van 'n effektiewe program vir die monitering en beheer van blootstelling aan geraas, vibrasie, hitte en koue;</li> <li>Die kritiese analisering van ingewikkelde blootstellingsprobleme in die werkomsomgewing met die doel om die aangewese beskermingsmaatreëls aan te beveel;</li> <li>Die vermoë om bevindinge op noukeurige en koherente wyse verbaal en skriftelik te kommunikeer met inbegrip van kopiereg en plagiaatreëls.</li> </ul>				
<b>Metode van aflewing:</b>		Voltyds		
<b>Assesseringsmetodes:</b>		50:50		
<b>Modulekode:</b> BHIG421	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-Vlak:</b> 8 <b>Krediete:</b> 24		
<b>Titel:</b>	Chemiese Stressors III			
<b>Module-uitkomste:</b>				
Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om die volgende te demonstreer:				
<ul style="list-style-type: none"> <li>Geïntegreerde kennis van en insig in biologiese monitoring van respiratoriese blootstelling, dermale blootstelling en oppervlakblootstelling en kritiese begrip en toepassing van blootstellingsbepalings- en beheerstrategieë van toepassing op hierdie blootstellings;</li> <li>Die vermoë om verskeie publikasies aangaande blootstellingsbepalings in Beroepshigiëne en die manier waarop dit saamgestel is, krities te evaluarie en te hersien;</li> <li>Die vermoë om verskillende toepaslike blootstellingsbepalings- en beheerstrategieë te kies, te evaluarie en toe te pas sodat ingewikkelde Beroepshigiëne blootstellsituasies oordink en aangespreek kan word;</li> <li>Die vermoë om op noukeurige, koherente en kreatiewe wyse verbaal en skriftelik te kommunikeer oor Beroepshigiëne blootstellingbepalings- en beheerstrategieë met inbegrip van kopiereg en plagiaatreëls.</li> </ul>				
<b>Metode van aflewing:</b>		Voltyds		
<b>Assesseringsmetodes:</b>		50:50		
<b>Modulekode:</b> BHIG422	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-Vlak:</b> 8 <b>Krediete:</b> 16		
<b>Titel:</b>	Werknemerwelstand en Epidemiologie			
<b>Module-uitkomste:</b>				
Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om die volgende te demonstreer:				
<ul style="list-style-type: none"> <li>Kennis oor en insig in die onderliggende teoretiese beginsels, teorieë en navorsingsmetodes van toepassing vir die bestudering van Werknemerwelstand en Epidemiologie en die vermoë om hierdie kennis in enige konteks rakende Werknemerwelstand en Epidemiologie te kan toepas</li> <li>Die insamel van inligting vanuit verskillende gerespekteerde bronne, die assessorering van die integriteit van die inligting sowel as die proses van inligtingversameling en die gebruik van hierdie inligting om jou eie verstaan van Werknemerwelstand en Epidemiologie te bevorder;</li> <li>Die kies van gepaste procedures, metodes en tegnieke om hedendaagse probleme en uitdagings op die gebied van Werknemerwelstand en Epidemiologie te analiseer en kreatief daarop te reageer, om sodoende by te dra tot die bevordering van data-hersiening en bestuurspraktyke ten einde</li> </ul>				

- Werknemerwelstand en Epidemiologie as veld in Beroepshigiëne as praktyk te bevorder;
- Die effektiewe voortbring en oordra van akademiese, professionele en/of beroepsgerigte idees in tekste wat kreatiewe insig, omvattende interpretasie en oplossings vir uitdagings rakende Werknemerwelstand, Epidemiologie en Beroepshigiëne aanbied;
  - Die identifisering en aansprek van etiese kwessies, gebaseer op kritiese refleksie oor die gepastheid van moontlike oplossings binne verskillende etiese waardesisteme, soos van toepassing op Werknemerwelstand en Epidemiologie;
  - Eienaarskap van eie werk, keuses gemaak en hulpbronne gebruik sowel as verantwoordelikheid vir die besluite en dade van jou gelykes waar van toepassing.

<b>Metode van aflewering:</b>	Voltyds	
<b>Assesseringsmetodes:</b>	50:50	
<b>Modulekode:</b> <b>BHIG423</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-Vlak: 8</b> <b>Krediete: 16</b>
<b>Titel:</b>	Bestuur, Beroepsveiligheid en Omgewingsgesondheid	

**Module-uitkomste:**

Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om die volgende te demonstreer:

- Kennis van en insig in die teoretiese grondbeginsels, teorieë en navorsingsmetodologieë tersaaklik vir die studie van Bestuur, Beroepsveiligheid en Omgewingsgesondheid asook die vermoë om hierdie kennis in enige konteks rakende Bestuur, Beroepsveiligheid, Omgewingsgesondheid en Beroepshigiëne toe te pas;
- Die insamel van inligting vanuit verskillende gerespekteerde bronse, die assessering van die integriteit van die inligting sowel as die proses van inligtingversameling en die gebruik van hierdie inligting om jou eie verstaan van Bestuur, Beroepsveiligheid en Omgewingsgesondheid te bevorder;
- Die kies van gepaste procedures, metodes en tegnieke om hedendaagse probleme en uitdagings op die gebied van Bestuur, Beroepsveiligheid en Omgewingsgesondheid te analiseer en kreatief daarop te reageer, om sodoende by te dra tot die bevordering van data-hersiening en bestuurspraktyke ten einde Bestuur, Beroepsveiligheid en Omgewingsgesondheid as veld in Beroepshigiëne as praktyk te bevorder;
- Die vermoë om 'n verskeidenheid gespesialiseerde vaardighede te gebruik om komplekse of abstrakte probleme te identifiseer, analiseer en aansprek deur te put uit bestaande kennis en metodes toepaslik tot Bestuur, Beroepsveiligheid en Omgewingsgesondheid as navorsingsarea;
- Die effektiewe voortbring en oordra van akademiese, professionele on/of beroepsgerigte idees in tekste wat kreatiewe insig, omvattende interpretasie en oplossings vir uitdagings rakende Bestuur, Beroepsveiligheid, Omgewingsgesondheid en Beroepshigiëne aanbied;
- Effektiwe deelname in of bestuur van 'n sisteem gebaseer op jou begrip van die rolle van en verhoudings tussen deelnemers in 'n spesifieke sisteem;
- Eienaarskap van eie werk, keuses gemaak en hulpbronne gebruik sowel as verantwoordelikheid vir die besluite en dade van jou gelykes waar van toepassing.

<b>Metode van aflewering:</b>	Voltyds	
<b>Assesseringsmetodes:</b>	50:50	
<b>Modulekode:</b> <b>BHIG471</b>	<b>Semester 1&amp;2</b>	<b>NKR-Vlak: 8</b> <b>Krediete: 32</b>
<b>Titel:</b>	Navorsingsprojek	

**Module-uitkomste:**

Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om die volgende te demonstreer:

- Geïntegreerde kennis en begrip van teorieë en navorsingsmetodologieë wat in Beroepshigiëne gebruik word en hoe om hierdie kennis in 'n navorsingsprojek toe te pas ten einde 'n Beroepshigiëne-probleem op te los;
- Die vermoë om 'n verskeidenheid inligtingsbronse wat oor die onderwerp beskikbaar is, krities te ondervra, evalueer en hersien sodat die kennis gebruik kan word om sy/haar eie projek te beplan, uit te voer en te evalueer;
- Die vermoë om gepaste Beroepshigiëne-navorsingsmetodes, -tegnieke en statistiese analise gedurende die loop van sy/haar projek te kies, evalueer en toe te pas;
- Kritiese beoordeling en gepaste hantering van etiese kwessies wat in die loop van sy/haar projek teëgekom is;
- Die akkurate en koherente weergawe van bevindinge en aanbevelings in die vorm van gepaste en kreatiewe voorleggings voor 'n verskeidenheid gehore, waartydens grondige bewyse en oortuigende argumente gelewer word met behulp van die effektiewe gebruik van beskikbare hulpbronne.

<b>Metode van aflewing:</b>	Voltyds					
<b>Assesseringsmetodes:</b>	Geen eksamen (Projekwerk)					
<b>Modulekode:</b> <b>BSWG111 (G402P &amp; G403P)</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-Vlak: 5</b>	<b>Krediete: 12</b>			
<b>Titel:</b>	Inleiding tot maatskaplike werk as 'n professie					
<b>Module-uitkomste:</b>						
Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om kennis en begrip te demonstreer:						
<ul style="list-style-type: none"> <li>• van maatskaplike werk as 'n professie;</li> <li>• die verband tussen maatskaplike werk en maatskaplike welsyn;</li> <li>• die verwantskap tussen maatskaplike werk en ander dissiplines; die intervensiemetodes van maatskaplike werk; en die maatskaplike diensleweringssisteem.</li> </ul>						
<b>Metode van aflewing:</b>	Voltyds					
<b>Assesseringsmetodes:</b>	PK 1 x 2 uur 1:1					
<b>Modulekode:</b> <b>BSWG112 (G402P)</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-Vlak: 5</b>	<b>Krediete: 12</b>			
<b>Titel:</b>	Menslike gedrag in die maatskaplike omgewing oor die lewensverloop					
<b>Module-uitkomste:</b>						
Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:						
<ul style="list-style-type: none"> <li>• kennis en begrip te demonstreer van die normale/gesonde maatskaplike ontwikkeling van die mens oor sy/haar lewensverloop;</li> <li>• sy/haar kennis en begrip te kan demonstreer in die verskil tussen normale/gesonde en abnormal/ongesonde maatskaplike ontwikkeling;</li> <li>• kennis en begrip te demonstreer van die maatskaplike omstandighede wat 'n bydrae lewer tot en 'n invloed uitoefen op menslike funksionering.</li> </ul>						
<b>Metode van aflewing:</b>	Voltyds					
<b>Assesseringsmetodes:</b>	PK 1 x 2 uur 1:1					
<b>Modulekode:</b> <b>BSWG113 (G402P)</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-Vlak: 5</b>	<b>Krediete: 12</b>			
<b>Titel:</b>	Inleiding tot professionele gedrag					
<b>Module-uitkomste:</b>						
Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:						
<ul style="list-style-type: none"> <li>• kennis en begrip van die fasiliterende kwaliteite en eienskappe van professionaliteit in maatskaplike werk te demonstreer;</li> <li>• bedrewendheid in die toepassing van basiese interpersoonlike vaardighede in onderhoudsvoering te openbaar.</li> </ul>						
<b>Metode van aflewing:</b>	Voltyds					
<b>Assesseringsmetodes:</b>	PK 1 x 2 uur 1:1					
<b>Modulekode:</b> <b>BSWG114 (G403P)</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-Vlak: 5</b>	<b>Krediete: 12</b>			
<b>Titel:</b>	Die wetenskaplike grondslag van maatskaplikewerk-praktyk					
<b>Module-uitkomste:</b>						
Na voltooiing van die module sal die student die volgende toon:						
<ul style="list-style-type: none"> <li>• ingeligte kennis van sleutelteorieë en konsepte wat maatskaplikewerk-praktyk rig;</li> <li>• 'n vermoë om bekende psigososiale probleme vanuit 'n teoretiese perspektief oor maatskaplike werk op te los;</li> <li>• 'n vermoë om die implikasies van professionele waardes en gedragskodes in ag te neem wanneer teorieë van maatskaplike werk toegepas word.</li> </ul>						
<b>Metode van aflewing:</b>	Voltyds					
<b>Assesseringsmetodes:</b>						

<b>Modulekode:</b> <b>BSWG121 (G402P)</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-Vlak:</b> 5 <b>Krediete:</b> 12		
<b>Titel:</b>	Lewensaardighede en berading			
<b>Module-uitkomste:</b> Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:				
<ul style="list-style-type: none"> <li>• kennis en begrip van lewensaardighede as 'n primêre, sekondêre en tersiêre voorkomingsmeganisme te demonstreer;</li> <li>• bedrewendheid in die ontwerp en implementering van lewensaardighedsprogramme te openbaar.</li> </ul>				
<b>Metode van aflewing:</b>	Voltyds			
<b>Assesseringsmetodes:</b>	PK 1 x 2 uur 1:1			
<b>Modulekode:</b> <b>BSWG122 (G402P)</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-Vlak:</b> 5 <b>Krediete:</b> 12		
<b>Titel:</b>	Die wese van maatskaplike ontwikkeling			
<b>Module-uitkomste:</b> Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:				
<ul style="list-style-type: none"> <li>• kennis en begrip te demonstreer van maatskaplike ontwikkeling as 'n benadering in maatskaplike werk;</li> <li>• te kan beskryf hoe maatskaplike ontwikkeling deur maatskaplike werk tot stand kom;</li> <li>• die aard van maatskaplike ontwikkelingsdienste in Suid-Afrika te kan verduidelik.</li> </ul>				
<b>Metode van aflewing:</b>	Voltyds			
<b>Assesseringsmetodes:</b>	PK 1 x 2 uur 1:1			
<b>Modulekode:</b> <b>BSWG211 (G402P)</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-Vlak:</b> 6 <b>Krediete:</b> 12		
<b>Titel:</b>	Maatskaplike gevallewerk: teorie en praktyk			
<b>Module-uitkomste:</b> Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:				
<ul style="list-style-type: none"> <li>• kennis en begrip van die aard van gevallewerk as metode in maatskaplike werk te kan demonstreer;</li> <li>• kennis en begrip van individuele- en gesinsintervensie-prosesse te kan demonstreer;</li> <li>• kennis en begrip van onderhoudsvoering, sowel as van die vermoë om vir die onderhoud voor te berei, te kan demonstreer;</li> <li>• oor die vermoë beskik om die waardes, etiese beginsels en wetlike verpligte verbonde aan maatskaplike gevallewerk toe te pas;</li> <li>• oor die vermoë beskik om professionele gedrag, soos bepaal deur die etiese kode vir Suid-Afrikaanse maatskaplike werkers, te evalueer;</li> <li>• oor die vermoë beskik om etiese besluite te neem en sy/haar keuses te motiveer;</li> <li>• oor die vermoë beskik om maatskaplike gevallewerk-verslae te kan skryf.</li> </ul>				
<b>Metode van aflewing:</b>	Voltyds			
<b>Assesseringsmetodes:</b>				
<b>Modulekode:</b> <b>BSWG212 (G402P)</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-Vlak:</b> 6 <b>Krediete:</b> 8		
<b>Titel:</b>	Kindersorgwetgewing en verbandhoudende maatskaplikewerk-intervensies			
<b>Module-uitkomste:</b> Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:				
<ul style="list-style-type: none"> <li>• te kan onderskei tussen die voorkomende kindgesentreerde dienste, vroeë intervensie-strategieë, statutêre dienslewering en 'n kontinuum van maatskaplikewerk-dienste wat in Suid Afrika aan kinders gelewer word;</li> <li>• dienste en operasionele strategieë vir kinders en jeugdiges in die gemeenskap te kan identifiseer, analiseer en beskryf en dit in belang van kinders en jeugdiges in die praktyk aan kan wend; en</li> <li>• kennis en begrip te kan demonstreer oor hoe om kinders volgens bepaalde wetgewing, etiese optrede, waardes en norme te beskerm en om dienste te beplan wat spesifiek op hulle behoeftes afgestem is</li> </ul>				
<b>Metode van aflewing:</b>	Voltyds			
<b>Assesseringsmetodes:</b>				

<b>Modulekode:</b> <b>BSWG213 (G402P)</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-Vlak: 6</b> <b>Krediete: 8</b>		
<b>Titel:</b>	Inleiding tot maatskaplike beleid, maatskaplike welsynsbeleid en maatskaplike werkbeleid			
<b>Module-uitkomste:</b> Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:				
<ul style="list-style-type: none"> <li>• begrip van die sleutelelemente, funksies, beginsels en die ontwikkeling van maatskaplike welsynsbeleid en die rol van die maatskaplike werker te kan demonstreer; en</li> <li>• begrip van die Suid-Afrikaanse welsynsisteem te kan demonstreer.</li> </ul>				
<b>Metode van aflewing:</b>	Voltyds			
<b>Assesseringsmetodes:</b>				
<b>Modulekode:</b> <b>BSWG214 (G403P)</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-Vlak: 6</b> <b>Krediete: 8</b>		
<b>Titel:</b>	Inleiding tot kindersorgwetgewing			
<b>Module-uitkomste:</b> Na voltooiing van die module moet die student die volgende kan toon:				
<ul style="list-style-type: none"> <li>• 'n begrip van die aard van kindersorgwetgewing, met spesifieke verwysing na die regte van kinders;</li> <li>• gedetailleerde kennis en begrip van kindgesentreerde dienste in Suid-Afrika en die vermoë om te onderskei tussen dienste aan kinders op alle vlakke van die kontinuum van maatskaplikewerk-dienslewering, insluitende voorkoming, vroeë voorkoming, statutêre dienste, rekonstruksiedienste en nasorgdienste;</li> <li>• 'n begrip oor hoe om dienste en bedryfstrategieë vir kinders in die gemeenskap te identifiseer, asook om die dienste en strategieë wat in die beste belang van die kind sal wees, te ontleed en beskryf;</li> <li>• 'n vermoë om binne spesifieke wetlike beperkinge probleme ten opsigte van die beskerming van kinders te identifiseer, evalueer en op te los;</li> <li>• 'n begrip van die etiese implikasies van kindgesentreerde dienste;</li> <li>• 'n begrip oor hoe om dienslewering te beplan wat spesifiek op die behoeftes van kinders fokus;</li> <li>• 'n vermoë om komplekse inligting wat aan kindersorgwetgewing voldoen op 'n betroubare en samehangende manier te selekteer, aan te bied en te kommunikeer.</li> </ul>				
<b>Metode van aflewing:</b>	Voltyds			
<b>Assesseringsmetodes:</b>				
<b>Modulekode:</b> <b>BSWG221 (G402P)</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-Vlak: 6</b> <b>Krediete 8</b>		
<b>Titel:</b>	Maatskaplike groepwerk as 'n metode: teorie en praktyk			
<b>Module-uitkomste:</b> Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:				
<ul style="list-style-type: none"> <li>• insig te kan demonstreer van die rol van maatskaplike groepwerk as een van die metodes van maatskaplike werk;</li> <li>• die groep as 'n holistiese sisteem kan verstaan;</li> <li>• die waardes en beginsels van maatskaplike groepwerk te kan identifiseer en demonstreer hoe hierdie waardes en beginsels in die praktyk toegepas kan word;</li> <li>• die verskillende soorte groepe in maatskaplike groepwerk kan evalueer;</li> <li>• die verskillende take in die beplanning van maatskaplike groepwerk kan identifiseer;</li> <li>• tussen die verskillende fases van die maatskaplike groepwerkproses en die rolle van die maatskaplike werker tydens elkeen, kan onderskei (horizontale en vertikale benadering)</li> <li>• hierdie fases tydens dienslewering aan 'n groep kan implementeer; en</li> <li>• 'n voorstel kan skryf waardeur 'n instansie correed word van die behoeftes aan 'n groepwerk groep.</li> </ul>				
<b>Metode van aflewing:</b>	Voltyds			
<b>Assesseringsmetodes:</b>				
<b>Modulekode:</b> <b>BSWG222 (G402P)</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-Vlak: 6</b> <b>Krediete: 8</b>		
<b>Module-uitkomste:</b> Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:				
<ul style="list-style-type: none"> <li>• sy/haar kennis van die aard en konteks van gemeenskapswerk en gemeenskapsontwikkeling te kan demonstreer,</li> <li>• vir hom/haarself 'n persoonlike diensleweringsscredo – wat gebaseer is op die etiese beginsels van maatskaplike werk – te kan formuleer,</li> </ul>				

- bepaalde gemeenskapswerkverwante vaardighede – wat insluit om in groepe saam te werk, praktyksituasies krities te analiseer, gedagtes skriftelik te formuleer en openbare voordrage kan maak – *toe te kan pas en*
- vorige toepassings van die gemeenskapsopvoedingsmodel van gemeenskapswerk te kan evalueer en aan die hand daarvan, asook sy/haar nuut verworwe kennis en insig, riglyne vir die verbeterde toepassing daarvan te *kan formuleer*.

<b>Metode van aflewing:</b>	Voltyds					
<b>Assesseringsmetodes:</b>						
<b>Modulekode:</b> <b>BSWG223 (G402P)</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-Vlak:</b> 6	<b>Krediete:</b> 8			
<b>Titel:</b>	Basiese beginsels van maatskaplikewerkbestuur					
<b>Module-uitkomste:</b> Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:						
<ul style="list-style-type: none"> <li>• deeglike kennis van die bestursproses te kan demonstreer;</li> <li>• besturstrategieë effektiel te kan selekteer en toepas; en</li> <li>• die rolle en funksies van bestuur te kan toepas</li> </ul>						
<b>Metode van aflewing:</b>	Voltyds					
<b>Assesseringsmetodes:</b>						
<b>Modulekode:</b> <b>BSWG224 (G402P)</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-Vlak:</b> 6	<b>Krediete:</b> 8			
<b>Titel:</b>	Menseregte en maatskaplike geregtigheid					
<b>Module-uitkomste:</b> Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:						
<ul style="list-style-type: none"> <li>• die konsep 'mensegergte' te kan verduidelik;</li> <li>• die konsepte 'maatskaplike geregtigheid' en 'maatskaplike ongeregtigheid' te kan bespreek;</li> <li>• te kan verduidelik hoe die doelstellings van maatskaplike werk binne die raamwerk van maatskaplike geregtigheid inpas;</li> <li>• die artikels toepaslik vir maatskaplike werk in die relevante Verenigde Nasies dokumentasie te kan identifiseer;</li> <li>• die konsep van mensegergte soos vervat in die Handves van Menseregte en beskryf in die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, in maatskaplike werk te kan toepas; en</li> <li>• die missie en funksies van die Menseregtekommisie te kan beskryf.</li> </ul>						
<b>Metode van aflewing:</b>	Voltyds					
<b>Assesseringsmetodes:</b>						
<b>Modulekode:</b> <b>BSWG226 (G403P)</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-Vlak:</b> 6	<b>Krediete:</b> 8			
<b>Titel:</b>	Ontwikkelingsgerigte welsynsbeleid A					
<b>Module-uitkomste:</b> Na voltooiing van hierdie module moet die student die volgende kan toon:						
<ul style="list-style-type: none"> <li>• gedetailleerde kennis en begrip van maatskaplikewelsyn-beleide en die doel waarvoor dit geskep is, asook die doel van die beleid, en 'n begrip van die rol van maatskaplike werk ten opsigte van beleide;</li> <li>• gedetailleerde kenniseletterdheid oor welsynsbeleide en die invloed daarvan op dienste wat deur maatskaplike werkers gelewer word; die vermoë om die interverwantskap van maatskaplike welsynsbeleide, wetgewing en maatskaplike werk te evalueer; en 'n begrip van hoe die betrokke regeringstrukture funksioneer;</li> <li>• die vermoë om beleide en wetgewing in verband te bring en te interpreteer met verwysing na praktiese opsette waarin maatskaplike werkers werk/funksioneer;</li> <li>• die vermoë om verworwe kennis in probleemplossing te gebruik; en die vermoë om gapings te identifiseer en evalueer, en maatskaplike kwessies deur die implementering van die maatskaplikewelsyn-beleid op te los;</li> <li>• kennis en begrip van etiese aspekte en van die verpligting van maatskaplike werkers ten opsigte van hulle etiese pligte;</li> <li>• die vermoë om bestaande maatskaplikewerk-kwessies te evalueer en dit op grond van die huidige welsynstelsel in Suid-Afrika te ontleed;</li> <li>• 'n begrip van hoe die toepaslike regeringstrukture werk.</li> </ul>						

<b>Metode van aflewing:</b>	Voltyds					
<b>Assesseringsmetodes:</b>						
<b>Modulekode:</b> <b>BSWG311 (G402P &amp; G403P)</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-Vlak: 7</b>	<b>Krediete: 8</b>			
<b>Titel:</b>	Benaderings, teorieë en modelle in maatskaplike werk					
<b>Module-uitkomste:</b>						
Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:						
<ul style="list-style-type: none"> <li>te kan verduidelik hoe die kennisbasis van maatskaplike werk saamgestel is;</li> <li>'n goeie begrip van die kennisbasis van die verskillende benaderings en modelle in maatskaplike werk te kan demonstreer;</li> <li>te kan onderskei tussen die verskillende soorte teorieë, modelle en benaderings in maatskaplike werk; en</li> <li>die teoretiese basis en aard van die sekere benaderings en modelle te kan beskryf.</li> </ul>						
<b>Metode van aflewing:</b>	Voltyds					
<b>Assesseringsmetodes:</b>						
<b>Modulekode:</b> <b>BSWG312 (G402P)</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-Vlak: 7</b>	<b>Krediete: 12</b>			
<b>Titel:</b>	Gevorderde maatskaplike gevallewerk: teorie en praktyk					
<b>Module-uitkomste:</b>						
Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:						
<ul style="list-style-type: none"> <li>te kan verduidelik hoe die kennisbasis van maatskaplike werk saamgestel is;</li> <li>weerstand by kliënte kan hanteer;</li> <li>'n ekosistemiese assessorering van die kliënt en sy omgewing kan doen;</li> <li>relevante tegnieke met individue en hul omgewings toe kan pas;</li> <li>die evaluering- en assesseringsinstrumente in mikro-praktyk/kliniese maatskaplike werk kan gebruik;</li> <li>die modelle en benaderings in sy praktyk kan toepas</li> </ul>						
<b>Metode van aflewing:</b>	Voltyds					
<b>Assesseringsmetodes:</b>						
<b>Modulekode:</b> <b>BSWG313 (G402P)</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-Vlak: 7</b>	<b>Krediete: 12</b>			
<b>Titel:</b>	Gevorderde gemeenskapswerk: teorie en praktyk					
<b>Module-uitkomste:</b>						
Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:						
<ul style="list-style-type: none"> <li>sy/haar kennis en insig van die aard en veral toepassing van gemeenskapswerk en gemeenskapsontwikkeling te <i>kan demonstreer</i>;</li> <li>bepaalde gemeenskapswerkverwante vaardighede <i>toe te kan pas</i> – wat insluit om in groepe saam te werk, praktyksituasies krities te analiseer, beplande gemeenskapswerkoptrede skriftelik te formuleer en openbare voordrage te kan maak; en</li> <li>een of meer van vyf gemeenskapswerkmodelle (in die vorm van praktyknabootsings) te <i>kan toepas</i>.</li> </ul>						
<b>Metode van aflewing:</b>	Voltyds					
<b>Assesseringsmetodes:</b>						
<b>Modulekode:</b> <b>BSWG321 (G402P)</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-Vlak: 7</b>	<b>Krediete: 12</b>			
<b>Titel:</b>	Gevorderde maatskaplike groepwerk: teorie en praktyk					
<b>Module-uitkomste:</b>						
Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:						
<ul style="list-style-type: none"> <li>sy/haar bevoegdheid te kan demonstreer deur die verskillende modelle en teorieë in maatskaplike groepwerk van mekaar te onderskei, te evalueren en toe te pas;</li> <li>maatskaplike groepwerk intervensies te kan beplan en toepas;</li> <li>die verskillende leierskapsrolle en vaardighede van die maatskaplike werker kan onderskei en in die praktyk te kan toepas;</li> <li>die vaardigheid kan demonstreer om met verskillende tipes gedragswyses in 'n groep te handel;</li> <li>te kan demonstreer hoe diversiteit in 'n groep hanteer sal word;</li> <li>die noodsaaklikheid van evaluering en meting in maatskaplike groepwerk te kan bewys en h eie</li> </ul>						

<ul style="list-style-type: none"> <li>evalueringsraamwerk saam te kan stel;</li> <li>• 'n maatskaplike groepwerk projek te kan evalueer; en</li> <li>• 'n maatskaplike groepwerk projek van ses byeenkomste aan te kan bied.</li> </ul>						
<b>Metode van aflewing:</b>	Voltyds					
<b>Assesseringsmetodes:</b>						
<b>Modulekode:</b> <b>BSWG322 (G402P)</b>	<b>Semester 2</b>		<b>NKR-Vlak: 7</b> <b>Krediete: 16</b>			
<b>Titel:</b>	Maatskaplike werk met gesinne en kinders: konsepte en vaardighede vir effektiewe dienslewering					
<b>Module-uitkomste:</b>						
Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:						
<ul style="list-style-type: none"> <li>die nodige vaardighede en tegnieke in huweliksbegeleiding en –berading te kan identifiseer;</li> <li>• 'n kohrente en kritiese begrip van huweliksprobleme hê;</li> <li>• 'n indiepte en sistematiese kennisbasis waarbinne met kinders gewerk word, te kan formuleer en motiveer;</li> <li>• die vereistes waaraan 'n maatskaplike werker wat met kinders werk moet beantwoord, te kan verduidelik;</li> <li>• die toepaslike vaardighede en tegnieke om kinders te kan hanteer, te selekteer; en</li> <li>• met sensitiviteit en empatie teenoor kliente te kan optree.</li> </ul>						
<b>Metode van aflewing:</b>	Voltyds					
<b>Assesseringsmetodes:</b>						
<b>Modulekode:</b> <b>BSWG323 (G402P)</b>	<b>Semester 2</b>		<b>NKR-Vlak: 7</b> <b>Krediete: 12</b>			
<b>Titel:</b>	Gevorderde maatskaplike beleid, maatskaplike welsynsbeleid en maatskaplikewerfbeleid					
<b>Module-uitkomste:</b>						
Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:						
<ul style="list-style-type: none"> <li>die voorseeing van welsynsdienste in Suid-Afrika kritis te kan beoordeel;</li> <li>maatskaplike bestaansbeveiliging in Suid-Afrika kritis te kan beoordeel; en</li> <li>die huidige status en posisie van die maatskaplikewerf-professie binne die Suid-Afrikaanse konteks kritis te kan beoordeel.</li> </ul>						
<b>Metode van aflewing:</b>	Voltyds					
<b>Assesseringsmetodes:</b>						
<b>Modulekode:</b> <b>BSWG411</b>	<b>Semester 1</b>		<b>NKR-Vlak: 8</b> <b>Krediete: 16</b>			
<b>Titel:</b>	Misdaad en forensiese maatskaplike werk (PK & VDK)					
<b>Module-uitkomste:</b>						
Na voltooiing van die module behoort die student:						
<ul style="list-style-type: none"> <li>die maatskaplike werker se plek in die reg en in die hof te verstaan en te kan verduidelik;</li> <li>die voordele van spesialis opleiding in maatskaplike werk te kan bespreek;</li> <li>die verskillende howe in Suid-Afrika kan bespreek en die hele hofsisteem en -procedures te kan verduidelik;</li> <li>die hele verloop van die kriminele hof prosedure te kan verduidelik;</li> <li>die beginsels van bewysreg asook die vereistes van 'n deskundige in die hof te kan bespreek en verduidelik;</li> <li>die artikels van die Strafproseswet, Wet 51 van 1977 wat van toepassing is op die maatskaplike werker ken en te kan toepas;</li> <li>die verskillende strafteorieë en die verskillende strafvorme te kan verduidelik;</li> <li>egskeiding in Suid-Afrika, in samehang met die nodige wetgewing, in perspektief te kan plaas; en</li> <li>verskillende verslae (insluitende voorvonnisverslae; en ouerskapsplanne) aan die hof te kan voorsien.</li> </ul>						
<b>Metode van aflewing:</b>	Voltyds					
<b>Assesseringsmetodes:</b>						

<b>Modulekode:</b> <b>BSWG413</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-Vlak: 8</b> <b>Krediete: 8</b>		
<b>Titel:</b>	Maatskaplike werk in sekondêre opsette (PK & VDK)			
<b>Module-uitkomste:</b> Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:				
<ul style="list-style-type: none"> <li>• die psigososiale aspekte van gesondheid, siekte en gestremdheid te kan bespreek.</li> <li>• die emosionele reaksies van 'n gestremdheid te kan bespreek.</li> <li>• die houding, waardes en etiek van gesondheidswerkers verstaan.</li> <li>• psigososiale probleme in geselekteerde gesondheidstoestande, siektes en gestremdhede te kan bespreek; en</li> <li>• die verskillende psigososiale intervensies te kan bespreek.</li> </ul>				
<b>Metode van aflewing:</b>	Voltyds			
<b>Assesseringsmetodes:</b>				
<b>Modulekode:</b> <b>BSWG414</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-Vlak: 8</b> <b>Krediete: 8</b>		
<b>Titel:</b>	Maatskaplikewerk-dienste aan spesifieke kliëntsisteme (PK & VDK)			
<b>Module-uitkomste:</b> Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:				
<ul style="list-style-type: none"> <li>• die kenmerke en probleme van bejaardes te kan identifiseer;</li> <li>• maatskaplike beleid en wetgewing rakende bejaardheid te kan interpreteer;</li> <li>• beskikbare hulpmiddels, fasilitate, dienste, programme en projekte rakende bejaardes te kan identifiseer;</li> <li>• die verskynsel van MIV en Vigs te verstaan;</li> <li>• die teorieë van MIV en Vigs te kan beskryf;</li> <li>• die maatskaplike beleid en wetgewing rakende MIV en Vigs te kan interpreteer;</li> <li>• die beskikbare hulpbronne, fasilitate, dienste, programme en projekte rakende MIV en Vigs te kan identifiseer;</li> <li>• armoede as universele verskynsel kan omlyn en die teorieë onderliggend aan die verskynsel te analiseer;</li> <li>• die oorsake en gevolge van armoede te kan identifiseer en analiseer;</li> <li>• die maatskaplike beleid en wetgewing rakende armoede te kan interpreteer;</li> <li>• beskikbare hulpbronne, fasilitate, dienste, programme en projekte rakende armoede te kan identifiseer;</li> <li>• die verskillende vorme van gestremdheid te kan identifiseer;</li> <li>• die maatskaplike beleid en wetgewing wat op gestremdheid betrekking het, te kan interpreteer; en</li> <li>• die beskikbare hulpbronne, fasilitate, dienste, programme en projekte rakende gestremdheid te kan identifiseer.</li> </ul>				
<b>Metode van aflewing:</b>	Voltyds			
<b>Assesseringsmetodes:</b>				
<b>Modulekode:</b> <b>BSWG415</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-Vlak: 8</b> <b>Krediete: 12</b>		
<b>Titel:</b>	Gesins- en kinderterapie			
<b>Module-uitkomste:</b> Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:				
<ul style="list-style-type: none"> <li>• die konsep 'gesin' verstaan en sy/haar persoonlike en professionele waardes en etiese standarde daaromtrent te kan vorm.</li> <li>• die kompleksiteit waarbinne gesinne funksioneer te kan bespreek.</li> <li>• die gesin binne die totale familiesisteem te kan eksplorieer en assesseer.</li> <li>• die gesinssisteem se funksionering kan analiseer en die gesin se sterktes en areas waar daar groei moet plaasvind, te kan identifiseer</li> <li>• praktyk bewese ('evidence-based') gesinsintervensie te kan selekteer en beplan</li> <li>• assesser en intervensie met mekaar in verband te kan stel</li> <li>• die teoretiese perspektiewe waarbinne kinders hanteer word, te kan evalueer en die toepaslikheid daarvan te kan verduidelik.</li> <li>• die basis van spelterapie volgens die Gestalt en Rasionele Emotiewe Terapie (RET) uiteen te kan sit en te kan verduidelik;</li> <li>• te kan aandui hoe 'n terapeutiese verhouding met die kind, wat op bepaalde beginsels gebaseer is,</li> </ul>				

geskep kan word;
• die verskillende tegnieke/hulpmiddels van elke spelvorm te kan verduidelik en elk in terme van die bruikbaarheid daarvan te kan evalueer;
• die ontwikkeling van fantasie by kinders en die doel daarvan te kan verduidelik;
• te kan beskryf hoe die maatskaplike werker kommunikasie met die kind kan verbeter;
• te kan verduidelik hoe verlies en trauma die kind se gedrag kan affekteer, en oplossings daarvoor aan die hand te doen;
• die speltegnieke in assessering van seksueel misbruikte kinders te kan verduidelik en aanwend;
• die redes waarom kinders nie die seksuele misbruik aanmeld nie, te kan verduidelik en te faciliteer; en
• die probleme waarmee maatskaplike werkers wat met kinders werk te doen kry, te kan beskryf en oorbrug.

<b>Metode van aflewing:</b>	Voltyds	
<b>Assesseringsmetodes:</b>		
<b>Modulekode:</b> <b>BSWG416</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-Vlak: 8</b> <b>Krediete: 8</b>
<b>Titel:</b>	Maatskaplikewerk-intervensies rakende substans misbruik en afhanklikheid	

<b>Module-uitkomste:</b>
Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:
• substansmisbruik as globale probleem, met spesifieke verwysing na die konteks van Afrika en die situasie in Suid-Afrika, te verstaan;
• die verskillende programme en strategieë van die privaat en openbare sektore te verstaan en in die stryd teen substansmisbruik en -afhanklikheid te kan benut;
• kundigheid kan demonstreer rakende dienslewering aan verskillende slagoffers van substansmisbruik insluitende: alkoholiste, persone afhanklik van ander afhanklikheids-vormende stowwe, jeugdiges, vroue en ouer persone;
• 'n verskeidenheid van programme van 'n voorkomende aard te kan beplan en professionele uitvoer;
• vroeë intervensie en ander vorme van behandeling van die slagoffers van substansmisbruik en hulle gesinne te kan implementeer;
• bestaande dienste en gemeenskaphulpbronne op 'n professionele wyse en in die beste belang van die slagoffer van substansmisbruik en hulle gesinne, kan identifiseer, te eksplorieer en ontwikkel;
• binne die waardes en etiese kode van maatskaplike werk, korrek op te kan tree;
• deurlopend 'n kliëntgesentreerde benadering in alle maatskaplikewerk-insette rakende substansmisbruik te kan volg;
• die interpersoonlike vaardighede wat vereis word vir dienslewering binne 'n multidissiplinêre opset, te bemeester; en
• sy/haar kennis rakende substansmisbruik te kan toepas en hierdie kennis op 'n wetenskaplike wyse te kan kommunikeer.

<b>Metode van aflewing:</b>	Voltyds	
<b>Assesseringsmetodes:</b>		
<b>Modulekode:</b> <b>BSWG417</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-Vlak: 8</b> <b>Krediete: 8</b>
<b>Titel:</b>	Diversiteit in maatskaplike werk	

<b>Module-uitkomste:</b>
Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:
• die teoretiese raamwerk waarbinne multikulturele maatskaplike werk onderneem word, te kan verduidelik;
• die konstrukte wat met kultuur en kulturele bekwaamheid verband hou, te kan verduidelik en motiveer;
• met sensitiwiteit en empatie teenoor verskillende kliënte op te kan tree en elk vanuit selfbegrip en openheid te kan hanteer;
• persoonlike voorkeure identifiseer en voorkom dat eie waardes en norme op kliënte afgeloseer word;
• teenoor faktore soos diskriminasie te kan veg en etiese beginsels in die praktyk te kan toepas;
• teoretiese konsepte rakende diversiteit in die maatskaplikewerkpraktyk te kan toepas;
• van kultureel gedefinieerde gedragspatrone gebruik te kan maak ten einde 'n suksesvolle diens in die gemeenskap te lewer;
• kritieke maatskaplike kwessies en die instandhouding daarvan bevragekten, die moontlike

<p>negatiewe effek daarvan uit te wys en oplossings daarvoor voorstel;</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>strategie om onbillike praktyke te beëindig te kan voorstel en aanwend</li> <li>kennis en vaardighede in die multikulturele maatskaplike-werapraktyk te kan aanwend;</li> <li>realistiese doelwitte rakende 'n diverse kliëntsisteem kan daarstel en die bes moontlike diens binne diverse gemeenskappe te kan voorsien; en</li> <li>met waardigheid teenoor en vir alle moontlike kliënte op te tree.</li> </ul>						
<b>Metode van aflewering:</b>	Voltyds					
<b>Assesseringsmetodes:</b>						
<b>Modulekode:</b> BSWG418	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-Vlak: 8</b>	<b>Krediete: 8</b>			
<b>Titel:</b>	Praktykbestuur in maatskaplike werk					
<b>Module-uitkomste:</b>						
Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:						
<ul style="list-style-type: none"> <li>die prosesse onderliggend aan die praktykbestuurproses te kan beskryf, interpreteer en implementeer;</li> <li>die organisasie konteks te kan verstaan;</li> <li>sy/haar eie werk en gevallenlading op 'n professioneel verantwoordbare wyse te kan bestuur; en</li> <li>die rol van supervisie in die maatskaplikewerk-praktyk krities te kan evalueer.</li> </ul>						
<b>Metode van aflewering:</b>	Voltyds					
<b>Assesseringsmetodes:</b>						
<b>Modulekode:</b> BSWG471	<b>Semester 1 &amp; 2</b>	<b>NKR-Vlak: 8</b>	<b>Krediete: 48</b>			
<b>Titel:</b>	Internskap (PK & VDK)					
<b>Module-uitkomste:</b>						
Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:						
<ul style="list-style-type: none"> <li>die praktykvereistes wat deur die universiteit en praktykorganisasies gestel word, te verstaan en te kan nakom;</li> <li>die praktykorganisasie waar die mini-internskap gedoen word asook die gemeenskaps-verband waarbinne dit funksioneer, te ken, te verstaan en kan benut;</li> <li>professionele-etiese oordeel aan die dag te kan lê;</li> <li>die nodige maatskaplikewerk-dienste aan die individu te kan lewer;</li> <li>die nodige maatskaplike groepwerkendienste te kan lewer;</li> <li>die nodige gemeenskapswerk en gemeenskapsontwikkelingsdienste te kan lewer;</li> <li>die nodige praktykbestuursvaardighede te kan toepas;</li> <li>'n navorsingvoorstel te kan saamstel;</li> <li>komunikasievaardighede te kan demonstreer;</li> <li>insig te kan toon in die hulpbronne ten opsigte van bestaansbeveiliging;</li> <li>insig te kan toon in statutêre beleid en take asook die toepaslike vorms wat voltoo moet word;</li> <li>aan die vereistes van die SARMD te kan voldoen;</li> <li>professionele-etiese oordeel aan die dag te kan lê;</li> <li>netwerke te kan opbou en binne 'n span te kan saamwerk;</li> <li>die visie, missie en werksaamhede van 'n beroepsvereniging, asook die rol van vakbond en professionele versekering te begryp;</li> <li>die aansoek om 'n betrekking (insluitende die samestelling van 'n curriculum vitae) en die indiensnemingsprosedures te kan hanteer;</li> <li>persoonlike behoeftes vir inskakeling in 'n nuwe gemeenskap en werksmilieu te kan identifiseer;</li> <li>toesighouding (supervisie) sinvol te kan benut;</li> <li>met die nodige professionaliteit binne 'n nuwe werksmilieu te kan funksioneer;</li> <li>'n koherente en kritiese begrip van maatskaplike probleme en die verskillende diensveldelde van maatskaplike werk te kan demonstreer;</li> <li>konkrete en abstrakte probleme en strydvrae met behulp van praktyk bewese oplossings en teorie gedrewe argumente te kan hanteer;</li> <li>'n omvattende kennis van hedendaagse maatskaplike vraagstukke en dienslewerings-veldelde te kan demonstreer;</li> <li>sy/haar eie idees en menings op 'n gestruktureerde en professionele; wyse aan 'n gehoor te kan aanbied; en</li> </ul>						

<ul style="list-style-type: none"> <li>die kwaliteit van sy/haar professionele mondering tydens 'n mondeling eksamen te kan bewys.</li> </ul>				
<b>Metode van aflewing:</b>	Voltyds			
<b>Assesseringsmetodes:</b>				
<b>Modulekode:</b> <b>BSWG472</b>	<b>Semester 1 &amp; 2</b>	<b>NKR-Vlak: 8</b> <b>Krediete: 24</b>		
<b>Titel:</b>	Maatskaplike werk-navorsing: teorie en toepassing			
<b>Module-uitkomste:</b>				
Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:				
<ul style="list-style-type: none"> <li>die konteks en praktyk van maatskaplike werk-navorsing te verstaan;</li> <li>die navorsingsproses, insluitende die voorondersoek, steekproeftrekking, navorsings-ontwerp, modelle en procedures te begryp;</li> <li>die werksmetode van die maatskaplike werk-navorsing te kan uitvoer;</li> <li>die vereistes en inhoud van 'n navorsingsvoorstel te kan bespreek;</li> <li>die vereistes en inhoud van 'n navorsingsverslag te verstaan;</li> <li>die verskillende tipes navorsingsverslae te kan onderskei;</li> <li>die aard van studieleiding en studiebenutting te verstaan en optimaal te kan benut;</li> <li>toepaslike literatuur in konteks met empiriese data te kan bring en integreer;</li> <li>basiese statistiek en die grafiese voorstelling van data begryp;</li> <li>die verskillende aspekte van meting te kan verduidelik, en</li> <li>die resultate van navorsing skriftelik in 'n navorsingsverslag te kan verwoord.</li> </ul>				
<b>Metode van aflewing:</b>	Voltyds			
<b>Assesseringsmetodes:</b>				
<b>Modulekode:</b> <b>BSWI111 (G403P)</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-Vlak: 5</b> <b>Krediete: 12</b>		
<b>Titel:</b>	Lewensvaardighede: teorie en praktyk			
<b>Module-uitkomste:</b>				
Na voltooiing van die module moet die student die volgende kan toon:				
<ul style="list-style-type: none"> <li>ingeligte kennis en begrip van die bategebaiseerde benadering, wat 'n teorie is wat lewensvaardighede-opvoeding in maatskaplike werk rig;</li> <li>'n begrip van lewensvaardighede-opvoeding as 'n primêre, sekondêre en tersiêre maatreël om te help om persoonlike doeltreffendheid en interaksieveldighede te verbeter;</li> <li>die vermoë om 'n lewensvaardighedeprogram te ontwerp en implementeer, en probleme tydens 'n opleidingsimulasie-sessie in die klas op te los;</li> <li>die vermoë om inligting betroubaar, akkuraat en samehangend te kommunikeer terwyl 'n lewensvaardighedeprogram ontwerp en geïmplementeer word;</li> <li>die vermoë om doeltreffend met ander te werk en hulle as lede van 'n span te respekteer terwyl die lewensvaardighedeprogram geïmplementeer word.</li> </ul>				
<b>Metode van aflewing:</b>	Voltyds			
<b>Assesseringsmetodes:</b>				
<b>Modulekode:</b> <b>BSWI121 (G403P)</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-Vlak: 5</b> <b>Krediete: 12</b>		
<b>Titel:</b>	Professionele gedrag: teorie en praktyk			
<b>Module-uitkomste:</b>				
Na voltooiing van die module moet die student die volgende kan toon:				
<ul style="list-style-type: none"> <li>kennis en ingeligte begrip van die noodsaaklike fasiliterende kwaliteite en eienskappe van die maatskaplike werker;</li> <li>die vermoë om die basiese interpersoonlike vaardighede in kommunikasie met die kliënt toe te pas;</li> <li>die vermoë om eie sterk punte en swakhede as maatskaplike werkstudent volgens ingesamelde inligting te evalueer;</li> <li>kennis oor die rol van die vrywilliger in 'n afdeling van die welsyngebied, en insig in die rol van 'n vrywilliger in die welsynpraktyk;</li> <li>die vermoë om verantwoordelikheid vir eie leer as maatskaplike werkstudent te neem;</li> <li>die vermoë om doeltreffend met groeplede saam te werk om kommunikasietegnieke met kliënte na te vors.</li> </ul>				
<b>Metode van aflewing:</b>	Voltyds			
<b>Assesseringsmetodes:</b>				

<b>Modulekode:</b> <b>BSWI122 (G403P)</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-Vlak: 5</b> <b>Krediete: 12</b>		
<b>Titel:</b>	Die ontwikkelingsbenadering tot maatskaplike werk en welsyn			
<b>Module-uitkomste:</b>				
Na voltooiing van die module moet die student die volgende kan toon:				
<ul style="list-style-type: none"> <li>• ingeligte kennis en 'n begrip van die sleutelterme en -konsepte van maatskaplike ontwikkeling as benadering tot maatskaplike werk; kennis oor hoe maatskaplike ontwikkeling in maatskaplike werk en welsyn na vore gekom het; en die relevansie van maatskaplike ontwikkeling in maatskaplike werk te verduidelik;</li> <li>• die vermoë om die waarde van die ontwikkelingsgerigte benadering teenoor ander makrobenaderings tot welsyn te evalueer; en om 'n bevinding oor die kwessie te formuleer en hulle be vindings te verdedig</li> <li>• die vermoë om in 'n verskeidenheid bekende en nuwe kontekste te werk en 'n begrip van die aard van ontwikkelingsgerigte maatskaplike dienste in Suid-Afrika aan te toon.</li> </ul>				
<b>Metode van aflewing:</b>	Voltyds			
<b>Assesseringsmetodes:</b>				
<b>Modulekode:</b> <b>BSWI121 (G403P)</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-Vlak: 6</b> <b>Krediete: 12</b>		
<b>Titel:</b>	Gevallewerk: teorie en praktyk A			
<b>Module-uitkomste:</b>				
Na voltooiing van die module moet die student die volgende kan toon:				
<ul style="list-style-type: none"> <li>• gedetailleerde kennis van gevallewerk as metode in maatskaplike werk;</li> <li>• 'n begrip van individuele en gesinsintervensieprosesse;</li> <li>• die vermoë om gesikte onderhoudsmetodes en -tegnieke te selekteer en dit in 'n werklike gevallewerk-/onderhoudsproses toepas;</li> <li>• 'n begrip van die waardes, etiese beginsels en wetlike verpligtinge van 'n maatskaplike werker te verstaan en die implikasies van hulle besluite en optrede ten opsigte van die etiese kode van die SARMDP;</li> <li>• die vermoë om die waardes, etiese beginsels en wetlike verpligtinge van 'n maatskaplike werker in gesimuleerde en werklike praktyksituasies toe te pas;</li> <li>• verskillende inligtingsbronne te evalueer en toepaslike inligting te identifiseer om by gevallewerkverslae in te sluit.</li> </ul>				
<b>Metode van aflewing:</b>	Voltyds			
<b>Assesseringsmetodes:</b>				
<b>Modulekode:</b> <b>BSWI212 (G403P)</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-Vlak: 6</b> <b>Krediete: 8</b>		
<b>Titel:</b>	Gemeenskapswerk: teorie en praktyk A			
<b>Module-uitkomste:</b>				
Na voltooiing van die module moet die student die volgende kan toon:				
<ul style="list-style-type: none"> <li>• gedetailleerde kennis en begrip van die konteks, aard en komponente van gemeenskapswerk as 'n maatskaplikewerk-metode en van die denkritzings wat 'n rol speel in die manier waarop dit in die praktyk geïmplementeer word;</li> <li>• die proses verduidelik wat in die implementering van gemeenskapswerk in die algemeen en die gemeenskapsopvoedingsmodel in die besonder gevolg word;</li> <li>• die vermoë om 'n praktyksenario te ontleed;</li> <li>• die vermoë om 'n gemeenskapswerkprojek te ontwerp wat op 'n praktyksimulasie gebaseer is en waarin veral die gemeenskapsopvoedingsmodel benut word; en</li> <li>• die vermoë om idees en planne op skrif te stel en om spesifieke gemeenskapswerkverwante vaardighede te benut.</li> </ul>				
<b>Metode van aflewing:</b>	Voltyds			
<b>Assesseringsmetodes:</b>				
<b>Modulekode:</b> <b>BSWI221 (G403P)</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-Vlak: 6</b> <b>Krediete: 8</b>		
<b>Titel:</b>	Maatskaplike groepwerk: teorie en praktyk A			
<b>Module-uitkomste:</b>				
Na voltooiing van die module moet die student die volgende kan toon:				

- |   |
|---|
| <ul style="list-style-type: none"> <li>'n begrip van groepwerk as holistiese stelsel en as metode in maatskaplike werk;</li> <li>die vermoë om tussen verskillende tipes maatskaplikewerk-groepes te differensieer;</li> <li>'n begrip van die maatskaplikegroepwerk-proseses en die beoefening daarvan, asook 'n begrip van die rol van die maatskaplike werker in elkeen van die fases;</li> <li>die vermoë om maatskaplikegroepwerk-verslae te skryf.</li> </ul> |
|---|

<b>Metode van aflewing:</b>	Voltyds	
<b>Assesseringsmetodes:</b>		
<b>Modulekode:</b> <b>BWSI222 (G403P)</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-Vlak: 6</b> <b>Krediete: 8</b>
<b>Titel:</b>	Kindersorgwetgewing en verbandhoudende maatskaplikewerk-dienste	

**Module-uitkomste:**

Na voltooiing van die module moet die student die volgende kan toon:

- gedetailleerde kennis en begrip ten opsigte van kindersorgwetgewing, asook kennis en vaardighede wat te doen het met die intervensies wat met die beskerming van kinders en die toepassing van spesifieke kindersorgwetgewing verband hou;
- die vermoë om die funksionering te evalueer van 'n welsynsorganisasie wat op kindgesentreerde dienslewering fokus en daaroor verslag te doen;
- 'n begrip van die etiese implikasies tydens intervensies met kinders wat sorg en beskerming nodig het.

<b>Metode van aflewing:</b>	Voltyds	
<b>Modulekode:</b> <b>BWSI311 (G403P)</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-Vlak: 7</b> <b>Krediete: 8</b>
<b>Titel:</b>	Maatskaplike werk met kinders	

**Module-uitkomste:**

Na voltooiing van die module moet die student die volgende kan toon:

- geïntegreerde kennis en begrip van die skep van 'n terapeutiese verhouding met 'n kind;
- 'n begrip van die verskillende spelmateriaal in die fasilitering van die intervensieproses in dienslewering aan 'n kind;
- die vermoë om die procedures toe te pas wat vir intervensie met kinders benodig word;
- die vermoë om probleemplossingsvaardighede in maatskaplike werk met kinders toe te pas en die uitkoms daarvan te evalueer;
- die vermoë om die etiese oorwegings aan te duい wanneer daar met kinders gewerk word, en om te demonstreer hoe dit die diens aan kinders kan affekteer;
- die vermoë om toepaslike inligting te verwerk; hulle vermoë om persoonlike eienskappe volgens professionele vereistes wanneer met kinders gewerk word te evalueer;
- die leerbehoeftes ten opsigte van die werk met kinders te evalueer en hanteer, en om die proses van terapie aan kinders te bestuur.

<b>Metode van aflewing:</b>	Voltyds	
<b>Modulekode:</b> <b>BWSI312 (G403P)</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-Vlak: 7</b> <b>Krediete: 12</b>
<b>Titel:</b>	Ontwikkelingsgerigte welsynsbeleid B	

**Module-uitkomste:**

Na voltooiing van die module moet die student die volgende kan toon:

- geïntegreerde kennis van die huidige rol en funksie van die maatskaplikewerk-professie, en die beleide sowel as die strategieë vir armoedeoverligting binne die Suid-Afrikaanse welsyn- en maatskaplikewerk-diensleweringkonteks;
- 'n begrip van ondersoekmetodes en 'n vermoë om hierdie metodes in 'n ondersoek toe te pas;
- 'n vermoë om armoedeeverwante probleme en die materiële behoeftes van mense te identifiseer, ontleed en krities daaroor na te dink en om bewysgebaseerde oplossings en teoriegedrewe argumente toe te pas;
- 'n vermoë om besluite te neem en eties, aanspreeklik en professioneel op te tree, en die vermoë om daardie besluite en optrede te regverdig deur van 'n menseregte- en maatskaplikegeregtigheidsperspektief gebruik te maak;
- die vermoë om toegang te verkry tot inligting ten opsigte van armoede en materiële behoeftes, asook verbandhoudende beleid, wetgewing, programme en dienste en dit te, verwerk en bestuur;
- 'n vermoë om hulle idees en menings in goedgeformuleerde argumente te produseer en kommunikeer deur toepaslike akademiese, professionele, of beroepsdiskoers te gebruik;
- 'n vermoë om prosesse in maatskaplikewerk-diensleweringkontekste te bestuur en te erken dat

probleemoplossing konteks- en stelselegebonden is en nie in isolasie voorkom nie.						
<b>Metode van aflewering:</b>	Voltyds					
<b>Assesseringsmetodes:</b>						
<b>Modulekode:</b> <b>BWSI313 (G403P)</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-Vlak:</b> 7	<b>Krediete:</b> 8			
<b>Titel:</b>	Maatskaplike groepwerk: teorie en praktyk B					
<b>Module-uitkomste:</b>						
Na voltooiing van die module moet die student die volgende kan toon:						
<ul style="list-style-type: none"> <li>• die vermoë om 'n begrip van maatskaplike groepwerk as een van die metodes in maatskaplike werk te integreer;</li> <li>• die vermoë om modelle, teorieë en benaderings in maatskaplike groepwerk te bereedneer en evalueer;</li> <li>• die vermoë om toepaslike maatskaplikegroepwerk-intervensiestrategieë vir verskillende tipes maatskaplikewerk-groepe te identifiseer en fasiliteer en daaroor te besin;</li> <li>• die vermoë om binne die norme en waardes van maatskaplike groepwerkproses eties en professioneel op te tree;</li> <li>• die vermoë om die inligting met verskillende soorte gedrag onder groepplede te evalueer en bestuur;</li> <li>• die vermoë om wetenskaplik te evalueer of die groepwerkprojek geslaagd was.</li> </ul>						
<b>Metode van aflewering:</b>	Voltyds					
<b>Assesseringsmetodes:</b>						
<b>Modulekode:</b> <b>BWSI321 (G403P)</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-Vlak:</b> 7	<b>Krediete:</b> 12			
<b>Titel:</b>	Gevallewerk: teorie en praktyk B					
<b>Module-uitkomste:</b>						
Na voltooiing van die module moet die student die volgende kan toon:						
<ul style="list-style-type: none"> <li>• 'n geïntegreerde kennis en begrip van die modelle, tegnieke en benaderings in maatskaplike gevallewerk;</li> <li>• 'n geïntegreerde kennis en begrip van die ekosistemiese evaluering van die kliënt en sy omgewing;</li> <li>• die vermoë om ekosistemiese evaluering te identifiseer om die komplekse probleme wat kliënte ervaar, te ontleed;</li> <li>• die vermoë om kennis van, insig in en vaardighede oor gevallewerk in die praktyk toe te pas;</li> <li>• die vermoë om toepaslike inligtingsamelingsprosesse uit maatskaplikegevallewerk-verslae te ontwikkel;</li> <li>• die vermoë om diversiteitsverwante sake in maatskaplike werk te herken en oorkom.</li> <li>• die vermoë om effekief te kommunikeer met betrekking tot gevallewerk</li> </ul>						
<b>Metode van aflewering:</b>	Voltyds					
<b>Assesseringsmetodes:</b>						
<b>Modulekode:</b> <b>BWSI322 (G403P)</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-Vlak:</b> 7	<b>Krediete:</b> 12			
<b>Titel:</b>	Gemeenskapswerk: teorie en praktyk B					
<b>Module-uitkomste:</b>						
Na voltooiing van die module moet die student die volgende kan toon:						
<ul style="list-style-type: none"> <li>• 'n geïntegreerde kennis en begrip van die konteks, aard en toepassing van al vyf praktykmodelle van gemeenskapswerk; die vermoë om die prosesse te verduidelik wat in die toepassing van elke praktykmodel gevolg word; en die vermoë om die prosesse wat gevolg word in die toepassing van al vyf praktykmodelle te vergelyk en teenoor mekaar te stel;</li> <li>• die vermoë om 'n gemeenskap na te vors en te ontleed en oor die bevindinge verslag te doen; en om praktykscenario's krities te ontleed;</li> <li>• die vermoë om idees en planne op skrif te stel; en om spesifieke gemeenskapswerkverwante vaardighede te benut;</li> <li>• die vermoë om 'n praktyksimulasiegebaseerde gemeenskapswerk-diensleweringsprogram te onwerp waarin 'n kombinasie van praktykmodelle benut word.</li> </ul>						
<b>Metode van aflewering:</b>	Voltyds					
<b>Assesseringsmetodes:</b>						

<b>Modulekode:</b> <b>BSWP321 (G403P)</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-Vlak: 7</b> <b>Krediete: 16</b>		
<b>Titel:</b>	Maatskaplike werk prakties A			
<b>Module-uitkomste:</b>				
Na voltooiing van die vakansieplasingskomponent van die module moet die student die volgende kan toon:				
<ul style="list-style-type: none"> <li>• 'n geïntegreerde kennis en begrip van die aard van ontwikkelingsgerigte maatskaplike werk en die gebruik daarvan in dienslewering aan geselekteerde kwesbare groepe;</li> <li>• 'n begrip van die kompleksiteite betrokke by die keuse en toepassing/implementering van toepaslike procedures, prosesse/tegnieke, beleide en hulpbronne wanneer onbekende probleme hanteer word wat in die maatskaplikewerk-praktyk ervaar word;</li> <li>• die vermoë om 'n verskeidenheid gespesialiseerde vaardighede in maatskaplikewerk-intervensie te identifiseer om</li> <li>• komplekse of abstrakte probleme te ontleed en te hanteer deur stelselmatig die korpus kennis op die gebied van maatskaplike werk te ontgin en toepaslike metodes binne die plasingsorganisasie, asook die gemeenskapskonteks waarin dit funksioneer, toe te pas.</li> </ul>				
Na voltooiing van die groepwerkkomponent van die module moet die student die volgende kan toon:				
<ul style="list-style-type: none"> <li>• toegespouse tegnieke ten opsigte van groepwerkteorieë, -metodes en -tegnieke;</li> <li>• 'n begrip van die kompleksiteite wat by die keuse, toepassing of oordrag van groepwerkprosedures, -prosesse en -tegnieke in die maatskaplikewerk-praktyk betrokke is;</li> <li>• die vermoë om 'n verskeidenheid gespesialiseerde groepwerkvaardighede te ontleed en komplekse probleme te hanteer;</li> <li>• die vermoë om professionele etiese oordeel in die maatskaplikewerk-praktyk toe te pas;</li> <li>• 'n vermoë om akademiese, professionele of beroepsidées en tekste doeltreffend aan 'n reeks gehore oor te dra, en kreatiewe insigte, streng interpretasies en oplossings vir probleme en kwessies wat op die maatskaplikewerk-konteks van toepassing is, aan te bied;</li> <li>• 'n vermoë om doeltreffend te werk binne die praktiese opleidingsorganisasie, asook die gemeenskapskonteks waarbinne dit funksioneer, en om 'n begrip vir die rolle en verhoudings tussen die elemente binne die stelsel te ontwikkel;</li> <li>• die vermoë om hulpbronne vir groepwerkintervensie te gebruik</li> <li>• die vermoë om inligtingsinsamelings-, evaluerings- en bestuursprosesse in die praktiese organisasie, asook die gemeenskapskonteks waarbinne dit funksioneer, krities te hersien om sodoende kreatiewe response op maatskaplikewerk-probleme en -kwessies te ontwikkel.</li> </ul>				
<b>Metode van aflewing:</b>	Voltyds			
<b>Assesseringsmetodes:</b>				
<b>Modulekode:</b> <b>CHEM111</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-Vlak: 5</b> <b>Krediete: 12</b>		
<b>Titel:</b>	Inleidende anorganiese en fisiese chemie			
<b>Module-uitkomste:</b>				
Na voltooiing van die module CHEM111, behoort die student:				
<ul style="list-style-type: none"> <li>• fundamentale kennis en insig te demonstreer van die eienskappe van stowwe en verbindings, intermolekulêre wisselwerking, waterige oplossings, chemiese ewewigte, sure en basisse, neerslagvorming en elektrokoordragreaksies en hierdie kennis te kan toepas om chemiese formules te skryf en te benoem,</li> <li>• reaksievergelykings te balanseer, stoïometriese en ander berekenings te gebruik om 'n onbekende grootte te vind;</li> <li>• die bevoegdheid te hê om tendense en verbande uit die periodieke tabel (hoofgroepe) te verklaar;</li> <li>• vaardighede te demonstreer in die toepassing van laboratorium- en veiligheidsreëls;</li> <li>• bevoeg te wees om waargenome chemiese verskynsels te verklaar, berekenings in verband daarmee uit te voer, resultate wetenskaplik te kommunikeer en toepassings daarvan in die nywerheid en omgewing beter te kan begryp.</li> <li>• die vermoë te hê om chemiese reaksies te bestuur deur die entalpie van reaksies te bereken, die tempo van reaksies te bepaal, ewewigkonstantes te bepaal en ander aspekte van waterige ewewigte soos bufferoplossings en oplosbaarheidsprodukte te bereken.</li> </ul>				
<b>Metode van aflewing:</b>	Voltyds			
<b>Assesseringsmetodes:</b>				

<b>Modulekode:</b> <b>CHEM121</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-Vlak:</b> 5 <b>Krediete:</b> 12		
<b>Titel:</b>	Inleidende organiese chemie			
<b>Module-uitkomste:</b>				
Na suksesvolle voltooiing van hierdie module, behoort die student die volgende te kan demonstreer:				
• Kennis en ingeligte begrip van die konsepte wat die volgende subtemas van organiese chemie onder�e atoomstruktur, chemiese binding, molekul鑑e geometrie, organiese nomenklatur en intermolekul鑑e kragte, sowel as die belangrikste klasse van organiese verbindings, insluitende alkane, alkene, bensene haloalkane, alkohole, amiene, eters, karboksieleure, asielhaliede, anhidriede, ester en amiede.				
• Die vermoë om die strukture van organiese verbindings te evalueer en sodoende geskikte sinteseprocedures met 'n beperkte aantal stappe te identifiseer.				
• Optrede in die akademiese omgewing wat voldoen aan die gedragskode van die Noordwes-Universiteit.				
• Aanwending van basiese navorsingsvaardighede, soos insameling en verifikasie van inligting vanuit verskillende bronne en die gebruik van hierdie inligting om 'n koherente geheel saam te stel. Die vermoë om vakspesifieke idees skriftelik te kommunikeer op 'n koherente wyse met inagneming van die konvensies rakende kopiereg en plagiaat.				
• Die vermoë om die groen chemie benadering toe te pas op organiese chemie en die verwantskap tussen ons benadering tot chemie en die langtermyn oorlewing van die mensdom aan te toon.				
• Die vermoë om sy of haar leeraktiwiteite te bestuur en vakspesifieke leerstrategiee, soos aangetoon in die CHEM 121 studiegids, te implementeer om leerprobleme te verbeter.				
• Die vermoë om in 'n groep te kan werk en gepaste bydraes te maak om een of meer praktiese sessie suksesvol af te handel om sodoende medeverantwoordelikheid te neem vir die bereiking van die uitkoms deur die groep.				
<b>Metode van aflewing:</b>	Voltyds			
<b>Assesseringsmetodes:</b>				
<b>Modulekode:</b> <b>DRKS111</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-Vlak:</b> 5 <b>Krediete:</b> 12		
<b>Titel:</b>	Invertebrata			
<b>Module-uitkomste:</b>				
Na suksesvolle voltooiing van hierdie module sal die student:				
• basiese kennis en ingeligte begrip hê van sistematiek en die klassifikasie van diere, vorm en funksie van diere in die algemeen en van ongewerweldes in die besonder, asook as in staat wees om hierdie diere te identifiseer, te klassifiseer en te duい op filogenetiese verwantskappe.				
• die vermoë toon om te onderskei tussen voorbeeldelike van ongewerweldes en om hulle te sorteer in taksonomiese en filogenetiese raamwerke.				
• aantoon dat hy/sy oor die vermoë beskik om te onderskei tussen diere op grond van hul hiërargiese organisasie, kompleksiteit en liggaamsplan asook hoe om hierdie inligting toe te pas om verhoudings tussen groepe ongewerweldes/taksone te demonstreer.				
• kan verduidelik wat 'n spesie is en 'n oorsig kan bied van die verskillende spesiekonsepte.				
• 'n bewusheid hê van die ekonomiese belangrikheid van ongewerweldes as 'n bron van voedsel, parasiete van mense, diere en plante, of as biologiese dragers van patogene.				
• in staat wees om verslag te doen oor vaardighede ten opsigte van die gebruik van mikroskope, digotome sleutels en die ontsluiting van bronne; met respek vir konvensies rondom intellektuele eiendom, kopiereg en plagiaat.				
• die vermoë hê om rekenknap te gee van die rol van die mens in die bewaring van die omgewing en in die besonder invertebraatbiodiversiteit.				
<b>Metode van aflewing:</b>	Voltyds			
<b>Assesseringsmetodes:</b>				
<b>Modulekode:</b> <b>FBCG211</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-Vlak:</b> 6 <b>Krediete:</b> 12		
<b>Titel:</b>	Farmaseutiese Biochemie			
<b>Module-uitkomste:</b>				
Na voltooiing van die module sal die student die volgende kan demonstreer:				
• Gedetailleerde kennis en begrip van:				
(a) Die struktuur en funksie van biologiese molekules, ensiemmekanismes en -regulering, basiese konsepte in metabolisme en die sintese van DNA, RNA en proteiene.				

- (b) Hoe kennis van farmaseutiese biochemie herlei kan word na toepaslike kennis binne die onderskeie velde in farmasie, en
- (c) Die oorsprong en ontwikkeling van kennis binne die veld van farmaseutiese biochemie en die kritiese begrip van die verskillende denkrygtings en metodes van verduideliking wat eie is aan die betrokke veld van farmasie;
- Die vermoë vir die keuse, evaluering en toepassing van die biochemiese prosedure om fundamentele probleme in 'n gedefinieerde omgewing binne die veld van farmasie op te los;
- Die vermoë om te kliniese gevallenstudies in 'n onbekende konteks te erken en op te los en om oplossings toe te pas om diagnoses binne die farmasie-veld te ondersteun;
- Bekom, analyseer, evalueer en synthetiseer farmaseutiese biochemiese beginsels en metodes van verskillende relevante dissipline-verwante bronne en pas jou navorsing toe binne in bepaalde konteks in die veld van farmasie.

<b>Metode van aflewering:</b>	Voltyds		
<b>Assesseringsmetodes:</b>	Pk 1x2 uur 1 : 1		
<b>Modulekode:</b> FCAG121 (G412P)	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-Vlak: 5</b>	<b>Krediete: 12</b>
<b>Titel:</b>	Inleidende farmaseutiese berekening		

#### **Module-uitkomste:**

Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:

Vir hierdie module word die uitkomste op vier vlakke ingedeel, naamlik: kennis, vaardighede, bevoegdheid en waardes.

#### **Kennis**

Na afhandeling van hierdie module, moet jy oor 'n grondige kennis beskik ten opsigte van:

- fundamentele wiskundige verwerkings van toepassing op farmaseutiese berekening;
- verhoudingsberekening;
- persentasie-berekening;
- verdunningsberekening, en
- eenvoudige statistiese begrepe (insluitend normaalverdeling van data, standaard-afwyking en relatiewe standaardafwyking).

#### **Vaardighede**

Na afhandeling van hierdie module, moet jy oor die vaardigheid beskik om:

- alle fundamentele wiskundige beginsels korrek toe te pas en akkuraat aan te wend in die oplossing van relevante farmaseutiese probleme.
- basiese statistiese beginsels korrek toe te pas en akkuraat aan te wend in die oplossing van relevante farmaseutiese probleme.

#### **Bervoegdheid**

Na afhandeling van hierdie module, moet jy oor die bevoegdheid beskik om:

- relevante wiskundige berekening op 'n korrekte en akkurate wyse te kan toepas deur probleemplossend te dink en redeneer met betrekking tot die reseptering van voorskrifte.

#### **Waardes**

Na afhandeling van hierdie module, moet jy oor die waardes beskik om:

- eties op te tree met betrekking tot die berekening rakende die reseptering van 'n voorskrif en relevante farmaseutiese probleme.

<b>Metode van aflewering:</b>	Voltyds		
<b>Assesseringsmetodes:</b>	Pk 1x3 uur 1 : 1		
<b>Modulekode:</b> FCAG122 (G413P)	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-Vlak: 5</b>	<b>Krediete: 12</b>
<b>Titel:</b>	Farmaseutiese berekening		

#### **Module-uitkomste:**

Vir hierdie module word die uitkomste op vier vlakke ingedeel, naamlik: kennis, vaardighede, bevoegdheid en waardes.

#### **Kennis**

Na afhandeling van hierdie module, moet jy oor 'n grondige kennis beskik ten opsigte van:

- fundamentele wiskundige verwerkings van toepassing op farmaseutiese berekening;
- verhoudingsberekening;
- persentasie-berekening;
- verdunningsberekening, en

**Vaardighede**

Na afhandeling van hierdie module, moet jy oor die vaardigheid beskik om:

- alle fundamentele wiskundige beginsels korrek toe te pas en akkuraat aan te wend in die oplossing van relevante farmaseutiese probleme.

**Bevoegdheid**

Na afhandeling van hierdie module, moet jy oor die bevoegdheid beskik om:

- relevante wiskundige berekeninge op 'n korrekte en akkurate wyse te kan toepas deur probleemoplossend te dink en redeneer met betrekking tot die reseptering van voorskrifte.

**Waardes**

Na afhandeling van hierdie module, moet jy oor die waardes beskik om:

- eties op te tree met betrekking tot die berekening rakende die reseptering van 'n voorskrif en relevante farmaseutiese probleme.

<b>Metode van aflewing:</b>	Voltyds	
<b>Assesseringsmetodes:</b>	Pk 1x3 uur 1 : 1	
<b>Modulekode:</b> FCHG221	Semester 2	NKR-Vlak: 6 Krediete: 16
<b>Titel:</b>	Inleidende medisinale chemie	

**Module-uitkomste:**

Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:

- die farmaseutiese belang van stereochemie verstaan;
- insig hê in die chiraliteit van geneesmiddelmolekules;
- 'n grondige kennis van die chemie en biologiese eienskappe van natuurprodukte te hê;
- 'n grondige kennis van die chemie en biologiese eienskappe van anorganiese medisinale produkte te hê;
- toepaslike vaardighede in terme van samewerking in die gesondheidsorgspan te toon;
- die verworwe kennis te kan gebruik om pasiënte te adviseer oor die korrekte en veilige gebruik van natuurprodukte en anorganiese medisinale produkte as enkelprodukte of in kombinasieterapie;
- 'n waardering hê vir die rol van stereochemie in die gebruik van geneesmiddels;
- streg etiese beginsels in geneesmiddelterapie te kan handhaaf en demonstreer.

<b>Metode van aflewing:</b>	Voltyds	
<b>Assesseringsmetodes:</b>	Pk 1x3 uur 1 : 1	
<b>Modulekode:</b> FCHG222	Semester 2	NKR-Vlak: 6 Krediete: 12
<b>Titel:</b>	Farmaseutiese Chemie I/B	

**Module-uitkomste:**

Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:

- die farmaseutiese belang van stereochemie verstaan;
- insig hê in die chiraliteit van geneesmiddelmolekules;
- 'n grondige kennis van die chemie en biologiese eienskappe van natuurprodukte te hê;
- 'n grondige kennis van die chemie en biologiese eienskappe van anorganiese medisinale produkte te hê;
- toepaslike vaardighede in terme van samewerking in die gesondheidsorgspan te toon;
- die verworwe kennis te kan gebruik om pasiënte te adviseer oor die korrekte en veilige gebruik van natuurprodukte en anorganiese medisinale produkte as enkelprodukte of in kombinasieterapie;
- 'n waardering hê vir die rol van stereochemie in die gebruik van geneesmiddels;
- wetenskaplik te kan kommunikeer in verskillende media en noukeurig, ondubbelsoenig en bondig te kan formuleer deur die korrekte vakterminologie te gebruik;
- die bibliotek effektief te gebruik vir die ontsluiting van chemiese en biologiese literatuur.
- selfstandig en in groepsverband probleme op te kan los met kreatiewe en kritiese denke en deur gebruik te maak kennis, literatuur en navorsingskonsepte;
- streg etiese beginsels in geneesmiddelterapie te kan handhaaf en demonstreer.

<b>Metode van aflewing:</b>	Voltyds	
<b>Assesseringsmetodes:</b>	Pk 1x3 uur 1 : 1	

<b>Modulekode:</b> FCHG311	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-Vlak:</b> 7 <b>Krediete:</b> 16		
<b>Titel:</b>	Farmaseutiese analise			
<b>Module-uitkomste:</b>				
Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:				
• kundigheid van die beginsels waarop die analisemetodes in die voorgeskrewe farmakopeë berus te toon en om geselekteerde metodes in die laboratorium uit te voer en resultate effekief te kan kommunikeer;				
• dié procedures in analisemetodes te kan evalueer en 'n mening daaroor te kan uitspreek;				
• eenvoudige toepaslike probleemoplossing uit te voer;				
• suksesvol in groepe te kan saamwerk;				
• konvensies en etiese kodes in terme van kwaliteitskontrole nougeset na te kom met inagneming van 'n kliënt-gesentreerde benadering.				
<b>Metode van afluwing:</b>	Voltyds			
<b>Assesseringsmetodes:</b>	Pk 1x3 uur 1 : 1			
<b>Modulekode:</b> FCHG312	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-Vlak:</b> 7 <b>Krediete:</b> 16		
<b>Titel:</b>	Farmaseutiese Chemie IIA			
<b>Module-uitkomste:</b>				
Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:				
• kundigheid van die beginsels waarop die analisemetodes in die voorgeskrewe farmakopeë berus, te toon,				
• geselekteerde metodes in die laboratorium te kan uitvoer en die resultate effekief te kan interpreteer en kommunikeer;				
• procedures in hierdie analisemetodes te kan evalueer en 'n gekwalifiseerde mening daaroor te kan uitspreek;				
• eenvoudige, toepaslike probleemoplossing uit te voer;				
• suksesvol in groepe te kan saamwerk;				
• konvensies en etiese kodes vir kwaliteitskontrole nougeset na te kom met inagneming van 'n kliënt-gesentreerde benadering.				
<b>Metode van afluwing:</b>	Voltyds			
<b>Assesseringsmetodes:</b>	Pk 1x3 uur 1 : 1			
<b>Modulekode:</b> FCHG321	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-Vlak:</b> 7 <b>Krediete:</b> 16		
<b>Titel:</b>	Medisinale chemie			
<b>Module-uitkomste:</b>				
Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:				
• chemiese eienskappe van organiese verbindings in verband te kan bring met hulle chemiese reaktiwiteit, fisiese-chemiese eienskappe en biologiese aktiwiteit;				
• die oorsprong van geneesmiddels en geneesmiddelleidraadverbindings en die beginsels en metodes van geneesmiddelontwikkeling in 'n voorbeeld te kan bespreek en toepas;				
• die rol van die organiese chemie in geneesmiddelontwerp in te sien en te kan toepas deur byvoorbeeld die teoretiese ontwerp van geneesmiddels vanaf leidraadverbindings;				
• struktuur- en kwantitatiewe struktuur-aktiwiteitsverwantskappe (SAR en KSAV; Eng: QSAR) en die gebruik daarvan in geneesmiddelontwerp te kan omskryf en toepas;				
• geneesmiddel-receptorinteraksies en die implikasies daarvan vir geneesmiddelontwerp te kan omskryf met toepassingsvoorbeeld;				
• die basiese skelet en metodes vir die sintese of verkryging van verskillende klasse geneesmiddels te kan bespreek;				
• die gebruik, werkingsmeganisme en metodes vir die analise van verskillende klasse geneesmiddels te ken;				
• die biblioteek effekief te gebruik vir die ontsluiting van chemiese en biologiese literatuur;				
• wetenskaplik in verskillende media te kan kommunikeer en sake noukeurig, ondubbelsoenig en bondig te kan formuleer deur die korrekte vakterminologie te gebruik;				
• probleme selfstandig te kan oplos met kreatiewe en kritiese denke en deur gebruik te maak van kennis, literatuur en navorsingskonsepte;				
• selfstandig in 'n groeps- of in 'n leiersrol te kan funksioneer;				
• deur die verworwe kennis 'n besonderse ingesteldheid teenoor medisyne te vorm en jou				

verantwoordelikheid by die hantering daarvan te besef.				
<b>Metode van aflewing:</b>	Voltyds			
<b>Assesseringsmetodes:</b>	Pk 1x3 uur 1 : 1			
<b>Modulekode:</b> <b>FCHG322</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-Vlak: 7</b> <b>Krediete: 16</b>		
<b>Titel:</b>	Farmaseutiese Chemie IIB			
<b>Module-uitkomste:</b> Na afhandeling van die module moet die student in staat wees om:				
<ul style="list-style-type: none"> <li>• die rol van geneesmiddelteikens, geneesmiddel-teikeninteraksies en die verkryging en optimisering van leidraadverbindings in geneesmiddelontwerp, sowel as die beginsels en metodes van geneesmiddelontwikkeling te kan evalueer.</li> <li>• te kan bespreek hoe die chemiese eienskappe van organiese verbindings verband hou met hulle chemiese reaktiwiteit, fisies-chemiese eienskappe en biologiese aktiwiteit en die toepassing daarvan in die praktyk te kan bespreek;</li> <li>• struktuur-aktiwiteitsverwantskappe (SAR) en die gebruik daarvan in geneesmiddel-ontwerp te kan omskryf en toepas;</li> <li>• die basiese skelet (wat stereochemie insluit) en metodes vir die sintese of verkryging van verskillende klasse geneesmiddels te kan bespreek en toepas;</li> <li>• die gebruik, werkingsmeganisme en metodes vir die analise van verskillende klasse geneesmiddels te ken;</li> <li>• die biblioteek effektiel te gebruik vir die ontsluiting van chemiese en biologiese literatuur;</li> <li>• wetenskaplik in verskillende media te kan kommunikeer en idees noukeurig, ondubbelsoos en bondig te kan formuleer deur die korrekte vakterminologie te gebruik;</li> <li>• probleme selfstandig te kan oplos met kreatiewe en kritiese denke deur gebruik te maak van kennis, literatuur en navorsingskonsepte;</li> <li>• selfstandig in 'n groeps- of in 'n leiersrol te kan funksioneer;</li> <li>• deur die verworwe kennis 'n besonderse ingesteldheid teenoor medisyne te vorm en jou verantwoordelikheid by die hantering daarvan te besef; en</li> <li>• om 'n eenvoudige organiese sintese in die laboratorium uit te voer deur gebruik te maak van standaard metodes en die resultate effektiel te kan kommunikeer.</li> </ul>				
<b>Metode van aflewing:</b>	Voltyds			
<b>Assesseringsmetodes:</b>	Pk 1x3 uur 1 : 1			
<b>Modulekode:</b> <b>FCHG411</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-Vlak: 8</b> <b>Krediete: 8</b>		
<b>Titel:</b>	Metabolisme en progeneesmiddels			
<b>Module-uitkomste:</b> Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:				
<ul style="list-style-type: none"> <li>• die metabolisme, deaktivering en eliminasié van gegewe geneesmiddels te verstaan en ;</li> <li>• die meganisme van bioaktivering vir gegewe draer-gebonde- en biovoorganger-geneesmiddels te beskryf.</li> </ul>				
<b>Metode van aflewing:</b>	Voltyds			
<b>Assesseringsmetodes:</b>	Pk 1x2 uur 1:1			
<b>Modulekode:</b> <b>FCHG412</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-Vlak: 8</b> <b>Krediete: 16</b>		
<b>Titel:</b>	Farmaseutiese Chemie IIIA			
<b>Module-uitkomste:</b> Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:				
<ul style="list-style-type: none"> <li>• te beskik oor 'n omvattende en sistematiese kennis van die metaboliese aktivering, deaktivering en eliminasié van geneesmiddels en progeneesmiddels;</li> <li>• die chemiese strukture van geneesmiddels te ontleen en in verband te kan bring met die metaboliese aktivering, deaktivering en eliminasié van geneesmiddels en progeneesmiddels;</li> <li>• die beginsels van organiese chemie en geneesmiddelontwerp te kan toepas in die ontwerp van progeneesmiddels en in die evaluering van die bio-aktivering en metabolisme daarvan;</li> <li>• te beskik oor 'n omvattende en sistematiese kennis van die fisies-chemiese en biochemiese eienskappe waaraan verbindings moet voldoen om as effektiewe geneesmiddels op te tree;</li> <li>• die beginsels van organiese chemie en biofarmaseutika te kan toepas in die ontwerp van verbindings</li> </ul>				

<p>met die aangewese fisies-chemiese eienskappe om as effektiewe geneesmiddels op te tree;</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>strukture te evalueer ten opsigte hul fisies-chemiese eienskappe en struktuur modifikasies voor te stel wat sal lei tot verbeterde geneesmiddel eienskappe;</li> <li>wetenskaplik te kan kommunikeer in verskillende media en noukeurig, ondubbelstellend en bondig te kan formuleer deur die korrekte vakterminologie te gebruik;</li> <li>selfstandig en in groepsverband probleme op te kan los met kreatiewe en kritiese denke en deur gebruik te maak van kennis, literatuur en navorsingskonsepte;</li> <li>die biblioteek effekief te gebruik vir die ontsluiting van chemiese en biologiese literatuur;</li> <li>deur die verworwe kennis en vaardighede 'n besonderde ingesteldheid teenoor medisyne te vorm en jou verantwoordelikheid by die hantering daarvan te beseft.</li> </ul>						
Metode van aflewing:	Voltyds					
Assesseringsmetodes:						
Modulekode: FELG421 (G412P)	Semester 2	NKR-Vlak: 8	Krediete: 8			
Titel:	Keuseprojek					
<b>Module-uitkomste:</b>						
Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:						
<ul style="list-style-type: none"> <li>toepaslike literatuur kan vind, bestudeer en dit toepas in 'n projek;</li> <li>'n navorsingsprojek of praktykprobleem kan ontleed / analiseer en voorstelle maak ten opsigte van die oplossing(s) vir die probleem;</li> <li>toepaslike eksperimente vir 'n navorsingsprobleem kan beplan, uitvoer en dataverwerking van die resultate kan doen;</li> <li>'n verslag oor 'n navorsingsprobleem / praktykprobleem kan opstel en mondelings kan kommunikeer oor 'n bepaalde navorsingsprobleem / praktykprobleem.</li> </ul>						
Metode van aflewing:	Voltyds					
Assesseringsmetodes:	Pk	Geen eksamen (Projekwerk)				
Modulekode: FGPO271 (G412P)	Semester 1 & 2	NKR-Vlak: 6	Krediete: 4			
Titel:	Gestruktureerde Praktykopleiding I					
<b>Module-uitkomste:</b>						
Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:						
<ul style="list-style-type: none"> <li>bewys te kan lewer van <b>blootstelling aan, kennismaking met en waarneming van:</b> (i) <i>Produkverskeidenheid</i>- farmaseutiese produkte en hulle verskillende doseervorme, verpaknings en indikasies; (ii) <i>medisyneologiek en wetlike regulering</i>- verkryging, bewaring en herverpakking van medisyne) en (iii) <i>Reseptering van medisyne</i>- voorskrifte, toebereiding van medisyne, skedulering, etikettering en advieslewering</li> </ul>						
Metode van aflewing:	Voltyds					
Assesseringsmetodes:	Pk	Geen eksamen				
Modulekode: FGPO371 (G412P)	Semester 1 & 2	NKR-Vlak: 7	Krediete: 4			
Titel:	Gestruktureerde Praktykopleiding II					
<b>Module-uitkomste:</b>						
Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:						
<ul style="list-style-type: none"> <li>bewys te kan lewer van <b>vaardigheide en insig met betrekking tot die praktiese toepassing</b> van teoretiese kennis in die praktyk ten opsigte van: (i) <i>Produkkeuse</i>- farmaseutiese en farmakologiese kennis van farmaseutiese produkte, hulle verskillende doseervorme, indikasies, voor-en nadele; (ii) <i>Medisyneologiek</i>- bestuur van medisyne-logistiek d.w.s. beheer verkryging, bewaring en verspreiding van farmaseutiese materiaal en produkte; (iii) <i>Reseptering van medisyne</i>- Interpretasie van voorskrifte, toebereiding van medisyne, etikettering en advieslewering.); (iv) <i>Wetlike aspekte van medisyne</i>- Insig in implikasies van wetlike aspekte van aptekerswese en medisyne m.b.t. logistiek, reseptering, die apteekperseel, apteker en die pasiënt; (v) <i>Kliëntediens</i>- <b>farmaseutiese sorgbeginnels en besigheidsaspekte, asook gemaklike omgang met multikulturele/ taal aspekte as deel van kliëntediens en farmaseutiese sorg</b>; (vi) <i>Etiese aspekte van aptekerswese</i>- Eties-professionele denke en optrede in bepaalde kontekste.</li> </ul>						
Metode van aflewing:	Voltyds					
Assesseringsmetodes:	Pk	Geen eksamen				

<b>Modulekode:</b> <b>FGPO471 (G412P)</b>	<b>Semester 1 &amp; 2</b>	<b>NKR-Vlak:</b> 8 <b>Krediete:</b> 4		
<b>Titel:</b>	Gestruktureerde Praktykopleiding III			
<b>Module-uitkomste:</b>				
Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:				
<ul style="list-style-type: none"> <li>• te demonstreer dat, ten einde doeltreffende farmaseutiese dienste en gunstige medisyne-uitkomste vir pasiënte te verseker, sy / haar <b>teoretiese kennis en vaardighede ten opsigte van analitiese denke, sintese en probleemplossing</b> ten opsigte van die volgende toegepas kan word: (i) <i>Produkkeuse</i>:- Seleksie van farmaseutiese en verwante gesondheidsprodukte en gepaste doseervorme met inagneming van logistiese, ekonomiese, farmaseutiese, farmakalogiese, patologiese en farmaseutiese sorg-beginsels; (ii) <i>Medisynelogistiek</i>:- Oplos van gevallenstudies rondom medisynelogistiek met inagneming van aanvaarde ekonomiese, farmaseutiese en farmasiepraktykbeginsels; (iii) <i>Reseptering van medisyne</i>:- Interpretasie van voorskrifte, voorspelling van middel-interaksies, konsultering en kommunikasie met mediese en ander gesondheidspersoneel, praktiese toebereiding van bepaalde doseervorme, implikasies van etikettering en advieslewing; (iv) <i>Wetlike aspekte van medisyne</i>:- Demonstreer insig in die implikasies en noodsaklikheid van die wette wat medisynelogistiek, reseptering, die apiekkperseel, apteker en die pasiënt, d.w.s. alle fasete van aptekerswese, reguleer; (v) <i>Kliëntediens</i>:- <b>Toepassing van farmaseutiese sorg- en besigheidsbeginsels van kliëntediens in 'n multikulturele/samelewings</b>; (vi) <i>IT en kommunikasievaardighede</i>:- <b>Aanwending van rekenaar- en Internetavaardighede in effektiewe kommunikasie, bestuur en probleemplossing</b> en (vii) <i>Etiese aspekte van aptekerswese</i>:- Uitleef van eties-professionele norme, waardes en optrede in probleemsituasies, asook 'n positiewe houding teenoor die aptekersprofessie.</li> </ul>				
<b>Metode van aflewing:</b>	Voltyds			
<b>Assesseringsmetodes:</b>	Pk Geen eksamen			
<b>Modulekode:</b> <b>FKLG211</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-Vlak:</b> 6 <b>Krediete:</b> 16		
<b>Titel:</b>	Farmakologie I			
<b>Module-uitkomste:</b>				
Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:				
<ul style="list-style-type: none"> <li>• 'n basiese kennis en begrip te toon van die grondbeginsels van farmakodinamika, farmakokinetika en toksikologie in farmakologie;</li> <li>• 'n algemene kennis van die farmakologiese klassifikasie van geneesmiddels, met geselekteerde voorbeeld, te kan weergee en toepas;</li> <li>• vaardigheid te toon ten opsigte van dosisberekenings van verskeie doseervorme;</li> <li>• bevoeg te wees om die mees resente ontbrekende inligting oor geneesmiddels en behandeling in toepaslike bronne te vind;</li> <li>• bevoeg te wees om ongekompliseerde farmakologiese behandelingsregimes te kan evalueer en sinvolle advies te kan lewer, en</li> <li>• op 'n eties verantwoordbare wyse voorgeskrewe farmakoterapeutiese en aanvullende behandelingregimens te interpreteer en beperkte geneesmiddelseleksie te kan doen in ongekompliseerde siektetoestande.</li> </ul>				
<b>Metode van aflewing:</b>	Voltyds			
<b>Assesseringsmetodes:</b>	Pk 1x3 uur 1 : 1			
<b>Modulekode:</b> <b>FKLG212</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-Vlak:</b> 6 <b>Krediete:</b> 16		
<b>Titel:</b>	Farmakologie IA			
<b>Module-uitkomste:</b>				
Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om 'n basiese kennis en begrip te toon van				
<ul style="list-style-type: none"> <li>• die grondbeginsels en terminologie van farmakodinamika, farmakokinetika en toksikologie in farmakologie;</li> </ul>				
en oor afgeronde kennis beskik van				
<ul style="list-style-type: none"> <li>• die basiese beginsels van transduksiesisteme en die verband daarmee met genees-middelwerking</li> <li>• die relevante prosesse betrokke by neurotransmissie en dit in verband te kan bring met bepaalde geneesmiddelwerkings in die perifere senuwestelsel;</li> <li>• die aspekte betrokke by geneesmiddelwerking in die perifere senuwestelsel en dit in verband te kan bring met die onderskeie siektetoestande geassosieer met die stelsel;</li> <li>• die farmakokinetiese beginsels en terminologie insake die geneesmiddels wat in hierdie module</li> </ul>				

vervat is en die toepassing daarvan. en oor die nodige vaardighede en bevoegdhede te beskik om:
• inligting uit bronne te ontsluit en te verifieer;
• binne die konteks van die module differensiële diagnoses te kan maak;
• geskikte geneesmiddels teen bepaalde siektetoestande te kan selekteer;
• inligting en advies skriftelik en verbaal aan pasiënte, die publiek en gesondheids-professies te kan kommunikeer;
• toepaslike tegnologie te kan gebruik in die uitvoering van pligte en verantwoordelikhede, kommunikasie en navorsing;
• as lid van 'n groep/span te kan funksioneer;
Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:				
<ul style="list-style-type: none"> <li>Die toon van grondige kennis en praktiese vaardighede vanuit 'n gegronde etiese waardestelsel, as</li> </ul>				

individu asook as lid van 'n span, met betrekking tot voedselveiligheid as kritiese elemente in die transformasieproses, wat die volgende insluit: beskikbaarheid van voedsel, verspreiding van maaltye, aankope, ontvangs en produksie;
• identifisering, ontleiding, beoordeling en, in verslagvorm, die maak van aanbevelings rakende en die bied van oplossings vir ingewinkelde situasies en probleme wat aansluit by mensehulpbronbestuur, produktiwiteit, die begrotingsproses, werkverrigting en finansiële bestuur binne die Voedseldienseenheid;
• versameling, beoordeling en integrering van wetenskaplike inligting, beide as individu en as lid van 'n span, in die samestelling en bereidiging van spyskaarte vir gesonde en siek persone; en die student moet
• beide as individu en as lid van 'n span, die generiese aspekte van bestuur (leierskap, beplanning, implementering, delegering en evaluering) in werklike situasies binne die Voedseldienseenheid as bestuurder van die afdeling, ken en implementeer.

<b>Metode van aflowering:</b>	Voltyds	
<b>Assesseringsmetodes:</b>	Sien studiegids	
<b>Modulekode:</b> <b>LAW221</b>	<b>Semester 1 &amp; 2</b>	<b>NKR-Vlak: 6</b> <b>Krediete: 12</b>
<b>Titel:</b>	Inleidende Arbeidsreg	

#### Module-uitkomste:

Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:

- Gedetailleerde kennis toon van en begrip vir die beginsels van Arbeidsreg met spesifieke verwysing na
- a) wat arbeidsreg behels;
  - b) die verskillende bronne en onderskeid tussen individuele en kollektiewe arbeidsreg;
  - c) die aard van en essentialia van 'n dienskontrak;
  - d) die regte en verpligte van die werkgewer en werknemer in 'n arbeidsverhouding; en
  - e) die sluit en terminering van 'n dienskontrak. asook remedies vir kontrakbreuk.

Gedetailleerde kennis en begrip van die invloed en toepassing van die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996* op die gebied van Arbeidsreg en spesifiek op kern- arbeidswetgewing, byvoorbeeld die *Wet op Arbeidsverhoudinge 66 van 1995*, die *Wet op Basiese Diensvoorraarde 75 van 1997*, die *Wet op Gelyke Indiensneming 55 van 1998* en ander kern-arbeidswetgewing.

Die vermoë om regsbeginsels te selekteer, te evalueer en toe te pas met die doel om fundamentele probleme in 'n gedefinieerde omgewing op die gebied van Arbeidsreg op te los asook om die etiese implikasies van besluite, optredes en praktiese wat spesifik met Arbeidsreg verband hou, te verstaan en die indiensnemingspartye tydens disputresolusies-prosesse te veteenwoordig. Dit sal insluit: dissipline-spesifieke metodes en tegnieke rakende wetenskaplike ondersoek en inligtingsinsameling oor vakverwante onderwerpe uit toepaslike bronne, asook die sintetisering van die inligting en die verskaffing van gevolgtrekkings vir 'n gegewe konteks op die gebied van Arbeidsreg.

Akkurate en samehangende geskrewe verbale kommunikasie van beginsels, reëls en oplossings vir probleemplossing-take of projekte deur middel van die voorbereiding vir 'n dissiplinêre verhoor, konsiliasie, arbitrasie, die skryf van regsmenings en geskrewe antwoorde op evaluerings met begrip van en respek vir intellekturele-eiendomkonvensies, kopiereg en reëls rakende plagiaat.

Eie leervordering kan moniteer en toepaslike leerstrategieë en die bestuur van hulpbronne kan toepas om alle leeruitkomste van hierdie module suksesvol te bereik.

<b>Metode van aflowering:</b>	Voltyds	
<b>Assesseringsmetodes:</b>	Sien studiegids	
<b>Modulekode:</b> <b>LNTP271</b>	<b>Semester 1 &amp; 2</b>	<b>NKR-Vlak: 6</b> <b>Krediete: 12</b>
<b>Titel:</b>	Leer vir voedingpraktyk II	

#### Module-uitkomste:

Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:

- a) kennis en 'n kritiese verstaan van voedingverwante aktiwiteite in publieke gesondheidsdienste deur direkte waarneming te hé;
- b) die vermoë om standaard metodes te selekteer om die voedingstatus van 'n individu te assesseer en te interpreteer;
- c) die vermoë om voedsel veiligheid en higiëne praktyke in 'n voedseldienseenheid;

- |  |
|--|
| <ul style="list-style-type: none"> <li>die vermoë om teoretiese wetenskaplike en praktiese voedingverwante inligting vir die saamstel van geskrewe en mondelinge voeding onderrig te integreer; en</li> <li>etiese en professionele gedrag te openbaar teenoor spanlede, professionele gesondheidswerkers en lede van die gemeenskap.</li> </ul> |
|--|

<b>Metode van aflewering:</b>	Voltyds
-------------------------------	---------

<b>Assesseringsmetodes:</b>	Sien studiegids
-----------------------------	-----------------

<b>Modulekode:</b> LNTP371	<b>Semester 1 &amp; 2</b>	<b>NKR-Vlak:</b> 7 <b>Krediete:</b> 16
-------------------------------	---------------------------	---

<b>Titel:</b>	Leer vir voedingpraktyk III
---------------	-----------------------------

**Module-uitkomste:**

Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:

- die vermoë om "INP" aktiwiteite effektiel te identifiseer en deel te neem aan "INP" aktiwiteite in gemeenskap gesondheid fasilitate;
- die vermoë om prosedures en tegnieke in gemeenskapbehoefte bepalings te selekteer, evalueer en die gepaste metodes toe te pas;
- aktiewe deelname in voedingverwante aktiwiteite in die gemeenskap en gesondheidsfasilitate;
- die vermoë om bestuursisteme in 'n voedseldienenseenheid te identifiseer, te analyseer en te evalueer; en
- die vermoë om effektiel te werk as 'n individu of as deel van 'n span, deur etiese en professionele gedrag ten toon te stel teenoor ander gesondheidswerkers en lede van die gemeenskap.

<b>Metode van aflewering:</b>	Voltyds
-------------------------------	---------

<b>Assesseringsmetodes:</b>	Sien studiegids
-----------------------------	-----------------

<b>Modulekode:</b> MBWA112	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-Vlak:</b> 5 <b>Krediete:</b> 12
-------------------------------	-------------------	---

<b>Titel:</b>	Funksionele Anatomie
---------------	----------------------

**Module-uitkomste:**

Met die voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om die volgende te demonstreer:

- basiese kennis en ingeligte begrip van die verskillende konsepte wat gebruik word in anatomie;
- die vermoë om die anatomiese strukture van die verskillende bene (skeletale sisteem) en gewrigte (artikulêre sisteem), sowel as die primêre spiere (muskulêre sisteem) te identifiseer;
- die vermoë om die oorsprong(e), inplanting(s) en aksie(s) wat voorkom in die primêre spiere te demonstreer;
- aanvaarbare etiese en professionele gedrag soos vereis deur die GPRSA

<b>Metode van aflewering:</b>	Voltyds
-------------------------------	---------

<b>Assesseringsmetodes:</b>	60 : 40
-----------------------------	---------

<b>Modulekode:</b> MBWA122	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-Vlak:</b> 5 <b>Krediete:</b> 12
-------------------------------	-------------------	---

<b>Titel:</b>	Toegepaste Anatomie
---------------	---------------------

**Module-uitkomste:**

Met die voltooiing van die module behoort die student die volgende te demonstreer:

- fundamentele kennis van die primêre senuwees en bloedtoevoer (bloedvate) wat belangrik is in die menslike liggaam;
- die vermoë om kennis van die skeletale, artikulêre en muskulêre sisteme te implementeer deur middel van modelle en illustrasies;
- dui 'n onderliggende, vasgestelde waardesisteem aan asook dat gedrag plaasvind wat eties korrek is

<b>Metode van aflewering:</b>	Voltyds
-------------------------------	---------

<b>Assesseringsmetodes:</b>	50 : 50
-----------------------------	---------

<b>Modulekode:</b> MBWK112	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-Vlak:</b> 5 <b>Krediete:</b> 12
-------------------------------	-------------------	---

<b>Titel:</b>	Motoriese Leer
---------------	----------------

**Module-uitkomste:**

Met die voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om die volgende te demonstreer:

- fundamentele kennis wat verband hou met perseptuele motoriese en fundamentele vermoë ontwikkeling, sowel as die beginsels van motoriese leer en beheer;

- verwerfde kennis op 'n lewensperspektiewe uitkyk wat verband hou met menslike beweging; ingeligte begrip oor die groei en ry wording van die menslike liggaam;
- die vermoë om die faktore te identifiseer wat die motoriese leer en motoriese beheer prosesse kan beïnvloed

<b>Metode van aflewering:</b>	Voltyds	
<b>Assesseringsmetodes:</b>	50 : 50	
<b>Modulekode:</b> <b>MBWK114</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-Vlak: 5</b> <b>Krediete: 12</b>
<b>Titel:</b>	Sportorganisasie en administrasie	

**Module-uitkomste:**

Met die voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om die volgende te demonstreer:

- basiese kennis en ingeligte begrip van sport organisasie en administrasie;
- die vermoë om standaard procedures te implementeer met die siening om spesifieke vaardighede te bereik in die organisering en administrasie van sport;
- effektiel te wees in die identifisering en oplos van probleme wat relevant is tot sport organisering en administrasie;
- 'n refleksie van alle waardes, etiese gedrag en geregtigheid besluitneming wat geskik is vir sportorganisering en administrasie

<b>Metode van aflewering:</b>	Voltyds	
<b>Assesseringsmetodes:</b>	50 : 50	
<b>Modulekode:</b> <b>MBWK216</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-Vlak: 6</b> <b>Krediete: 8</b>
<b>Titel:</b>	Biomechanika	

**Module-uitkomste:**

Met die voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om die volgende te demonstreer:

- uitgebreide kennis en begrip oor die wette van fisika en die verwante wiskundige berekeninge;
- die vermoë om standaard metodes en formules te selekteer, evaluateer en effektiel toe te pas om fundamentele probleme binne die veld van biomechanika op te los;
- etiese optrede tydens die uitvoering van biomechaniese toetsing.

<b>Metode van aflewering:</b>	Voltyds	
<b>Assesseringsmetodes:</b>	50 : 50	
<b>Modulekode:</b> <b>MBWK217</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-Vlak: 6</b> <b>Krediete: 8</b>
<b>Titel:</b>	Sportbeserings	

**Module-uitkomste:**

Met die voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om die volgende te demonstreer:

- indiepte kennis en begrip van algemene muskulo-skeletale beserings en kondisies;
- die patofisiologie en herstel van beserings te verstaan en weer te gee;
- 'n omvattende begrip van 'n multi-dissiplinêre benadering tot akute sportbeserings;
- die vermoë om geskikte strategieë vir die voorkoming van beserings te implementeer vir verskillende individue en groepe;
- pasiëntevaluasie binne die etiek van noodhulp te kan toepas.

<b>Metode van aflewering:</b>	Voltyds	
<b>Assesseringsmetodes:</b>	50 : 50	
<b>Modulekode:</b> <b>MBWK218</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-Vlak: 6</b> <b>Krediete: 8</b>
<b>Titel:</b>	Inleiding tot Sportbeserings	

**Module-uitkomste:**

Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:

- 'n effektiwe sport gesondheidsorgsysteem te vestig;
- kennis beskik vir die voorkoming en beperking van sportverwante beserings;
- individuel en in 'n multidissiplinêre spanverband die oorsake, erkenning/identifisering en behandeling van spesifieke sportbeserings en toestande kan hanter;

<ul style="list-style-type: none"> <li>pasiëntevaluasie wetmatig en binne die etiek van nooddhulp te kan toepas. Die basiese anatomie, fisiologie, patofisiologie en noodd behandeling van die volgende toestande verstaan, identifiseer en behandel: Respiratoriële, kardiovaskulêre, senuwee, biologiese, musko-skeletale en aanverwante trauma toestande.</li> </ul>						
<b>Metode van aflewing:</b>	Voltyds					
<b>Assesseringsmetodes:</b>	50 : 50					
<b>Modulekode:</b> <b>MBWK219</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-Vlak: 6</b>	<b>Krediete: 8</b>			
<b>Titel:</b>	Sport- en Oefenfisiologie I					
<b>Module-uitkomste:</b>						
Met die voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om die volgende te kan demonstreer:						
<ul style="list-style-type: none"> <li>detail kennis en duidelike begrip van verskeie liggaaamstelsels;</li> <li>insig en begrip van die veranderinge wat voorkom by die verskeie liggaaamstelsels as gevolg van groei (ryping), veroudering en oefening (akut en kronies);</li> <li>die vermoë om verskeie energie-verwante veranderlike te bereken binne die veld van Oefenfisiologie;</li> <li>die uitvoering van verskeie vaardighede met inagneming die menswaardigheid van die individu</li> </ul>						
<b>Metode van aflewing:</b>	Voltyds					
<b>Assesseringsmetodes:</b>	60 : 40					
<b>Modulekode:</b> <b>MBWK223</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-Vlak: 6</b>	<b>Krediete: 8</b>			
<b>Titel:</b>	Kinantropometrie					
<b>Module-uitkomste:</b>						
Met die voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om die volgende te demonstreer:						
<ul style="list-style-type: none"> <li>detail kennis en duidelike begrip van terminologie, procedures, beginsels en konsepte binne die veld van Kinantropometrie;</li> <li>insig en begrip in die teoretiese aspekte van basiese anatomie;</li> <li>liggaamsmeting op pasiënte / sportlui uit te voer;</li> <li>bewus te wees van die grondslag rakende etiese reëls en norme by die hantering van persone tydens liggaamsmeting</li> </ul>						
<b>Metode van aflewing:</b>	Voltyds					
<b>Assesseringsmetodes:</b>	50 : 50					
<b>Modulekode:</b> <b>MBWK225</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-Vlak: 6</b>	<b>Krediete: 8</b>			
<b>Titel:</b>	Sport- en oefenfisiologie II					
<b>Module-uitkomste:</b>						
Met die voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om die volgende te demonstreer:						
<ul style="list-style-type: none"> <li>detail kennis en duidelikebegrip van Sport- en Oefenfisiologie</li> <li>spesifieke metodes en tegnieke van wetenskaplike ondersoek;</li> <li>vermoë om praktiese vaardighede in Sport- en Oefenfisiologie te implementeer;</li> <li>vermoë om die leerstrategieë wat relevant is tot Sport- en Oefenfisiologie te bestuur en implementeer.</li> </ul>						
<b>Metode van aflewing:</b>	Voltyds					
<b>Assesseringsmetodes:</b>	60 : 40					
<b>Modulekode:</b> <b>MBWK226</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-Vlak: 6</b>	<b>Krediete: 8</b>			
<b>Titel:</b>	Sport- en oefenpsigologie					
<b>Module-uitkomste:</b>						
Met die voltooiing van die module, behoort die student in staat te wees om die volgende te demonstreer:						
<ul style="list-style-type: none"> <li>deeglike kennis en duidelike begrip van die psigologiese grondslae wat verband hou met fisiese aktiwiteit en sport;</li> <li>die vermoë om psigologiese beginsels te kommunikeer en bespreek;</li> <li>aanvaarbare etiese gedrag en integriteit wanneer Sportpsigologie toegepas word.</li> </ul>						

<b>Metode van aflewing:</b>	Voltyds					
<b>Assesseringsmetodes:</b>	50 : 50					
<b>Modulekode:</b> <b>MBWK315</b>	Semester 1	<b>NKR-Vlak:</b> 7 <b>Krediete:</b> 16				
<b>Titel:</b>	Toegepaste Oefenfisiologie					
<b>Module-uitkomste:</b> Met die voltooiing van die module behoort die student die volgende te kan demonstreer:						
<ul style="list-style-type: none"> <li>• geïntegreerde kennis en samehangende begrip van die verskillende velde van Toegepaste Oefenfisiologie;</li> <li>• spesifieke oefenriglyne tydens oefening in 'n gymnasium;</li> <li>• aanpassing en uitvoering van gymnasiumprogramme in ooreenstemming met die gedragskode van 'n oefenkundige.</li> </ul>						
<b>Metode van aflewing:</b>	Voltyds					
<b>Assesseringsmetodes:</b>	60 : 40					
<b>Modulekode:</b> <b>MBWK316</b>	Semester 1	<b>NKR-Vlak:</b> 7 <b>Krediete:</b> 16				
<b>Titel:</b>	Biokinetika					
<b>Module-uitkomste:</b> Met die voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om die volgende te demonstreer:						
<ul style="list-style-type: none"> <li>• geïntegreerde kennis en samehangende begrip van die verskillende vakspesifieke teorieë, terminologie en definisies;</li> <li>• die fisiologiese en oefenfisiologiese beginsels van fisiese aktiwiteit te interpreteer en toepas;</li> <li>• elementêre kennisbasis en samehangende en kritiese begrip van die belangrikste etiese probleme wat met Biokinetika geassosieer word.</li> </ul>						
<b>Metode van aflewing:</b>	Voltyds					
<b>Assesseringsmetodes:</b>	50 : 50					
<b>Modulekode:</b> <b>MBWK324</b>	Semester 2	<b>NKR-Vlak:</b> 7 <b>Krediete:</b> 16				
<b>Titel:</b>	Navorsingsmetodologie					
<b>Module-uitkomste:</b> Met voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om die volgende te demonstreer:						
<ul style="list-style-type: none"> <li>• samehangende en kritiese begrip van navorsingsmetodes in Menslike Bewegingskunde;</li> <li>• verskillende tipes van navorsingsmetodes van ondersoek wat in Menslike Bewegingskunde gebruik word;</li> <li>• vaardighede om statistiese analises te interpreteer;</li> <li>• die etiese gedrag van ander binne verskillende kulturele en sosiale omgewings kritis te oordeel.</li> </ul>						
<b>Metode van aflewing:</b>	Voltyds					
<b>Assesseringsmetodes:</b>	50 : 50					
<b>Modulekode:</b> <b>MBWK325</b>	Semester 2	<b>NKR-Vlak:</b> 7 <b>Krediete:</b> 16				
<b>Titel:</b>	Toegepaste Oefenkundepraktyk					
<b>Module-uitkomste:</b> Met die voltooiing van die module behoort die student die volgende te demonstreer:						
<ul style="list-style-type: none"> <li>• geïntegreerde kennis en samehangende begrip oor Toegepaste Oefenkundepraktyk</li> <li>• geïntegreerde kennis en samehangende begrip van die vaardighede wat nodig is om kompleks praktykgerigte en sport-spesifieke probleme te identifiseer, evalueer en op te los;</li> <li>• vermoë om oefenprogramme te beplan wat gemik is op bepaalde sportspesifieke behoeftes;</li> <li>• reflekter in alle kommunikasie dat 'n gevvestigde waardesisteem en etiese gedrag in ag geneem is</li> </ul>						
<b>Metode van aflewing:</b>	Voltyds					
<b>Assesseringsmetodes:</b>	Prakties					

<b>Modulekode:</b> MBXA124 OF MBXC124 OF MBXR124 OF MBXS124	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-Vlak:</b> 5 <b>Krediete:</b> 12		
<b>Titel:</b>	Spelvaardigheidsontwikkeling in Atletiek OF Krieket OF Rugby OF Sokker			
<b>Module-uitkomste:</b>				
Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:				
<ul style="list-style-type: none"> <li>feitekennis rakende verskillende aspekte van suksesvolle afrigters, -afrigting, lesplanopstelling, vaardighedsaanlering en reëls te kan weergee;</li> <li>lesplanne saam te stel, te organiseer, uit te voer, aan te pas en binne 'n afrigtingsituasie te kan toepas;</li> <li>voor-kompetisie en kompetisie programme vir verskillende groepe spelers te kan beplan, opstel en te kan aanbied;</li> <li>die wetenskaplike program waarvolgens nuwe vaardighede aangeleer moet word te bemeester en effektieltyd praktiese sessies toe te pas;</li> <li>effektiieve afrigting aan spelers te bied (met inagneming van hul motoriese-, sosiale-, psigologiese vlak van ontwikkeling) ten einde 'n lewenslange belangstelling in die sportsoort te bewerkstellig en die korrekte tegniek vir vaardighede te vestig.</li> </ul>				
<b>Metode van aflewering:</b>	Voltyds			
<b>Assesseringsmetodes:</b>	50 : 50			
<b>Modulekode:</b> MBXA211 OF MBXN211 OF MBXS211 OF MBXT211	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-Vlak:</b> 6 <b>Krediete:</b> 8		
<b>Titel:</b>	Afrigtingskunde in Atletiek OF Netbal OF Swem OF Tennis			
<b>Module-uitkomste:</b>				
Met die voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om die volgende te demonstreer:				
<b>Atletiek</b>				
<ul style="list-style-type: none"> <li>detail teoretiese en praktiese kennis en tegnieke om effektiieve afrigtingsmetodes in atletiek te lewer;</li> <li>effektielle funksionering binne die konteks van atletiek;</li> <li>logiese en kritiese begrip van die rolle van alle komponente van atletiek om sodoende probleme op te los wat verband hou met atletiek;</li> <li>etiese en professionele gedrag te openbaar teenoor atlete, afrigters en ander personeellede</li> </ul>				
<b>Netbal</b>				
<ul style="list-style-type: none"> <li>detail teoretiese en praktiese kennis en tegnieke om effektiieve afrigtingsmetodes vir kinders te lewer;</li> <li>effektielle funksionering binne die konteks van netbal;</li> <li>logiese en kritiese begrip van die rolle van alle komponente van netbal om sodoende probleme op te los;</li> <li>etiese en professionele gedrag te openbaar teenoor netbalspelers, afrigters en ander personeellede</li> </ul>				
<b>Swem</b>				
<ul style="list-style-type: none"> <li>detail teoretiese en praktiese kennis en tegnieke om effektiieve afrigtingsmetodes vir kinders te lewer;</li> <li>effektielle funksionering binne die konteks van swem;</li> <li>logiese en kritiese begrip van die rolle van alle komponente van swem om sodoende probleme op te los;</li> <li>etiese en professionele gedrag te openbaar teenoor swimmers, afrigters en ander personeellede</li> </ul>				
<b>Tennis</b>				
<ul style="list-style-type: none"> <li>detail teoretiese en praktiese kennis en tegnieke om effektiieve afrigtingsmetodes vir kinders te lewer;</li> <li>effektielle funksionering binne die konteks van tennis;</li> <li>logiese en kritiese begrip van die rolle van alle komponente van tennis om sodoende probleme op te los;</li> <li>etiese en professionele gedrag te openbaar teenoor tennisspelers, afrigters en ander personeellede</li> </ul>				
<b>Metode van aflewering:</b>	Voltyds			
<b>Assesseringsmetodes:</b>	50 : 50			

<b>Modulekode:</b> MBXA225 OF MBXC225 OF MBXR225 OF MBXS225	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-Vlak: 6</b> <b>Krediete: 16</b>		
<b>Titel:</b>	Spelvaardigheidstoepassing in Atletiek OF Krieket OF Rugby OF Sokker			
<b>Module-uitkomste:</b> Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om: <ul style="list-style-type: none"> <li>• spelers op 'n wetenskaplike wyse te kan afrig in die toepassing van die spelvaardighede, spelfasette, en spesiale spel in spelverband.</li> </ul>				
<b>Metode van aflewing:</b> Voltyds				
<b>Assesseringsmetodes:</b>	50 : 50			
<b>Modulekode:</b> MBXA324 OF MBXC324 OF MBXR324 OF MBXS324	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-Vlak: 7</b> <b>Krediete: 32</b>		
<b>Titel:</b>	Afrigtingskunde Praktyk in Atletiek OF Krieket OF Rugby OF Sokker			
<b>Module-uitkomste:</b> Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om: <ul style="list-style-type: none"> <li>• aan alle fasette rakende die afrigtingsberoep met betrekking tot die betrokke sport blootgestel te wees en kry hulle geleenthed om dit prakties in te oefen.</li> </ul>				
<b>Metode van aflewing:</b> Voltyds				
<b>Assesseringsmetodes:</b>	Prakties			
<b>Modulekode:</b> MBXG114	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-Vlak: 5</b> <b>Krediete: 8</b>		
<b>Titel:</b>	Afrigtingskunde in Gholf			
<b>Module-uitkomste:</b> Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om: <ul style="list-style-type: none"> <li>• die vermoë te toon om basiese gholfvaardighede uit te voer;</li> <li>• die reëls van die spel te ken en te kan toepas;</li> <li>• kennis te toon van effektiwe beplanningsvaardighede om suksesvol as gholfafrigter te kan optree;</li> <li>• prakties 'n effektiwe afrigtingssessie vir ander studente aan te bied;</li> <li>• etiese gebruik van die spel korrek te verstaan en toe te pas.</li> </ul>				
<b>Metode van aflewing:</b> Voltyds				
<b>Assesseringsmetodes:</b>	50 : 50			
<b>Modulekode:</b> MBXG221 OF MBXH221 OF MBXK221 OF MBXR221	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-Vlak: 6</b> <b>Krediete: 8</b>		
<b>Titel:</b>	Afrigtingskunde in Gimnastiek OF Hokkie OF Krieket OF Rugby			
<b>Module-uitkomste:</b> Met die voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om die volgende te demonstreer: <b>Gimnastiek</b> <ul style="list-style-type: none"> <li>• detail teoretiese en praktiese kennis en tegnieke om effektiwe afrigtingsmetodes vir kinders te lewer;</li> <li>• effektiwe funksionering binne die konteks van gimnastiek;</li> <li>• logiese en kritiese begrip van die rolle van alle komponente van gimnastiek om sodoende probleme op te los;</li> <li>• etiese en professionele gedrag te openbaar teenoor gimnaste, afrigters en ander personeellede</li> </ul> <b>Hokkie</b> <ul style="list-style-type: none"> <li>• detail teoretiese en praktiese kennis en tegnieke om effektiwe afrigtingsmetodes vir kinders te lewer;</li> <li>• effektiwe funksionering binne die konteks van hokkie;</li> <li>• logiese en kritiese begrip van die rolle van alle komponente van hokkie om sodoende probleme op te los;</li> <li>• etiese en professionele gedrag te openbaar teenoor hokkiespelers, afrigters en ander personeellede</li> </ul> <b>Krieket</b> <ul style="list-style-type: none"> <li>• detail teoretiese en praktiese kennis en tegnieke om effektiwe afrigtingsmetodes vir kinders te</li> </ul>				

	<p>lewer;</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• effektiewe funksionering binne die konteks van krieket;</li> <li>• logiese en kritiese begrip van die rolle van alle komponente van krieket om sodoende probleme op te los;</li> <li>• etiese en professionele gedrag te openbaar teenoor kriketspelers, afrigters en ander personeellede</li> </ul>
<b>Rugby</b>	
	<ul style="list-style-type: none"> <li>• detail teoretiese en praktiese kennis en tegnieke om effektiewe afrigtingsmetodes vir kinders te lewer;</li> <li>• effektiewe funksionering binne die konteks van rugby;</li> <li>• logiese en kritiese begrip van die rolle van alle komponente van rugby om sodoende probleme op te los;</li> <li>• etiese en professionele gedrag te openbaar teenoor rugbyspelers, afrigters en ander personeellede</li> </ul>
<b>Metode van aflewering:</b>	Voltyds
<b>Assesseringsmetodes:</b>	50 : 50
<b>Modulekode:</b> <b>MBXK124</b>	<b>Semester 2</b>
	<b>NKR-Vlak: 5</b>
	<b>Krediete: 12</b>
<b>Titel:</b>	Generiese Sportafrigtingskunde
<b>Module-uitkomste:</b>	
Met die voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om die volgende te kan doen:	
<ul style="list-style-type: none"> <li>• basiese kennis en ingeligte begrip oor sportafrigting;</li> <li>• in staat wees om tegniese sportvaardighede te leer deur effekief te kommunikeer met 'n groep;</li> <li>• identifiseer tekortkominge wat kan voorkom as belangrike veranderlikes binne afrigting;</li> <li>• implementeer die korrekte aksieplanne om die tekortkominge binne afrigting aan te spreek;</li> <li>• basiese kennis wat verband hou met etiese gedrag binne afrigting</li> </ul>	
<b>Metode van aflewering:</b>	Voltyds
<b>Assesseringsmetodes:</b>	50 : 50
<b>Modulekode:</b> <b>MBXR112</b>	<b>Semester 1</b>
	<b>NKR-Vlak: 5</b>
	<b>Krediete: 12</b>
<b>Titel:</b>	Supplementasie en Ergogeniese middels
<b>Module-uitkomste:</b>	
Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:	
<ul style="list-style-type: none"> <li>• te kan onderskei tussen die verskillende kategorieë van ergogeniese middels;</li> <li>• te onderskei tussen wettige en onwettige middels in sport;</li> <li>• verslag te doen oor die etiese aspekte rakende die gebruik van ergogeniese middels in sport;</li> <li>• breedvoerig die verskillende produkte te kan bespreek wat sportlui as supplementasie gebruik;</li> <li>• sekere definisies met betrekking tot supplementasie in sport te kan weergee.</li> </ul>	
<b>Metode van aflewering:</b>	Voltyds
<b>Assesseringsmetodes:</b>	50 : 50
<b>Modulekode:</b> <b>MBXR114</b>	<b>Semester 1</b>
	<b>NKR-Vlak: 5</b>
	<b>Krediete: 12</b>
<b>Titel:</b>	Basiese Anatomie en Energiesisteme
<b>Module-uitkomste:</b>	
Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:	
<ul style="list-style-type: none"> <li>• die verskillende begrippe wat in anatomie gebruik word te kan definieer en toepas in die identifisering en beskrywing van die verskillende skeletale en muskulêre strukture;</li> <li>• die anatomiese strukture van die verskillende bene (skeletale sisteem) en gewrigte (artikulêre sisteem) sowel as primêre spiere (muskulêre sisteem) skriftelik en mondelings te kan noem en identifiseer;</li> <li>• te verstaan hoe die verskillende fisiologiese prosesse in die liggaam by korttermyn- en langtermynoefening aanpas deur na die inoefening van die verskillende energiesisteme te verwys.</li> </ul>	
<b>Metode van aflewering:</b>	Voltyds
<b>Assesseringsmetodes:</b>	50 : 50

<b>Modulekode:</b> <b>MBXR214</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-Vlak: 6</b> <b>Krediete: 8</b>		
<b>Titel:</b>	Sportfisiologie in Praktyk			
<b>Module-uitkomste:</b>				
Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:				
• besondere kennis en begrip te demonstreer van feite, sleutelterme, beginsels, reëls en teorieë van obesiteit, weerstand en interval werk asook van oefningsapparate en -tegnieke;				
• vaardighede te demonstreer om kennis, metodes en tegnieke op eties verantwoordelike wyse toe te pas om die voorkoms van obesiteit te identifiseer en moontlike fisiologies gefundeerde oplossings te formuleer en gewigsverliesprogramme te ontwikkel om die gewenste resultate te lewer;				
• vermoë te demonstreer om sportfisiologiese probleme te identifiseer, te analyseer en evalueer en dan op verantwoordbare wyse wetenskaplike kennis en vaardighede toe te pas om oplossings binne die kondisioneringsprogram te kan voorstel en implementeer om sportprestasie te bevorder;				
• resultate en voorstelle op verantwoordelike, betroubare en akkurate wyse skriftelik, mondelings en/of deur demonstrasies te kommunikeer.				
<b>Metode van aflewing:</b>	Voltyds			
<b>Assesseringsmetodes:</b>	50 : 50			
<b>Modulekode:</b> <b>MBXR216</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-Vlak: 6</b> <b>Krediete: 16</b>		
<b>Titel:</b>	Spelanalises en –voorbereiding			
<b>Module-uitkomste:</b>				
Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:				
• onderskeid te tref tussen die verskillende wedstrydplanne;				
• spelanalises te kan doen en die resultate daarvan te kan interpreteer;				
• in die lig van bogenoemde analises vir sy eie span die mees gesikste wedstrydplan saam te stel en dan sy span diensooreenkomsig fisiek en takties voor te berei.				
<b>Metode van aflewing:</b>	Voltyds			
<b>Assesseringsmetodes:</b>	50 : 50			
<b>Modulekode:</b> <b>MBXR217</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-Vlak: 6</b> <b>Krediete: 8</b>		
<b>Titel:</b>	Sportbestuur			
<b>Module-uitkomste:</b>				
Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:				
• toepaslike feitekennis met betrekking tot bestuurstake in sport te kan toepas;				
• verskeie definisies met betrekking tot sportbestuur te ken en kan weergee;				
• bestuurs kommunikasievaardighede prakties en teoreties te kan weergee;				
• 'n finansiële bestuurstelsel van 'n sportklub te kan verstaan en self te ontwikkel.				
<b>Metode van aflewing:</b>	Voltyds			
<b>Assesseringsmetodes:</b>	50 : 50			
<b>Modulekode:</b> <b>MBXR218</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-Vlak: 6</b> <b>Krediete: 16</b>		
<b>Titel:</b>	Sportkommersialisering, Sportontwikkeling en Sportreg			
<b>Module-uitkomste:</b>				
Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:				
<b>Sportkommersialisering</b>				
• die definisie van sportkommersialisering te verstaan en kan verduidelik;				
• strategiese bemarkingsbestuur te kan ontleed, verstaan en toepas;				
• 'n sportbemarkingsplan ten volle te kan ontwikkel en implementeer;				
• te bepaal en te verstaan wat die verskillende gedragspatrone van die sportverbruiker is;				
• marksegmentering te kan definieer en verduidelik, asook die strategieë en taktieke;				
• die sportproduk, promosies, verkope en prys strategieë te verstaan en effekief toe te pas.				
<b>Sportontwikkeling</b>				
• faciliteite vir sportontwikkeling te kan bestuur;				
• 'n volledige sessie te kan beplan, uitwerk en toepas met die kinders;				

- 'n klub te kan stig;
- die sportstrukture van Suid-Afrika te verstaan.

#### **Sportreg**

- die wet te kan toepas op sport met inagneming van die algemene wet, kriminele wet en siviele wet;
- te verstaan hoe 'n klub/assosiasie/ongeaffilieerde assosiasie se konstitusie volgens die wetlike aspekte ontstaan en opgestel word;
- te weet wat sê die wet oor beserings tydens wedstryde tussen twee of meer partye, dissiplinäre prosesse en wie die verantwoordelike persone is tydens byeenkomste/ toernooie;
- kennis aangaande handelsmerke en hul wetlike aspekte soos kopiereg, patente reg en etiese konsepte ten volle te verstaan;
- 'n persoon in diens te neem volgens die riglyne van die wet op arbeidsverhoudinge en 'n kontrak op te stel met al die wetlike spesifikasies.

<b>Metode van aflewering:</b>	Voltyds	
<b>Assesseringsmetodes:</b>	50 : 50	
<b>Modulekode:</b> <b>MBXR219</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-Vlak: 6</b> <b>Krediete: 8</b>
<b>Titel:</b>	Sportorganisasie en –administrasie	

#### **Module-uitkomste:**

Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:

- kennis en vaardighede van menslike beweging te integreer met beginsels van rekreasie en avontuurpraktyke wat vir sport, gesondheid en menslike ontwikkeling toepaslik is in die verwerwing van toegepaste bevoegdhede deur probleemoplossing, uitvoering van projekte, hantering van lewenswerklike gevalle studies en praktykgerigte scenario's;
- individuel of in groepe bewysgedreve interpretasie deur analise, sintese en evaluering aan navorsingsresultate te kan heg deur dit teoreties te kan fundeer en dit met behulp van IT skriftelik en mondeling te kan kommunikeer aan leke en professionele gehore;
- dit te kan demonstreer dat in die bereiking van uitkomste, die beredenerings en kommunikasie gebaseer is op 'n suwer wêrelde- en mensbeskouing en 'n gevestigde waardesistem.

<b>Metode van aflewering:</b>	Voltyds	
<b>Assesseringsmetodes:</b>	50 : 50	
<b>Modulekode:</b> <b>MKBN121</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-Vlak: 5</b> <b>Krediete: 12</b>
<b>Titel:</b>	Mikrobiologie vir Verpleegkunde	

#### **Module-uitkomste:**

Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:

- 'n oorsig van prokariotiese en eukariotiese selstrukture en selfunksie, mikrobiële diversiteit en die beheer van mikroörganismes deur fisiese en chemiese middels te kan gee;
- verskillende aspekte rakende infektiwe siektetoestande wat deur die belangrikste bakterieë, fungi, virusse en protozoë veroorsaak word te kan bespreek;
- kundigheid ten opsigte van die spesifieke en nie-spesifieke mekanisme van die gasheer se verdediging teen infektiwe siektes te demonstreer.

<b>Metode van aflewering:</b>	Voltyds	
<b>Assesseringsmetodes:</b>		
<b>Modulekode:</b> <b>MKBX213</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-Vlak: 6</b> <b>Krediete: 8</b>
<b>Titel:</b>	Mikrobiologie vir Voedsel en Voeding	

#### **Module-uitkomste:**

Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:

- u kennis met betrekking tot die Mikrobiologiese aspekte van laboratoriumtegnieke, voedselvoorbereiding en -berging, asook die mikrobiologiese veiligheid van voedsel op 'n geselekteerde wyse te demonstreer;
- basiese laboratoriumtegnieke wat in 'n Mikrobiologiese laboratorium gebruik word, toe te pas;
- u vaardighede met betrekking tot elementêre navorsingstegnieke, groepwerk, die skryf van verslae en probleemoplossing deur middel van gevallenstudies te toon.
- streng etiese beginsels in alle omstandighede te handhaaf en deurgaans respek vir lewe te toon.

<b>Metode van aflewing:</b>	Voltyds					
<b>Assesseringsmetodes:</b>						
<ul style="list-style-type: none"> <li>'n Minimum van 40% word vereis om die geskrewe evaluering te slaag.</li> <li>Die modulepunt word uit die formatiewe en summatiewe assessering in die verhouding van 1:1 verwerk.</li> <li>'n Minimum van 50% word vereis om die module te slaag.</li> </ul>						
<b>Modulekode:</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-Vlak: 5</b>	<b>Krediete: 12</b>			
<b>MKPN111 [G413P]</b>	<b>Titel:</b> Mikrobiologie vir Farmasie					
<b>Module-uitkomste:</b>						
Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:						
<ul style="list-style-type: none"> <li>'n oorsig van prokariotiese en eukariotiese selstrukture en selfunksie, mikrobiese diversiteit en die beheer van mikroörganismes deur fisiese en chemiese middels te kan gee.</li> <li>kundigheid ten opsigte van mikrobiese patogeniteit en epidemiologie sowel as die spesifieke en nie-spesifieke meganismes van die gasheer se verdediging teen infektiewe siektes te demonstreer.</li> <li>die kliniese syndrome van spesifieke mikrobiese infektiewe siektes, diagnose, voorkoming en behandeling van spesifieke mikrobiese infektiewe siektes te kan bespreek</li> </ul>						
<b>Metode van aflewing:</b>	Voltyds					
<b>Assesseringsmetodes:</b>	Pk 1x2 uur					
<b>Modulekode:</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-Vlak: 6</b>	<b>Krediete: 8</b>			
<b>MKPN211 (G412P)</b>	<b>Titel:</b> Mikrobiologie vir Farmasie					
<b>Module-uitkomste:</b>						
Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:						
<ul style="list-style-type: none"> <li>'n oorsig van prokariotiese en eukariotiese selstrukture en selfunksie, mikrobiese diversiteit en die beheer van mikroörganismes deur fisiese en chemiese middels te kan gee.</li> <li>kundigheid ten opsigte van mikrobiese patogeniteit en epidemiologie sowel as die spesifieke en nie-spesifieke meganismes van die gasheer se verdediging teen infektiewe siektes te demonstreer.</li> <li>die kliniese syndrome van spesifieke mikrobiese infektiewe siektes, diagnose, voorkoming en behandeling van spesifieke mikrobiese infektiewe siektes te kan bespreek</li> </ul>						
<b>Metode van aflewing:</b>	Voltyds					
<b>Assesseringsmetodes:</b>						
<b>Modulekode:</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-Vlak: 7</b>	<b>Krediete: 16</b>			
<b>NFSY311</b>	<b>Titel:</b> Voeding en voedsel sekuriteit					
<b>Module-uitkomste:</b>						
Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:						
<ul style="list-style-type: none"> <li>'n gedetailleerde kennis van die konsepte en aspekte wat verwant hou met voedsel en voeding (nutriënt)-sekuriteit;</li> <li>'n gedetailleerde kennis en verstaan van die instrumente wat gebruik word om voedsel en voeding-sekuriteit te assesseer en te analiseer;</li> <li>die vermoë om die geskikte metodes te identifiseer, te evaluateer, te selekteer en toe te pas in die proses om die beste strategieë vir voedsel en voeding-sekuriteit te ondersoek en te ontwikkel; en</li> <li>die vermoë om effektiel saam te werk in 'n span en om 'n etiese verantwoordbare benadering ten toon te stel om die gestelde uitkomste van die relevante module te bereik.</li> </ul>						
<b>Metode van aflewing:</b>	Voltyds					
<b>Assesseringsmetodes:</b>	Sien studiegids					
<b>Modulekode:</b>	<b>Semester 1 &amp; 2</b>	<b>NKR-Vlak: 8</b>	<b>Krediete: 24</b>			
<b>NPCM471</b>	<b>Titel:</b> Voedingpraktyk vir gemeenskappe					
<b>Module-uitkomste:</b>						
Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:						
<ul style="list-style-type: none"> <li>Beide as individu en as lid van 'n span, vanuit 'n gevestigde waardestelsel 'n deeglike vermoë te toon om die dietekundige probleme en behoeftes van groepe en individue binne die gemeenskap te</li> </ul>						

assesseer en te ontleed;
• 'n Vermoe te toon vir die ontwikkeling, ontwerp, implementering, monitering en evaluering van 'n gesikte intervensieprogram binne die gemeenskap;
• Toepaslike opvoekundige riglyne te gebruik om interaktiewe kontaksessies vir kwesbare groepe persone in 'n gemeenskap te beplan, te faciliteer deur gesikte hulpbronne te gebruik, en te evalueer deur middel van spesifieke kriteria;
• Bewys te lewer van 'n eties verantwoordelike benadering tot die bestuur en implementering van gemeenskapsvoedingsdienste en -programme.

<b>Metode van aflewing:</b>	Voltyds	
<b>Assesseringsmetodes:</b>	Sien studiegids	
<b>Modulekode:</b> NPPM471	<b>Semester 1 &amp; 2</b>	<b>NKR-Vlak: 8</b> <b>Krediete: 24</b>
<b>Titel:</b>	Voedingbeleid, programmering en bestuur	

<b>Module-uitkomste:</b>
Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:
• Beide as individu en as lid van 'n span, vanuit 'n gevestigde waardestelsel grondige kennis en begrip van die nasionale voedingsbeleid, riglyne, en die Geïntegreerde Voedingsprogram te toon;
• Die vermoë te toon om as deel van 'n multi- en interdisiplinêre groep deel te vorm van die ontwikkeling van 'n voedsel- en voedingsbeleid vir die distrik; insluiting en implementering van interne en eksterne beleid in bestuur;
• Dieetkundige epidemiologiese gegewens en ander tersaaklike data te gebruik vir die vasstelling van kritiese kwessies tydens die beplanning, ontwerp, monitering en evaluering van gesikte prosesse om voeding in die distrik te verbeter;
• Praktiese vaardighede te toon om die gereedskap van die Distriksgesondheids-inligtingstelsel (DGIS) sagteware-program tot sy volle potensiaal te gebruik ten einde die gehalte van data, aanduiders, verslae en terugvoer te verbeter; Die vermoë te toon om toegang te verkry tot die opleidingsbehoeftes van individue en/of groepe binne gemeenskappe/instellings wat by voedingsdienslewering en die ontwikkeling van gesikte opvoekundige programme betrokke is.

<b>Metode van aflewing:</b>	Voltyds	
<b>Assesseringsmetodes:</b>	Sien studiegids	
<b>Modulekode:</b> NPRG321	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-Vlak: 7</b> <b>Krediete: 16</b>
<b>Titel:</b>	Voedingprogrammering	

<b>Module-uitkomste:</b>
Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:
• 'n omvattende en sistematiese kennis en begrip van die voedingsprogrammeringsproses kan demonstreer;
• omvattende kennis en begrip van die suksesfaktore in voedingsprogrammering kan demonstreer; en
• omvattende kennis en begrip kan demonstreer van die relevante en toepaslike intervensies in Suid-Afrika om voedingsprobleme op te los.

<b>Metode van aflewing:</b>	Voltyds	
<b>Assesseringsmetodes:</b>	Pk 1 x 3 uur 1 : 1	
<b>Modulekode:</b> NTPH411	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-Vlak: 8</b> <b>Krediete: 16</b>
<b>Titel:</b>	Voeding in openbare gesondheid	

<b>Module-uitkomste:</b>
Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:
• Omvattende begrip te toon van die benadering tot openbare gesondheid, konsepte en gebruikte om strategieë te ontwikkel om spesifieke voedingsverwante siektes te voorkom en te bestuur/beheer;
• Omvattende begrip te toon van die ingewikkelde verwantskappe tussen voeding en gesondheid, beide onder- en oorvoeding.
<b>Metode van aflewing:</b>

<b>Metode van aflewing:</b>	Voltyds
<b>Assesseringsmetodes:</b>	Sien studiegids

<b>Modulekode:</b> NUTB111	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-Vlak: 5</b> <b>Krediete: 12</b>		
<b>Titel:</b>	Inleiding tot die professies			
<b>Module-uitkomste:</b>				
Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:				
• uit die perspektief van 'n gevestigde etiese waardestelsel deeglike kennis en insig met betrekking tot die professionele vaardighede van 'n gekwalifiseerde dieetkundige en voedingkundige kan demonstreer wanneer die relevante wette en regulasies van die Health Professions Council of South Africa toegepas word om die vernaamste loopbaanpaaie van die beroepe te identifiseer en daaraan deel te neem;				
• as individu of as deel van 'n groep eenvoudige lewensegte situasies en probleme met betrekking tot die gedragkode vir professionele voedingkundiges en/of dieetkundiges, asook die gesondheidsprobleme eie aan die Suid-Afrikaanse bevolking, kan identifiseer, ontleed en evalueer en aanbevelings maak of oplossings daarvoor bied; en				
• wetenskaplike inligting oor etiese gedrag, privaat praktyk en lewenslange leer kan versamel, evalueer en integreer in 'n verslag wat aan die toepaslike formaat en konvensies van die dissipline voldoen, en dit ook mondeling aan 'n gehoor kan oordra.				
<b>Metode van aflewing:</b>	Voltyds			
<b>Assesseringsmetodes:</b>	Sien studiegids			
<b>Modulekode:</b> NUTB112	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-Vlak: 5</b> <b>Krediete: 12</b>		
<b>Titel:</b>	Inleiding tot voeding			
<b>Module-uitkomste:</b>				
Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:				
• voedingstatus en die gepaardgaande gesondheidsrisikos te evalueer				
• die voedingstoereikendheid van 'n dieet te evalueer en raad te gee om die voedings-toereikendheid daarvan te optimaliseer				
• om 'n balanseerde dieet vir die algemene publiek te beplan				
• 'n etiese benadering te toon ten opsigte van die beplanning en analisering van dieetplanne				
<b>Metode van aflewing:</b>	Voltyds			
<b>Assesseringsmetodes:</b>	Sien studiegids			
<b>Modulekode:</b> NUTB121	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-Vlak: 5</b> <b>Krediete: 12</b>		
<b>Titel:</b>	Nutriënte			
<b>Module-uitkomste:</b>				
Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:				
• gedetailleerde kennis en begrip te demonstreer van die fisiese en chemiese aard van koolhidrate, metaboliese funksies en gesondheidseffekte daarvan; voedselbronne van vetsure van verskillende kettinglengtes en die fisiologiese effekte daarvan; die vervoer van lipide in die bloed; proteinbronne; mikronutriënte; funksionele voedsels en fitochemikalieë;				
• vaardighede te demonstreer om dieetprobleme te identifiseer en analiseer, diëte te analiseer en evalueer, om onbekende probleme soos in lewenswerklike gevalliestudies aangebied, te kan oplos, ondersteun deur toepassing van gepaste reëls, beginsels en teorieë;				
• effektiel en eties as individu of as lid van 'n span voorstelle en resultate aan portuurgroepes en professionele gehore mondelinge te kommunikeer met behulp van relevante IT en skriftelik in verslagvorm, wat aan voorgeskrewe standaarde beantwoord.				
<b>Metode van aflewing:</b>	Voltyds			
<b>Assesseringsmetodes:</b>	Sien studiegids			
<b>Modulekode:</b> NUTB211	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-Vlak: 6</b> <b>Krediete: 16</b>		
<b>Titel:</b>	Voeding tydens die lewensiklus			
<b>Module-uitkomste:</b>				
Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:				
• breedvoerige kennis en 'n duidelike begrip te toon van die fisiologiese en sosiologiese faktore wat voedingsbehoeftes en -inname tydens die lewensiklus beïnvloed, asook hoe hierdie kennis verband				

<p>hou met die ontwikkeling en lewenskwaliteit van individue en groep tydens die verskillende fases van die lewenssiklus;</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>voedingstoereikendheid van verskillende diëte te analiseer en evalueer vir gesonde volwassenes, bejaarde, swangervrouens, laktende moeders, babas, jong kinders, skoolgaande kinders, adolessente en aktiewe individue;</li> <li>praktiese aanbevelings te maak volgens die riglyne en professionele praktyksomvang, vir individue of groepe in verskillende fases van die lewenssiklus om hul voedingstatus te optimaliseer;</li> <li>die groeipatrone van babas, jong kinders en skoolgaande kinders te evalueer en te interpreteer en die bevindinge in 'n logiese en professionele wyse te kommunikeer.</li> </ul>						
<b>Metode van aflewing:</b>	Voltyds					
<b>Assesseringsmetodes:</b>	Sien studiegids					
<b>Modulekode:</b> NUTB311	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-Vlak:</b> 7	<b>Krediete:</b> 24			
<b>Titel:</b>	Voeding: lewenstylsiektetoestande vir voeding					
<b>Module-uitkomste:</b>						
Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:						
<ul style="list-style-type: none"> <li>Selfversekerheid te toon oor die aard, etiologie, simptome, kliniese beeld, patologie, diagnoses van en medikasie vir siektes met dieetkundige implikasies;</li> <li>gevallestudies te evalueer om bewys te lever van praktiese en teoretiese vaardighede rakende die verband tussen siektes, medisyne, die spysverteringstelsel en voedingstof-wisselwerking;</li> <li>'n dieet te ontwikkel of aan te pas ten einde 'n verwante siekte te monitor of te beheer;</li> <li>die waarde van 'n spesiaal ontwerpde dieet vir die prognose en beheer van spesifieke kwale te kan motiveer en evalueer;</li> <li>vanuit 'n eties verantwoordelike raamwerk op alle vlakke van funksionering met siek en gesonde pasiënte/kliënte te kommunikeer.</li> </ul>						
<b>Metode van aflewing:</b>	Voltyds					
<b>Assesseringsmetodes:</b>	Sien studiegids					
<b>Modulekode:</b> NUTC221	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-Vlak:</b> 6	<b>Krediete:</b> 8			
<b>Titel:</b>	Inleiding tot gemeenskapsvoeding					
<b>Module-uitkomste:</b>						
